

DIE VAALHARTS LANDBOUKOÖPERASIE BEPERK

DIE VAALHARTS LANDBOUKOÖPERASIE BEPERK

deur

HERBERT JAMES LOUIS DU TOIT - Honns-B.Comm.

SKRIPSIE AANGEBIED TER GEDEELTELIKE

VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR

DIE GRAAD

MAGISTER COMMERCII (EKONOMIE-BEDRYFSEKONOMIE)

in die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

LEIER: Prof. dr. F.J.J. Coetzee

Desember 1964

VOORAF

As 'n persoon wie op die platteland opgegroeï het en aan wie die landbou na aan die hart lê, het veral twee probleme my opgeval naamlik die probleem wat die boer ondervind ten opsigte van die afset van sy produkte en ten tweede die gebrek aan besigheidskennis by ons boerebevolking. Om hierdie rede was en is dit my begeerte om my bestaan op aarde te regverdig deur my beskeie deel tot die oplossing van hierdie probleme by te dra.

Gedurende my studiejare aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., waartydens ek met die Koöperasiewese as vak kennis gemaak het, is die aangewese rigting op my weg geplaas. Hiermee dus die eerste beskeie stap in die verwesenliking van my doel.

Aan God kom alle eer toe vir die leiding en vermoë wat Hy aan my, die nietige mens, gegee het om hierdie skripsie te kon aanpak en voltooi. Op Hom word vertrou vir leiding in die verdere uitvoering van die taak.

Aan Prof. Coetzee, my waardering vir die leiding aan my verleen tydens my jare van studie en veral my opregte dank vir die leiding by die daarstelling van hierdie skripsie. Ook aan Prof. Viljoen, as Dekaan van die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe en eksterne eksaminator, my dank vir die voorreg om 'n student van u te kon wees.

Aan die Hoofbestuurder en personeel van die Vaalharts Landboukoöperasie, wat te midde van hul daaglikse pligte, geen tyd en moeite ontsien het om inligting aan my beskikbaar te stel nie, my opregte dank en waardering. Sonder die waardevolle inligting deur u verskaf sou hierdie skripsie nie moontlik gewees het nie.

Aan mej. P.E. Meyer my dank vir die taalkundige versorging van hierdie werk en mev. A. Bouwer vir die tikwerk hieraan verbonde.

Ten slotte 'n spesiale woord van opregte dank en waardering aan my ouers vir hulp en morele ondersteuning tydens my studiejare.

I N H O U D S O P G A W E

	<u>Bladsy</u>
Voorwoord	i
Lys van Tabele	v
<u>HOOFSTUK I</u> <u>ALGEMENE INLEIDING</u>	1
<u>HOOFSTUK II</u> <u>DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN DIE MAAT-</u> <u>SKAPPY</u>	
1. Inleiding	4
2. Ontstaan en groei van Landboukoöperasies in Suid-Afrika	6
3. Vestiging van die Vaalharts Landboukoöperasie	
3.1 Inleiding	9
3.2 Die landboutoestand in die Nedersetting as aanleidende oorsaak tot die ontstaan van 'n koöperasie	10
3.3 Oprigting van die Vaalharts-landboukoöpera- sie	11
3.4 Verdere groei	13
3.5 Stigting van 'n dienskoöperasie	14
4. Samevatting	15
<u>HOOFSTUK III</u> <u>DIE BESTUUR EN ORGANISASIE VAN DIE</u> <u>MAATSKAPPY</u>	
1. Inleiding	17
2. Begripsbepaling	18
3. Bestuur van die maatskappy	20
3.1 Die aandeel van lede in die bestuur	21
3.2 Die raad van direkteure in die bestuur	24
3.3 Interne bestuur van die maatskappy	27
3.4 Die kontrole en personeelfunksie	29
3.4.1 Ouditering	29
3.4.2 Personeel en arbeid	30
3.5 Enkele ander instellings wat beheer oor die maatskappy kan uitoefen	32
3.5.1 Die Landbank	33
3.5.2 Die Beheerrade	34

	<u>Bladsy</u>
4. Die organisatoriese struktuur van die maatskappy	34
4.1 Die Rekeningkundige afdeling	35
4.2 Die Produkte-afdeling	39
4.3 Die Handelsafdeling	41
4.4 Enkele opmerkings	42
5. Administratiewe koste	43
6. Slot	45

HOOFSTUK IV DIE HANTERING VAN LANDBOUPRODUKTE

1. Inleiding	46
2. Die doelstellings van die maatskappy	47
3. Die versamelingsfunksie	48
3.1 Die organisasie van hierdie funksie	49
3.2 Produkte wat die maatskappy hanteer	50
3.3 Ontvangs van produkte by die depots	51
3.4 Enkele gegewens oor die inname van produkte	51
3.5 Opberging	53
3.6 Meganisasie	55
3.7 Enkele probleme by die inname van produkte	55
4. Verwerking van sekere produkte	56
4.1 Sorteër van grondbone	56
4.2 Vermaling van lusern	57
4.3 Kerf en pers van lusern- en hawerhooi onder hoë druk	58
5. Die afsetfunksie	59
6. Vergoeding aan produsente	62
7. Vervoer	63
8. Resultate van die Produkte-afdeling	64
9. Samevatting	66

HOOFSTUK V DIE VERSKAFFING VAN BOERDERYBENODIGD- HEDE EN DIENSTE

1. Inleiding	68
--------------------	----

	<u>Bladsy</u>
2. Die verskaffing van benodigdhede	69
2.1 Brandstof	73
2.2 Kunsmis	74
2.3 Saad	74
2.4 Sakke	75
2.5 Boerderybenodigdhede	76
2.6 Opmerkings	76
3. Lewering van spesifieke dienste	78
3.1 Bewerking van persele	79
3.2 Droogmaak van graan	80
3.3 Hersteldienste (Dienskoöperasie Beperk) ..	80
3.4 Diens deur aandele in ander koöperasies ..	81
4. Slotopmerking	82

HOOFSTUK VI FINANSIERING EN KREDIETBEHEER

1. Inleiding	85
2. Begripsbepaling	85
3. Die finansiering van landboukoöperasies in die algemeen	87
4. Die kapitaalbehoefte van die maatskappy	89
4.1 Die ekonomiese funksies wat die maatskappy verrig	90
4.2 Afnemers- en leweransierskrediet	92
4.3 Seisoenswisselinge	92
4.4 Beleid ten opsigte van huur van eiendom ..	93
4.5 Opmerkings	94
5. Kapitaalbronne	95
5.1 Interne bronne	95
5.1.1 Aandele as finansieringsmiddel	95
5.1.2 Die Ledeheffingsfonds	101
5.1.3 Reserwes	102
5.1.4 Lenings van lede	106
5.2 Eksterne bronne	107

		Bladsy
5.2.1	Die rol van die Landbank	107
5.2.2	Die Handelsbank	109
5.2.3	Handelskrediteure	109
5.3	Gevolgtrekkings	110
6.	Kredietbeheer	112
7.	Rekeningkundige ontleding van die maatskappy ..	114
8.	Samevatting	117
<u>HOOFSTUK VII</u>	<u>DIE HUIDIGE POSISIE EN BETEKENIS</u> <u>VAN DIE MAATSKAPPY</u>	
1.	Inleiding	119
2.	Die huidige posisie van die maatskappy	120
3.	Betekenis van die maatskappy	122
3.1	Betekenis vir die landseksonomie	123
3.2	Betekenis vir sy lede en omgewing	124
3.2.1	Ekonomies	124
3.2.2	Sosiaal-ekonomies	125
3.2.3	Sosiaal	125
3.2.4	Opvoedkundig	126
4.	Slot	126
<u>HOOFSTUK VIII</u>	<u>SAMEVATTING</u>	128
Byale A:	Uittreksels uit die Notule van die Stig- tingsvergadering	134
Bylae B:	Opgesomde Balansstate	135
LYS VAN AANGEHAALDE WERKE		137

LYS VAN TABELLE

	<u>Bladsy</u>
1. Toedeling van administratiewe kostes	44
2. Eetmarkgrondbone gesorteer	56
3. Landbouprodukte bemark	61
4. Waarde van syspore	64
5. Ontleding van die Produkte-afdeling	65
6. Omset in boerderybenodigdhede	76
7. Resultate van die Handelsafdeling	77
8. Ontleding van die Handelsafdeling	77
9. Die verhouding "eie" tot "vreemde" kapitaal by 'n paar groepe produsentekoöperasies	88
10. Die kapitaalbehoefte van die maatskappy	91
11. Totale kapitaal van die maatskappy	97
12. Die reserwes van die maatskappy	103
13. Landbanklenings deur die maatskappy gehou	108
14. Die persentasie bydrae van elke bron tot die totale kapitaal	111
15. Jaarlikse netto besparings beskikbaar vir verdeling	114
16. Verdeling van die surplusse	116
 Figuur 1. Totale hoeveelheid produkte bemark ..	 52

HOOFSTUK I

ALGEMENE INLEIDING

Die woord "koöperasie" is afgelei van die Latynse woord "oo-operari" wat "samerwerking" beteken. Samewerking word op verskillende terreine van die daaglikse lewe aangetref. In sy algemene betekenis veronderstel koöperasie die aksie van twee of meer persone (liggame, state, ens.) wat vrywillig saamwerk vir gemeenskaplike doelstellings of voordele.

Ons bepaal ons egter meer in besonder by koöperasie in so verre dit samewerking in die besigheidswêreld raak. Hierdie tipe koöperasie is 'n onderneming van individue wat vrywillig saamwerk. Sodanige onderneming word deur en vir rekening en op risiko van die leweransiers van die grondstowwe (byvoorbeeld landboukoöperasies) of die afnemers van die produk (byvoorbeeld verbruikerskoöperasies) geëksploiteer.

Vir die doel van hierdie studie let ons meer spesifiek op die aard van landboukoöperasies. "Landboukoöperasies is 'n vrywillige vorm van samewerking tussen groepe primêre produsente ter bevordering van die ekonomiese belang van elke boer wat saamwerk. Dit is 'n instelling met 'n eie regspersoonlikheid kragtens bepaalde wetgewing opgerig, wat gebaseer is op die beginsel van demokratiese beheer deur al sy lede en wat in al sy aktiwiteite gerig word deur die beginsel van dienslewering op 'n kostebasis aan elke lid, sodat enige besparing of voordeel wat daaruit voortvloei die lede toekom wat gebruik maak van die dienste. Landboukoöperasie is 'n besigheidsvorm van boere vir boere sonder winsbejag vir sigself as instelling."¹⁾

In Suid-Afrika word die vrywilligheidsbeginsel nie altyd konsekwent aanvaar nie aangesien die Minister, ingevolge die Wet

1) Brosjyre uitgegee deur die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Wat is Koöperasie. Pretoria, Staatsdrukker, 1961, p.3.

op Koöperatiewe Verenigings, 1939, die produsente van 'n bepaalde produk onder bepaalde omstandighede verplig om deur middel van 'n spesifieke koöperasie te bemark ten spyte van die feit dat sodanige produsente nie lede van die koöperasie is nie. In so 'n geval is 'n persoon ten opsigte van die lewering en verkoop van sy produk onderworpe aan al die voorwaardes en verpligtinge waaraan hy onderworpe sou gewees het indien hy 'n lid van die besondere vereniging of maatskappy was. (Vergelyk artikel 102 van Wet 29/1939.) Hy dra dus ook tot die gemeenskaplike rekeninge en voordeel van die lede by.

"Die universele ontstaansgrond vir landboukoöperasies is nood. Hierdie nood neem meesal die vorm aan van uitbuiting waardeur armoede ontstaan òf van wanorde òf van gebrek aan orde ten opsigte van die bemarking van landbouprodukte."²⁾ Dit was ook die geval in Suid-Afrika en die Bemarkingswet nr. 26/1937 het as belangrike spoorslag tot die verdere groei van die koöperatiewe beweging in die land gedien.

Dit blyk dus dat landboukoöperasies 'n besondere tipe onderneming is wat in wese van die winsonderneming verskil. Laasgenoemde streef na wins vir die ondernemer, dit wil sê rente op kapitaal. Die koöperasie daarenteen het ten doel besparings wat aan die lede besorg word in verhouding tot die mate waartoe elke lid van die koöperasie gebruik maak. Hier is dus geen sprake van winsverdeling op grond van kapitaalbelegging nie.

Die doel van hierdie skripsie is 'n kritiese studie van die werkzaamhede van die Vaalharts-landboukoöperasie³⁾ as 'n koöperatiewe onderneming. Die mate waartoe die betrokke koöperasie gesonde koöperatiewe en bedryfsekonomiese beginsels nastreef, word nagegaan en by die opstel daarvan word van die empiries-

2) Ibidem

3) Hierna sal die Vaalharts-landboukoöperasie die maatskappy genoem word.

analitiese metode van ondersoek gebruik gemaak. Met verantwoordelike amptenare van die maatskappy is onderhoude gevoer;⁴⁾ boeke, finale rekeninge, rapporte, ensovoorts is nagegaan en depots is besoek waar alle aktiwiteite en verwerkingsprosesse ondersoek is. Tensy anders vermeld, is alle inligting uit bogenoemde bronne verkry. Alle aanhalings van "artikels" verwys na die statuut van die maatskappy tensy anders vermeld.

Om 'n duidelike beeld van die maatskappy te gee, word die skripsie soos volg ingedeel: In hoofstuk II word die ontstaan en groei van die maatskappy weergegee. Hoofstuk III is 'n studie van die beheer, bestuur en organisasie van die maatskappy ooreenkomstig koöperatiewe organisasie. In hoofstuk IV en V word die ekonomiese werksaamhede van die maatskappy geskets en in hoofstuk VI die finansieringsprobleem behandel. Hoofstuk VII word gewy aan die betekenis van die maatskappy vir die landseksonomie as geheel en veral vir die lede en omgewing van die koöperasie. Ten slotte word in hoofstuk VIII 'n samevatting van die inhoud van die studie gegee.

4) 'n Onderhoud is ook met die oud-hoofbestuurder, mnr. Basson, gevoer.

HOOFSTUK II

DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN DIE MAATSKAPPY

1. Inleiding

Die ontstaan van enige tipe stigting is die gevolg van individuele ontstaansgronde wat eie is aan die besondere tipe. Die doel van 'n stigting kan wees om diens te lewer of 'n bestaande diens meer ekonomies te verrig, om wins te maak, om 'n bepaalde doel te bereik (wat nie noodwendig ekonomies van aard hoef te wees nie), ens. Wat ook al die aard van die beoogde stigting mag wees, blyk dit dat behoefte dikwels 'n belangrike ontstaansfaktor is — dikwels die enigste, maar soms verstrengel met ander.

Aangesien daar by voornemende lede 'n behoefte aan diens en samewerking bestaan, word daar by die daarstelling van 'n koöperatiewe onderneming gepoog om diens te lewer. Indien hierdie oorweging nie bestaan nie, kan die koöperasie weens gebrek aan ondersteuning nie bestaan nie.

Die bestaan van 'n behoefte alleen is egter nie genoeg om van 'n nuwe koöperasie 'n sukses te maak nie. Die volgende faktore speel ook 'n belangrike rol in die bepaling van die uiteindelijke sukses daarvan:

- (i) Redelike vooruitsigte op ekonomiese sukses. Dit is 'n baie belangrike vereiste vir die ontstaan en voortbestaan van die onderneming. Aangesien die koöperasie nie met nie-lede mag handel dryf nie, hang die sukses daarvan in baie groot mate af van die ondersteuning van diegene ten behoewe van wie die onderneming daargestel is. Dit is dus noodsaaklik dat daar by hierdie groep 'n behoefte vir die daarstelling van 'n koöperasie bestaan.

- (ii) Daarbenewens moet lede ook van die koöperatiewe beginsels bewus wees. Die groot probleem waarmee koöperasies in Suid-Afrika te kampe het, is die feit dat lede hul koöperasie slegs gebruik indien hulle nie elders geholpe kan raak nie. Ten einde hierdie ontrouheid uit te skakel, is voortdurende en intensiewe koöperatiewe opvoeding van lede nodig. Lede moet te alle tye bereid wees om aan hulle koöperasie die ondersteuning te gee waarop hy geregtig is.
- (iii) Daar moet vasgestel word wat die kapitaalbehoeftes van die onderneming sal wees ten einde die doelstellings daarvan te kan uitvoer, en hoe hierdie kapitaal verkry kan word. Die probleem van finansiering word afsonderlik behandel.
- (iv) Mededinging tussen koöperasies word sover moontlik uitgeskakel. Die stigting van nuwe koöperasies en hul takke en depots, waarvan die belange mag bots, word gekontroleer deurdat registrasie van takke en depots ingevolge 'n Wysigingswet op Koöperatiewe Verenigings, nr. 44/1960, verpligtend gemaak is. Ingevolge dieselfde wetswysiging kan die doelstellings of werksaamhede van 'n koöperasie beperk word in gevalle waar die Minister meen dat sommige van die doelstellings of werksaamhede by 'n bepaalde plek deur 'n ander vereniging of maatskappy wat alreeds bestaan of wat gestig staan te word, of 'n tak of depot daarvan, tot groter voordeel van alle belanghebbendes uitgevoer kan word (Artikel 105 van die Wet). Dit word bereik deur oorvleuelingsooreenkomste wat deur die koöperasies onderling aangegaan word.
- (v) Van koöperasies word verwag om sover moontlik krediettransaksies met lede te vermy of tot 'n absolute minimum te beperk.

Die idee is om gesonde koöperatiewe ondernemings daar te stel wat reg sal laat geskied aan die koöperatiewe struktuur en beginsels, ten einde die bestaan daarvan te regverdig. 'n Gesonde fondament is noodsaaklik vir gesonde groei en voortbestaan.

In hierdie hoofstuk word die ontstaan en groei van die Landboukoöperatiewe-beweging in Suid-Afrika kortliks nagegaan ten einde 'n algemene oorsig te verkry. Ook die ontstaan, stigting en groei van die Vaalharts-landboukoöperasie word bestudeer en in 'n latere hoofstuk word nagegaan in welke mate die maatskappy sy oprigting en bestaan regverdig.

2. Ontstaan en groei van landboukoöperasies in Suid-Afrika

Sover vasgestel kan word was 'n verbruikersvereniging te wete die "Pietermaritzburg Co-operative Society Ltd." wat in 1892 gestig is,¹⁾ die eerste koöperatiewe onderneming in Suid-Afrika. Natal was die voorloper wat landboukoöperasies betref en die "Natal Creamery Limited", (tans die "National Co-operative Dairies") is omstreeks 1900 gestig.²⁾ Beide pogings is deur Britse immigrante geïnspireer en die "Rochdale"-voorbeeld het 'n sterk invloed daarop gehad.

Die eerste daadwerklike pogings ter bevordering van koöperasies in Suid-Afrika het gekom van die kant van die Kaapse Koloniale Regering wat lenings aan landboukoöperasies beskikbaar gestel het. Om die idee van koöperasie te bevorder, is 'n sekere mnr. Hannon uit Ierland as Superintendent van landboukoöperasies in die provinsie aangestel.³⁾ Die beweging het egter ook spoedig na die ander twee provinsies uitgebrei met die gevolg dat dit binne enkele jare 'n landwyse beweging geword het. Tot 1910 het die beweging in die vier provinsies afsonderlik ontwikkel en elke

1) Coetzee, F.J.J.: Landboukoöperasies in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, Drukkerij "Luctor et Emergo", 1957, p.32.

2) Van Rensburg, H.C.J.: Koöperasie in Suid-Afrika. Pretoria, Staatsdrukker, 1964, p.9.

3) Coetzee, F.J.J.: a.w., p.33.

provinsiale owerheid het sy eie pogings aangewend tot ondersteuning daarvan. So vind ons dan die stigting van die Transvaalse Landbank in 1907 wat ook lenings aan landboukoöperasies kon toestaan. Die eerste vorm van koöperatiewe wetgewing het in 1908 plaasgevind en het tot gevolg gehad die aanstelling van 'n Registrateur van Koöperatiewe Verenigings⁴⁾ wat beheer oor koöperasies in die provinsie sou uitoefen. Hierdie wet is in 1910 deur die Vrystaat oorgeneem.⁵⁾ In Natal word die Natalse Landbouontwikkelingswet in 1904 gepasseer waardeur lenings aan landboukoöperasies toegestaan kon word.⁶⁾

Besondere kenmerke van die beweging tot op daardie stadium was die feit dat koöperasies in al die provinsies onder die Maatskappywette geregistreer moes word; dat die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid nog algemeen gegeld het en dat die onderskeie owerhede 'n groot rol in die ontwikkeling van die beweging gespeel het. Juis hierdie inmenging deur die owerhede word as een van die redes vir sommige van die vroeë mislukkings beskou⁷⁾ daar dit nie spontaan ontwikkel het nie.

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is die pogings meer gesentraliseer. In 1912 is die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, wat ook die finansiering van landboukoöperasies in al vier die Provinsies sou onderneem, in die lewe geroep. Uniale wetgewing na 1920 sou ook tot 'n verandering in die wese en struktuur van koöperasies lei. Wet 28/1922⁸⁾ het alle koöperasies onder beheer van die sentrale owerheid geplaas en die beginsel van beperkte aanspreeklikheid is aanvaar. Die Wet het ook vir registrasie, beheer en inspeksie van koöperasies voorsiening gemaak. Dit het tot gevolg gehad dat die Registrateurskantoor in die lewe geroep is wat vandag nog 'n groot rol

4) Coetzee, F.J.J.: a.w., p.34.

5) Idem p.35.

6) Idem p.33.

7) Idem p.34.

8) Idem p.41.

in die voortbestaan van 'n gesonde koöperatiewe beweging speel. Met die aanname van die Bemerkingswet nr. 26/1937, is die funksies van landboukoöperasies vergemaklik aangesien sommige sedert daardie tyd slegs as agente van die onderskeie beheerrade opgetree het. As gevolg van hierdie verpligte "eenkanaal-bemarking" is koöperasies se besigheidsomvang verseker, wat groter stabiliteit meegebring het.

Deur middel van verskeie wette is die struktuur van landboukoöperasies met verloop van tyd verander. Waar ons gedurende die beginjare slegs plaaslike koöperasies aangetref het, het die Wet van 1922 ook vir sentrale en federale koöperasies voorsiening gemaak. Spesiale boere koöperasies kan onder die huidige Wet nr. 29/1939, in die lewe geroep word.

Die periode 1900 tot 1964 word gekenmerk deur verskillende faktore wat tot die ontwikkeling van landboukoöperasies in Suid-Afrika bygedra het:

- (i) Die toestand van die landbou as gevolg van wêreld-depressie, en die gevolge daarvan asook binnelandse droogte.⁹⁾
- (ii) Die aanname van die Bemerkingswet nr. 26/1937.
- (iii) Verskeie wette waarvan die Wet op Koöperatiewe Verenigings 29/1939, die jongste is.
- (iv) Die Tweede Wêreldoorlog 1939-1945.
- (v) Die aanvaarding van die beperkte beginsel (1922) met die gevolglike oorskakeling van die onbeperkte verenigings.

Landboukoöperasies wat gedurende hierdie periode aangetref word, kan in vier groepe ingedeel word:

- (i) Produkte-koöperasies. Hieronder ressorteer koöperasies waarvan die hantering van landbouprodukte die

9) Steenekamp, F.J.L.: Landboukoöperasies in Suid-Afrika 1900 tot 1960. Potchefstroom, 1963, p.51.

belangrikste funksie is.

- (ii) Verskaffingskoöperasies.
- (iii) Dienskoöperasies.
- (iv) Koöperatiewe boerdery-ondernemings.

Op 1 November 1964 is die stand van koöperasies soos volg:¹⁰⁾

<u>Tipe</u>	<u>Blank</u>	<u>Bantoe</u>	<u>Indiër</u>	<u>Totaal</u>
Produkte-koöperasies	248	2	1	25
Verskaffingskoöperasies	13			13
Dienskoöperasies	38			38
<u>Koöperatiewe boerderye</u>	2			<u>2</u>
Totaal: Landboukoöperasies				304
Verbruikerskoöperasies				157

Uit die vroeë geskiedenis blyk dit egter dat mislukkings nog voorgekom het. As gevolg van omvattender owerheidsbeheer oor individuele koöperasies is groter sukses behaal. Een van die vernaamste redes vir die vroeë mislukkings was juis swak bestuur.

3. Vestiging van die Vaalharts-landboukoöperasie

3.1 Inleiding

Om die redes vir die ontstaan, groei en probleme van die maatskappy te verstaan, is dit nodig om 'n beeld van die omgewing waarin dit gevestig is, te kry.

Die lede van die maatskappy is almal bona fide-boere binne die Vaalhartsbesproeiingskema. Hierdie boere is op klein besproeiingshoewes gevestig waarvan die grootte tussen 20 en 30 morg wissel. Besproeiing is moontlik deurdat water by wyse van 'n wye netwerk kanale vanaf die Vaalhartsuitkeerdam by Warrenton verskaf word. Daar besproeiingsboerdery toegepas word, kan somer- en wintergewasse op 'n redelik intensiewe basis verbou

10) Statistieke aangeteken deur die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Vereniginge.

word. 'n Groot verskeidenheid gewasse word verbou, byvoorbeeld graan, hooi, vrugte, ens.

Die gebied word deur die hoofspoorlyn tussen Kaapstad en Rhodesië gedien, en is tussen Kimberley in die suide en Vrybrug in die noorde as die twee naaste groot besigheidsentrums, geleë. Die Taung-naturelletrust is daar naby en goedkoop arbeid is dus maklik bekombaar. Ten opsigte van nywerheidsontwikkeling is die gebied heeltemal onontwikkeld. Daar is ook geen ander groot sake-ondernemings in die omgewing nie, met die gevolg dat die boere hoofsaaklik van die koöperasie vir hul boerderybenodigdhede afhanklik is. Die enkele klein dorpie wat wel in die gebied geleë is, kan slegs in alledaagse huishoudelike benodigdhede voorsien. Hierin kan dus reeds 'n ontstaansgrond vir 'n koöperatiewe onderneming gevind word.

3.2 Die landboustoestand in die nedersetting as aanleidende oorsaak vir die ontstaan van 'n koöperasie

Die ontwikkeling van die besproeiingskema het gepaard gegaan met die produksie van eksperimentele gewasse in 'n streek wat voorheen op veeboerdery toegewys was. Die sukses van die produksie van gewasse is afhanklik van die beskikbaarheid van bemarkingsfasiliteite en juis in hierdie opsig het daar 'n groot behoefte aan georganiseerde bemarking bestaan. Daar moes dus 'n algehele oorskakeling en heraanpassing van produksie en bemarking plaasvind.

Aangesien daar 'n gebrek aan georganiseerde bemarking bestaan het, moes die produsent die afset van sy produksie in groot mate self behartig. Benewens die gedeelte van die bemarking wat deur die Departement van Lande waargeneem is, was privaatopkopers, wat ondermeer ander boere en plaaslike kleinhandelaars ingesluit het, die vernaamste metode van afset. Hieraan was egter vele probleme verbonde aangesien elke boer op klein skaal geproduseer het en gevolglik oor weinig bedingingsmag beskik het. Die produ-

sente was ook nie op hoogte van die heersende markpryse en gevolglik het wanpraktyke aan die kant van die privaathandel op groot skaal voorgekom.

Daar het dus 'n duidelike gebrek aan georganiseerde bemerking binne die gebied bestaan. Hierdie behoefte was, tesame met die posisie soos in die voorgaande paragraaf genoem en die feit dat daar nie 'n koöperasie binne die gebied bestaan het nie, die direkte oorsaak dat die boere, onder leiding van die Departement van Lande, sake ter hand geneem het ten einde hulle posisie te verbeter. Oorweging is eers daaraan geskenk om aan die Suid-Westelike Transvaalse Landboukoöperasie of die Noordwestelike Koöperatiewe Landboumaatskappy takregte alhier te gee, maar die oprigters het gemeen dat so 'n tydelike maat-reël nie bevredigend sou wees nie aangesien op daardie stadium alreeds verwag was dat die nedersetting spoedig in so 'n mate sou uitbrei dat 'n selfstandige koöperasie die enigste blywende oplossing sou bied.

3.3 Oprigting van die Vaalharts-landboukoöperasie

Op inisiatief van die Departement van Lande is 'n stigtings-vergadering vroeg in 1944 te Tadcaster gehou waar daar besluit is om aansoek te doen om registrasie van die Vaalharts-landboukoöperasie aangesien die kanse op sukses rooskleurig geblyk het. Daar was 350 boere op die nedersetting wat 10,500 morg grond bewerk het en 'n jaarlikse produksie ter waarde van ± R530,000 in die vorm van lusern, koring, tabak en ander gewasse opgelewer het. 'n Jaarlikse wins van R10,000 kon verwag word. 'n Verdere 850 nedersetters sou nog geplaas word om 'n verdere 23,000 morg besproeiingsgrond te bewerk.¹¹⁾

Die beoogde kapitaal sou soos volg verkry word:¹²⁾

(i) deur aandele-uitgifte;

11) Inligting verkry uit die registrasiedokumente van die maatskappy.
12) Idem.

- (ii) deur vaste lenings op sekuriteit van vaste bates en onopgeroepte aandelekapitaal;
- (iii) deur seisoenslenings van die Landbank op sekuriteit van die produkte wat gelewer moes word plus 'n spesiale beperkte aanspreeklikheid van lede.

By die stigtingsvergadering is ook voorgestel dat 6000 aandele onmiddellik deur voornemende lede opgeneem word waarop R2,400 as aanvangskapitaal opbetaal sou word. Hierdie doelwit is egter nie bereik nie aangesien slegs 1070 aandele uitgeneem is waarop R531 deur 111 aansoekers om lidmaatskap opbetaal is.

Die aansoek om registrasie is deur die Minister gunstig oorweeg en op 27 Maart 1944 is die Vaalharts-Landboukoöperasie as 'n beperkte koöperatiewe maatskappy geregistreer.

Soos te verwagte, het ook hierdie maatskappy sy aanvanklike probleme ondervind. Behalwe die gewone finansieringsprobleme waarmee elke nuutgestigte koöperatiewe onderneming te kampe kry, het hierdie maatskappy aan die begin dié moeilikheid ondervind dat baie van die produsente in die gebied onwillig was om tot die koöperasie toe te tree. As die agtergrond van hierdie boere in ag geneem word, is die rede voor-die-hand-liggend. Hierdie nedersetters was boere wat uit verskillende dele van die land by die besproeiingskema saamgetrek het en vorige onaangename ondervindinge met mislukte koöperasies,¹³⁾ het hulle vyandig gestem teenoor die beweging. Hierdie vooroordeel het egter spoedig verdwyn en die ledetal het teen die einde van die eerste finansiële jaar reeds meer as verdubbel. Dit word toegeskryf aan die opvoedingsveldtog wat deur die maatskappy gevoer is.

Met 'n aanvangskapitaal van slegs R600 en geen leningsfasiliteite beskikbaar nie, moes die Departement van Lande gedurende die beginjare daadwerklike hulp verleen in die vorm van skure wat aan die maatskappy verhuur is en die borg van Landbanklenings as oeslenings, en later ook lenings om in die kapitaalbehoefte te voorsien. Die administratiewe afdeling bestaande uit vier

13) Daar was ook 'n gebrek aan samehorigheidsgevoel onder die

personeellede, moes aanvanklik in een van die skure te Tadcaster gehuisves word. As gevolg van die swak finansiële posisie waarin die lede verkeer het, kon hulle nie veel tot die aandelekapitaal van die maatskappy bydra nie.

Die Departement van Lande het dus 'n groot en veelsydige rol in die vestiging van die maatskappy gespeel. Sonder die genoemde hulp sou die maatskappy nie die eerste jare kon oorleef het nie. Die Departement het 'n paar van die direkteure benoem en tot enkele jare gelede het hy nog 'n adviserende amptenaar in die raad van direkteure gehad.

3.4 Verdere groei

Landbouproduksie op die nedersetting het geleidelik toegeneem, maar die fondse van die maatskappy kon nie daarmee tred hou nie. Gevolglik moes die grootste gedeelte van die graan en lusern sonder bedekking opgeberg word. Alhoewel die funksie van verskaffing van boerderybenodigdhede reeds sedert die eerste jare verrig is, was lede dikwels ontevrede aangesien die maatskappy nie in alle behoeftes kon voorsien nie. Die toestand kon egter nie verbeter word alvorens meer kapitaal beskikbaar was nie. Konflikte tussen die koöperasie en produsente het dikwels ontstaan deurdat produkte soms teen beter pryse aan privaatpersone van die hand gesit kon word as wat die koöperasie betaal het. Nadat die lede egter die koöperatiewe beginsels begin verstaan het - deur opvoeding deur die koöperasie - kon sulke insidente vermy word en meer op die getrouheid van lede staat gemaak word.

Namate meer boere op die nedersetting geplaas is, het die behoefte gestyg en moes die koöperasie ook uitbrei. Aan die begin was slegs die gebied om Tadcaster en Pokwani beset en was die besigheids-area tot hierdie omgewing beperk. Met die groei van die skema, moes meer depots met verloop van tyd opgerig word. Winkels het kort op die hakke van die verskillende depots gevolg en die maatskappy beskik op hierdie stadium reeds oor ses takke

en hanteringsregte op Taung waar die beheerde produkte van Bantoeprodusente ontvang word. In 1948 is die hoofkantoor na Hartswater digby die Pokwani-stasie verskuif.

Die maatskappy het sy aanvanklike probleme spoedig ocrbrug en vinnig begin groei terwyl steeds meer funksies en aktiwiteite waarvoor daar 'n behoefte by die lede of by die maatskappy self bestaan het, onderneem is. Hier volg 'n chronologiese voorstelling van hierdie groei:

<u>1944</u>	<u>Ontstaan te Tadcaster. Hantering van graan en verskaffing van boerderybenodigdhede.</u>	<u>111 lede</u>
<u>1945</u>	<u>Pokwani-depot.</u>	<u>320 lede</u>
<u>1949</u>	<u>Magogong-depot.</u>	<u>721 lede</u>
<u>1953</u>	<u>Hartsvallei-depot.</u> <u>Verwerking van grondbone.</u>	<u>1134 lede</u>
<u>1957</u>	<u>Jan Kempdorp-depot.</u>	<u>1255 lede</u>
<u>1958</u>	<u>Aansoek om kaasfabriek word geweier.</u>	
<u>1959</u>	<u>Ministeriële goedkeuring verkry om lede met die bewerking van grond en oes- te behulpsaam te wees.</u>	<u>1307 lede</u>
<u>1960</u>	<u>Aankoop van lusern-ontwateringsfabriek as eksperiment. Graandroogproses.</u>	<u>1314 lede</u>
<u>1961</u>	<u>Bullhill-depot. Kerf en pers van hooi. Diensstasie te Hartswater.</u>	<u>1317 lede</u>

3.5 Stigting van 'n dienskoöperasie

Die garage-afdeling van die maatskappy te Hartswater was die agent vir S.A.M.A.D.- en International Harvester-produkte. Verkope van genoemde produkte was egter beperk tot lede van die maatskappy, as gevolg waarvan die moontlikheid ontstaan het dat hierdie agentskappe ingetrek en aan private ondernemings oorge- dra sou word. Ten einde hierdie winsgewende besigheid nie ver- lore te laat gaan nie, het die maatskappy oorgegaan tot die stig- ting van 'n koöperatiewe garage wat nie beperk sou wees tot lede van die landboukoöperasie nie, en wat die garage-afdeling van die maatskappy teen billike terme sou oorneem.

Hierdie nuwe handelsvereniging is op 4 Desember 1963 geregistreer en staan bekend as "Dienskoöperasie Beperk". Die hoofbesigheidsplek is te Hartswater en dit het alreeds op 25 Februarie 1964 'n tak te Jan Kempdorp gestig.

Geen kapitaaluitgawes is aangegaan nie aangesien geboue en uitrusting van die ou garage-afdeling van die landboumaatskappy aan die nuwe koöperasie geskenk is. Die maatskappy besit R1000 se aandele in die vereniging aangesien dit van die garage afhanklik is vir die herstel van motorvoertuie en masjinerie. Verder ontvang lede van die maatskappy, wat nie lede van die handelsvereniging is nie, bediening op grond van hulle maatskappylidmaatskap ontvang. Artikels wat nie as boerderybenodigdhede geklassifiseer kan word nie, kan deur hierdie vereniging gehanteer word.

'n Verdere besparing word verkry deurdat daar nie 'n administratiewe afdeling vir die vereniging geskep is nie aangesien die bestuur en alle administratiewe werk deur die landboukoöperasie waargeneem word. Slegs takbestuurders is by die twee dienstasies aangestel en hulle is vir maandelikse verslae aan die hoofkantoor verantwoordelik.

4. Samevatting

Die omstandighede waarin die boer voor die stigting van die maatskappy verkeer het, was vrugbare teelaarde vir die ontstaan van 'n koöperatiewe onderneming. Die wesenlike kenmerk van hierdie vroeë toestand was dat die boere geen bedingingsmag teenoor die ander partye gehad het nie - hoofsaaklik omdat hulle kleinboere was wat op klein skaal geproduseer het. Een of ander vorm van gesamentlike optrede was dus noodsaaklik. Deur die stigting van die maatskappy, is in hierdie dringende behoefte voorsien.

Die grondcoursake vir die aanvanklike probleme van die maatskappy, was die onwilligheid van boere by die begin om lede te word, en die gebrek aan kapitaal wat 'n stremmende uitwerking op

die groei van die maatskappy gehad het. Eersgenoemde probleem is oorkom deur die oorreringsveldtog wat onderneem is ten einde meer lede te trek. Hierdeur het die maatskappy die koöperatiewe beweging oor die algemeen bevorder. Die finansiëringsprobleem is aanvanklik verlig deur die hulp wat deur die Departement van Lande verleen is.

Genoemde beperkings is egter spoedig oorwin en die koöperasie het vinnig gegroei. As die kort bestaan van 20 jaar en die huidige posisie in ag geneem word, dan kan die groei van die maatskappy nie anders as fenomenaal beskryf word nie, soos duidelik uit die verdere behandeling sal blyk.

Die huidige posisie en betekenis van die maatskappy verdien spesiale aandag en sal dus onder 'n afsonderlike hoofstuk bespreek word.

HOOFSTUK III

DIE BESTUUR EN ORGANISASIE VAN DIE MAATSKAPPY

1. Inleiding

Die bestuur van 'n groot organisasie, soos die Vaalharts-landboukoöperasie, is so uitgebreid en ingewikkeld dat professionele amptenare vir die doeltreffende leiding daarvan vereis word. Dit is dus nodig dat die bestuur gedelegeer word aan bevoegde persone. "Hierdie skeiding tussen bestuur en besit het een van die belangrikste verskynsels in die moderne sakelewe geword -- nie net by koöperatiewe verenigings nie, maar tewens by alle sake-ondernemings."¹⁾

Ook by koöperatiewe ondernemings is doeltreffende bestuur van die uiterste belang vir die sukses van die saak. Swak bestuur word deur die Gekose Komitee van die Volksraad wat in 1907 in die Kaapkolonie aangewys is, as een van die redes vir die vroeë mislukkings van soveel koöperasies in die provinsie genoem.²⁾ Dit kan gewyt word aan die feit dat boere nie geskoold was in die bestuur van sulke ondernemings nie. Selfs in latere jare was swak bestuur 'n belangrike oorsaak van mislukkings. Tussen die jare 1933 en 1949 is 372 koöperasies ontbind, waarvan 181 veeverenigings was. Die mislukking van die res, naamlik 191, kan aan die volgende oorsake toegeskryf word:³⁾

- | | |
|--|----|
| (a) Nooit besigheid gedoen of besigheid vir meer as 12 maande gestaak. | 40 |
| (b) Reorganisasie. | 54 |
| (c) Onvoldoende steun en ontrouheid van lede. | 48 |
| (d) Oormatige kredietverlening. | 2 |

1) Roos, A.J.J.: Die beheer van Koöperasies. (In Sesde Kort kursus in Koöperasieleer) Potchefstroom, 1959, p.97.

2) Dempsey, W.C.: Waarom misluk Koöperasies? (In Eerste Vakansiekursus in Koöperasieleer.) Stellenbosch, 1952, p.138.

3) Idem p.141.

(e) Gebrek aan bedryfskapitaal.	3
(f) Tydperk waarvoor opgerig, verstryk.	3
(g) <u>Swak bestuur.</u>	<u>21</u>
(h) Ongunstige natuurlike toestande.	4
(i) Gebrek aan besef van waarde van koöperasie.	5
(j) Begeerte om opgehoopte fondse te distribueer.	1
(k) Diverse redes.	<u>10</u>
	191

Soveel as 11% van die mislukkinge word dus aan swak bestuur toegeskryf in vergelyking met 28% wat aan reorganisasie (as belangrikste oorsaak) toegeskryf word.

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die rol wat die lede en raad van direkteure in die bestuur van die maatskappy speel; die interne bestuur waaroor die hoofbestuurder die bevel voer en die organisatoriese indeling van die werksaamhede binne die onderneming.

2. Begripsbepaling

Ten einde die volgende twee onderafdelings (bestuur en organisasie), te skei, is dit noodsaaklik om hierdie twee begrippe duidelik af te baken.

Skrywers van die bedryfsekonomie kon nog nie daarin slaag om 'n algemeen aanvaarde definisie van bestuur op te stel nie. Daar bestaan verskeie opvattinge, hoewel nie teenstrydig nie. Die enigste verskil in die meeste gevalle is dat die terrein breër of enger omskryf word. Om dit te verduidelik sal enkele erkende skrywers se sieninge hier gegee word. Taylor⁴⁾ definieer bestuur:

"To manage is to forecast and plan, to organize, to command, to co-ordinate and to control."

Volgens hom is die elemente van bestuur dus beplanning, organi-

4) Taylor, H.: General and Industrial Management. London, Pitman 1949, p.6.

sasie, bevelvoering, koördinasie en kontrole. Haynes⁵⁾ se elemente van bestuur verskil nie veel van dié van Taylor nie, naamlik organisasie, beleidsbepaling, beplanning en leierskap. Volgens Brech⁶⁾ is bestuur:

"a social process entailing responsibility for the effective planning and regulation of the operations of an enterprise, in fulfilment of a given purpose or task, such responsibility involving:

a) The installation and maintenance of proper procedures to ensure adherence to plans; and

b) The guidance, integration and supervision of the personnel composing the enterprise, and carrying out its operations."

Hy gee die elemente van bestuur aan as beplanning, kontrole, koördinasie en leierskap.

Bestuur is dus die breër begrip. Die basis van bestuur is die doelstellings en beleid van die onderneming en die verantwoordelikheid om beide te bepaal, berus by diegene wat die besigheid opgerig het of wat die bestaan daarvan moontlik gemaak het deur die nodige kapitaal te verskaf. In die geval van 'n maatskappy is dit die verantwoordelikheid van die raad van direkteure.⁷⁾ Aandeelhouers bepaal die beleid in breë trekke en die raad van direkteure werk dit in besonderhede uit. Die taak van hierdie twee belangrike groepe kan beskou word as "direction" soos dié begrip deur Brech gebruik word. Dit is daardie deel van bestuur wat verantwoordelik is vir die bepaling van die doelstellings en beleid en om toe te sien dat dit uitgevoer word.⁸⁾ Die interne bestuur is verantwoordelik en moet verslag doen aan die raad van direkteure.

Waar beleid die basis van bestuur is, is organisasie die

5) Haynes, W.W. en Massie, J.C.: Management. Englewood Cliffs, Prentice Hall, 1961, p.11.

6) Brech, E.F.L., Aldrich, R.M. e.a.: The Principles and Practice of Management. London, Longmans, 1953, p.16.

7) Idem, p.17.


8) Ibidem.

struktuur.⁹⁾ Organisasie is 'n metode waarvolgens breë en alles-omvattende take verdeel word in beheerbare en duidelike afgebakende verantwoordelikhede en om terselfdertyd koördinasie van die werk te verseker.¹⁰⁾ Organisasiekaarte en taakbeskrywings voorsien 'n kaart van die belangrikste kenmerke van 'n organisatoriese struktuur.¹¹⁾ Deur die afbakening van verantwoordelikhede (funksioneel of andersins) weet elke persoon binne die organisasie wat sy taak/take is en aan wie hy verantwoording moet doen. Organisasie berus op die beginsel van arbeidsverdeling en voorkom sodoende oorvleueling van werk en wanorde binne die administrasie.

Administrasie is daardie deel van bestuur wat te doen het met die instelling en uitvoering van die prosedures waarvolgens programme opgestel word en die verloop van die aktiwiteit met die planne gekontroleer word.¹²⁾

3. Bestuur van die maatskappy

Die bestuur van 'n koöperasie berus op gedelegeerde magte, soos in die volgende diagram geïllustreer:



9) Idem, p.25.

10) Dale, E.: The great organizers. New York, McGraw-Hill, 1960, p.2.

11) Ibidem.

12) Brech, E.F.L.: a.w., p.17.

In hierdie paragraaf word die rol van elke groep afsonderlik nagegaan.

3.1 Die aandeel van lede in die bestuur

Die lede beheer die onderneming. Daarmee word bedoel dat hulle die finale seggenskap oor die bestaan en beleid van die saak het. Hulle besluit oor die wenslikheid van oprigting, die funksies van hul koöperasie, hoe dit sal fungeer, hoe die finansiering sal plaasvind en die beëindiging van die onderneming. Die lede bepaal die beleid, al is dit net in breë trekke. Die lede oefen beheer oor hulle onderneming uit deur middel van besluite wat by die algemene vergaderings geneem word.¹³⁾

Artikel 39 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings bepaal dat in die geval van 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid¹⁴⁾ elke lid slegs een stem het, maar dit maak voorsiening vir addisionele stemme volgens die waarde van die besigheid wat 'n lid gedurende 'n bepaalde tydperk - soos bepaal deur die regulasies van die maatskappy - met die maatskappy ver-
rig het. Hierdie addisionele stemme kan alleen toegeken word indien die regulasies van die maatskappy daarvoor voorsiening maak en dan alleen tot 'n maksimum van vier addisionele stemme per lid. Die regulasies van die Vaalharts-landboukoöperasie Beperk laat slegs een stem per lid toe (artikel 74).

Die lede oefen beheer oor die maatskappy uit deur hul stemme by algemene vergaderings uit te bring. Artikel 62 van die statuut bepaal dat 'n jaarlikse algemene vergadering van lede binne vier maande na die afsluiting van die boekjaar gehou moet word met die doel om:

- (a) die balansstaat, wins- en verliesrekening en die ouditeursverslag voor te lees en te oorweeg;

13) Coetzee, F.J.J. a.w., p.67.

14) Ook in die geval van 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid en 'n koöperatiewe handelsvereniging met beperkte aanspreeklikheid.

- (b) 'n algemene verslag van die direkteure te oorweeg;
- (c) direkteure en 'n ouditeur te kies;
- (d) algemene onderwerpe, met inbegrip van klagtes wat lede mag indien, te behandel.

Eersgenoemde twee funksies kan beskou word as kontrole deur die lede nadat die direkteure, in samewerking met die amptenare van die maatskappy, hulle verantwoordelikheid om verslag aan lede te doen oor die ontwikkeling van die saak, nagekom het. Laasgenoemde twee punte kom dus neer op beheer deur lede oor die bestuur van die maatskappy.

Daar die boekjaar van die maatskappy aan die einde van Julie afsluit en die jaarvergadering gedurende November gehou word, is die bywoningsyfer by hierdie vergaderings gewoonlik laag aangesien die koringoes in dié tyd ingesamel word. Die 200 tot 400 lede wat gewoonlik teenwoordig is, is egter voldoende om 'n kworum¹⁵⁾ te vorm en hulle toon 'n lewendige belangstelling in besprekings wat gevoer word. Hierdie lae bywoningsyfer is egter 'n ongesonde toestand en dit is belangrik dat lede meer belang in hulle koöperasie sal stel. Al funksie wat die afwesige lede vervul, is om direkteure te kies - deur middel van hul gevolmagtigdes - en agterna by die bestuur te kom kla oor besluite wat by die vergadering geneem is.

'n Spesiale algemene vergadering kan byeengeroep word deur minstens twee direkteure of minstens een-tiende van die lede wat dit skriftelik versoek (artikels 18 en 19). Dit gebeur egter baie selde dat 'n spesiale algemene vergadering op versoek van lede gehou word, terwyl spesiale vergaderings deur direkteure byeengeroep word slegs wanneer 'n statuutwysiging deur lede goed-

15) "Een-tiende van die lede van die maatskappy, in eie persoon teenwoordig of deur gevolmagtigdes verteenwoordig, vorm 'n kworum as die aantal lede nie meer as twee-honderd is nie, of, as die aantal lede meer as twee-honderd is, is die kworum een-tiende van die eerste twee-honderd plus een-vyftigste ten aansien van die aantal bo twee-honderd, maar 'n kworum bestaan in geen geval uit minder as vyf lede in eie persoon teenwoordig nie." (artikel 68)

gekeur moet word.

Die statuut maak ook voorsiening vir stemming deur gevolmagtigdes. Niemand mag egter as gevolmagtigde optree nie tensy hy 'n lid is van die maatskappy of lid is van 'n filiaal van die maatskappy, en niemand mag as gevolmagtigde van meer as vyf lede van die maatskappy optree nie (artikel 76). Daardeur word verseker dat slegs persone wat direkte belang in die maatskappy het, besluite sal neem.

Lidmaatskap van die maatskappy is beperk tot bona fide-boere, koöperatiewe landbouverenigings of -maatskappye; spesiale koöperatiewe boeremaatskappye en sodanige verenigings as wat vermeld word in artikel 5(1) van die Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1939 (artikel 19). Op hierdie stadium hou slegs bona fide-boere binne die Vaalhartsbesproeiingsgebied aandele in die maatskappy. Aangesien lidmaatskap dus beperk is tot persone met dieselfde belange word botsings voorkom.

Voorsiening word gemaak vir die skorsing van 'n lid onder die volgende omstandighede (artikel 24):

- (a) indien so 'n lid 'n vergadering van krediteure byeenroep of 'n skikking met sy krediteure tref;
- (b) hy insolvent verklaar word;
- (c) hy versuim om sy verpligtinge teenoor die maatskappy, hetsy deur die statuut voorgeskryf, hetsy ten aansien van 'n kontrak, na te kom.

'n Lid wat geskors word, verbeur sy reg om algemene vergaderings by te woon, om deur middel van gevolmagtigdes te stem en ook sy aandele (artikels 26 en 27). Sodanige skorsing kan opgehef word indien twee-derdes van die lede teenwoordig by 'n algemene vergadering spesiaal vir daardie doel byeengeroep, daarvoor stem (artikel 25).

Bestuur deur lede kom dus neer op die bepaling van die beleid (in breë trekke) en kontrole soos vroeër in die paragraaf beskryf is. Aangesien dit onmoontlik en onprakties vir so 'n groot en lomp liggaam is om 'n besigheid te bestuur, word magte van beheer aan die raad van direkteure gedelegeer, welke raad weer aan die lede verantwoording moet doen.

3.2 Die raad van direkteure in die bestuur

Dit is 'n aanvaarde feit dat 'n klein groepie persone baie makliker en gouer 'n beleid kan uitwerk as 'n groot groep. Dit is ook makliker vir 'n kleiner groep om behoorlike toesig te hou en sake te beheer as wat dit vir 'n groter groep is. Om 'n paar persone as verteenwoordigers van 'n klomp persone aan roer van sake te stel, beteken ook 'n besparing van tyd en koste en werk doeltreffendheid in die hand.¹⁶⁾ Daarom behoort die raad van direkteure, met inagneming van die verteenwoordiging van die lede se belange, so klein as moontlik gehou te word.

Die raad van direkteure kan al die regte en bevoegdhede namens die koöperasie uitoefen en al die verpligtinge daarvan nakom, maar word gebind deur sekere beperkinge, waarvan die ver naamste die bepalings van die regulasies is, en verder ook deur besluite van die lede by die algemene vergaderings en die bepalings van die Wet. Die raad is dus in groot mate gebind en moet beheer uitoefen oor sake wat voorheen bepaal is. Dit is egter die plig van die direksie om die bepaalde beleid in meer besonderhede uit te werk en in die praktyk toe te pas - met die hulp van die nodige administratiewe amptenare.¹⁷⁾

Ingevolge artikel 32(2) van die Wet kan 'n direkteur nie verantwoordelik gehou word vir enige verlies wat die maatskappy ly nie, tensy die verlies te wyte is aan sy opsetlike wangedrag

16) Brosjure uitgegee deur die Koöperatiewe Raad van die S.A.L.U., a.w., p.26.

17) Coetzee, F.J.J.: a.w., p.70.

of growwe nalatigheid of aan sy versuim om aan een of ander bepaling van die Wet of van die regulasies van die maatskappy te voldoen. Daardeur word voorkom dat 'n direkteur verantwoordelik gehou sal word as gevolg van omstandighede buite sy beheer, maar dit verseker ook dat 'n direkteur sy pligte en verantwoordelikhede wat aan hom toegesê is, noukeurig sal nakom en nie onverantwoordelik sal handel nie.

Die beleid van die maatskappy word dus eerstens bepaal deur die regulasies - wat deur lede by die algemene vergaderings gewysig kan word - en verder deur die raad van direkteure uitgewerk. In die praktyk het die direksie eintlik die grootste invloed. Artikel 47 van die statuut bepaal ook dat die raad van direkteure namens die maatskappy optree en binne die beperkings van die regulasies sy magte moet uitoefen asof daartoe by 'n algemene vergadering besluit is. Aangesien die direkteure ook lede van die maatskappy is, word hul belange net soveel deur hulle optrede geraak. Onverskillige verandering en aanpassing van beleid word dus hierdeur verhoed.

Die funksies van die raad van direkteure kan soos volg opgesom word:

- (i) Die direksie doen verslag en gee rekenskap van al sy transaksies aan elke algemene vergadering, wanneer hy gevra word sulks te doen (artikel 48);
- (ii) stel voldoende personeel aan om die sake van die maatskappy te verrig, stel hul salarisse vas en kan hulle ontslaan (artikel 51);
- (iii) sorg dat rekeningboeke geopen word, welke boeke 'n juiste weergawe van alle transaksies moet verstrek (artikel 53). Hierdie funksie word in samewerking met die administratiewe personeel verrig;
- (iv) sorg vir versekering teen verlies van of skade aan eiendom van die maatskappy sowel as produkte van lede

en ander goedere terwyl dit onder die sorg en beheer van die maatskappy is (artikel 55);

(v) oorweeg aansoeke om lidmaatskap, magtig die uitreiking van aandelesertifikate en moet die oordrag van aandele goedkeur (artikels 20, 12 en 14);

(vi) gaan lenings aan (artikel 59);

(vii) besluit oor die hantering van produkte en betaling aan lede (artikels 88 en 57(d));

(viii) diverse pligte wat in die loop van besigheid verrig word.

Daar word dus van direkteure verwag om oor 'n goeie kennis van koöperatiewe en besigheidsbeginsels en -praktyke te beskik. Aangesien die direkteure van plaaslike landboukoöperasies ook boere is, is dit moeilik om geskikte persone te vind om in die raad te dien daar die handelskennis van sulke persone meesal beperk is. Gesien in die lig van die feit dat die bedryfslewe in Suid-Afrika steeds meer gekompliseerd raak, is die tyd ryp dat koöperatiewe skole vir die opleiding van direkteure gestig word, soos in verskeie oorsese lande die geval is. Aftredende direkteure is egter herkiesbaar en dit dien as 'n metode om persone met ondervinding te bekom.

Die raad van direkteure van die maatskappy bestaan uit nege lede wat op 'n streekbasis verkies word. 'n Direkteur hoef nie noodwendig binne die wyk wat hy verteenwoordig, te woon nie. Die nadeel van dié metode is dat verbinding tussen die direkteur en die lede wat hy moet verteenwoordig, verlore kan gaan. 'n Alternatiewe metode is dus om te bepaal dat 'n direkteur wel binne die wyk wat hy moet verteenwoordig, woonagtig moet wees. Hier kan ons egter weer die probleem vind dat geen geskikte persoon binne die bepaalde wyk aangetref kan word nie. Die eerste metode is verkieslik ten einde 'n raad te verkry wat verteenwoordig word deur die mees bevoegte persone binne die gebied van die koöperasie.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die raad van direkteure bygestaan word deur die hoofbestuurder en sy personeel, maar dit word van die raad van direkteure verwag om 'n gesonde besigheidsbeleid te bepaal.

3.3 Interne bestuur van die maatskappy

Soos uit die voorgaande geblyk het, is een van die funksies van die raad van direkteure om voldoende personeel aan te stel. Volgens Coetzee¹⁸⁾ is die gebruik van amptenare om die direksie met die administrasie by te staan, 'n praktiese noodsaaklikheid, en besonder baie hang van die bestuurder af. In Suid-Afrika was dit juis een van die groot probleme in die verlede aangesien die direksie nie die belangrikheid daarvan besef het nie. Hierdie wanidee is egter aan die verbygaan. Die bestuurder tree slegs adviserend op; die finale beslissing lê by die direksie en algemene vergadering.

In die geval van 'n groot onderneming met uitgebreide werksaamhede, maak die bestuurder gebruik van senior amptenare om sekere pligte oor te neem. Hy kan dus beskou word as die hoof van die administratiewe afdeling. Soos uit paragraaf 2 blyk, het administrasie te doen met die instelling van prosedures en kontrole - kontrole oor die uitvoering van die prosedures en oor personeel.

Interne aangeleenthede is aan die beslissing van die hoofbestuurder van die maatskappy onderworpe. In hierdie verband is hy gebonde aan die beleid soos bepaal en gesag aan hom deur die raad van direkteure toegesê. Om te voorkom dat hy met werk oorlaai word, word sekere van die minder belangrike beslissings aan die assistent-hoofbestuurder oorgelaat. Hierdie reëling verseker dat die hoofbestuurder sy verantwoordelikhede doeltreffend nakom. Die assistent-hoofbestuurder van die maatskappy is 'n departemen-

18) Coetzee, F.J.J., a.w., p.70-71.

tele hoof (produkte-afdeling) en hier bestaan die gevaar van werkoorlading ook weer.

Vir die verdere verdeling van pligte, word gebruik gemaak van afdelingshoofde. Daar is vier naamlik:

Rekenmeester (Administrasie en Handel)

Produkte-rekenmeester

Produkte-bestuurder

Handelsbestuurder.

Elk is beperk tot sy bepaalde veld.

Rekenmeester (Administrasie en Handel)

As hoof van die rekeningkundige afdeling, voer dié persoon kontrole oor die rekeningkundige funksie van die interne organisasie uit. Die rekeninge van alle afdelings word in hierdie afdeling gekonsolideer en hy behartig ook die rekeninge van die Handelsafdeling. Hierdie persoon tree ook op as personeelbestuurder.

Produkte-rekenmeester

Aangesien die ontvangs, verwerking en afset van graan en die verskaffing van produksiebenodighede en spesifieke dienste so 'n groot deel van die maatskappy se funksies uitmaak, word die statistiese gegewens van die Produkte-afdeling afsonderlik opgeteken. Hierdie funksie vorm 'n onderafdeling van die Produkte-afdeling, met die Produkte-rekenmeester aan die hoof daarvan.

Die verantwoordelikhede van sy afdeling is om alle ontvangste en versendings van produkte in die aan- en verkoopsjoernale aan te teken, kontrolestate op te stel en besonderhede aangaande die verwerking van graan en dienste wat gelewer is, te boek te stel.

Produkte-bestuurder

Hierdie persoon is verantwoordelik vir alle administratiewe sake rakende die fisiese hantering van graan en wat daarmee saamhang, soos onder die vorige opskrif uiteengesit.

Handelsbestuurder

Alle handelsbenodigdhede (soos onderskei van produksie-benodigdhede) wat lede nodig het, word deur hierdie persoon en sy afdeling verskaf. Bestellings word geplaas, kosteberekeninge word gedoen en beheer oor die winkelafdeling uitgeoefen.

Gevolgtrekking

Daar is dus 'n duidelike afbakening van aktiwiteite wat doeltreffendheid van bestuur verhoog om 'n harmonieuse geheel te vorm en leiding te gee. Waardevolle tyd van afdelingshoofde word egter in beslag geneem deurdat hulle dikwels gesteur word om tjeks te onderteken aangesien hulle deur die statuut gemagtig is om tjeks te teken of mede-onderteken. Tot tyd en wyl die Registrateurskantoor hierdie vereiste ten opsigte van die ondertekening van tjeks wysig, is genoemde steurnisse onvermydelik.

Die doeltreffendheid van die administratiewe afdeling is toe te skryf aan genoemde werkverdeling, uitleg van die kantoorgebou, personeelvoordele, ens.

3.4 Die kontrole- en personeelfunksie by interne bestuur

3.4.1 Ouditering

Die Wet op Koöperatiewe Verenigings 29/1939 vereis dat 'n eksterne ouditeur deur die maatskappy aangewys moet word. Ter voldoening aan hierdie vereiste is die firma Stewart, Steyn & Kie van Klerksdorp as ouditeure van die maatskappy benoem. Artikel 82 van die statuut bepaal dat ouditeure aangestel, hulle pligte gereël en hulle beloning ooreenkomstig die bepalinge van artikel 43 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings bepaal word.

Die ouditeure besoek die maatskappy twee keer per jaar, naamlik aan die einde van die boekjaar en dan weer teen die helfte van September vir die finale audit.

Artikel 83 van die statuut bepaal: "n Afskrif van die balansstaat en wins- en verliesrekening, behoorlik deur die ouditeur en 'n meerderheid van die direkteure onderteken, met

die verslag van die ouditeur daarby, moet op die kantoor van die maatskappy ter insae lê vir die lede minstens veertien dae voor die datum vasgestel vir die jaarlikse algemene vergadering en 'n verdere afskrif daarvan, geteken soos hierbo bepaal, word aan die registrateur gestuur sodra die tydperk van insae 'n aanvang neem. Sodanige balansstaat, wins- en verliesrekening en ouditeursverslag word ook op die jaarlikse algemene vergadering voorgelees, tensy die vergadering anders besluit".

Hierdie bepaling spruit voort uit die verpligting wat op die raad van direkteure gelê word om verslag oor die sake van die maatskappy aan die lede te doen. Alhoewel die finale rekeninge deur die rekeningkundige afdeling opgestel word, aanvaar die raad van direkteure die verantwoordelikheid daarvoor.

Die maatskappy maak ook gebruik van 'n stelsel van interne ouditering. Vir dié doel het die maatskappy twee interne ouditeure. Hulle was voorheen by die takke werksaam, maar hulle werk word nou deur die takhoof gedoen terwyl hulle na die hoofkantoor oorgeplaas is waar hulle rekeningkundige werk verrig.

Gesien in die lig van die jaarlikse ouditering en die feit dat die maatskappy beskik oor bevoegde amptenare in die rekeningkundige afdeling en die doeltreffendheid van kontrole binne die afdeling is dit blykbaar onnodige duplisering van werk.

3.4.2 Personeel en arbeid

(i) Blanke personeel

Die totale aantal blanke werknemers van die maatskappy kom op ± 130 persone te staan, wat in vier groepe ingedeel word, naamlik:

Administratiewe personeel

Produkte-personeel

Handelspersoneel

Vulstasiepersoneel

Vir die boekjaar geëindig 31 Julie 1963 is R152,055.81 deur die

maatskappy aan salarisse, toelaes en lone uitbetaal. As hierdie bedrag vergelyk word met die R6686.76 wat gedurende die 1945/46-boekjaar uitbetaal is, kan ons 'n idee vorm van die fenomenale groei van die maatskappy.

Die maatskappy ondervind egter 'n probleem ten opsigte van goed opgeleide personeel - administratief sowel as vakkundig. As gevolg van die afsondering van die gebied is die geskoolde arbeidsmag van die omgewing baie beperk. Die maatskappy is dus self verantwoordelik vir die opleiding van sy personeel en arbeidskrag.

(ii) Voordele wat die maatskappy aan sy blanke personeel bied

(a) Behuisingskema. In die statuut word bepaal dat die maatskappy hom ten doel stel om deur middel van huur, oprigting of andersins huise vir sy werknemers te verkry - en vir dié doel lenings aan sy werknemers toe te staan, te reël of te waarborg. (artikel 3); met dien verstande egter dat die getal lenings en waarborge slegs ten opsigte van twintig personeellede op 'n bepaalde tydstop toegestaan en hoogstens R2000 per persoon mag beloop (artikel 60).

Op dié wyse lewer die maatskappy 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die dorpie Hartswater, wat nie baie lank gelede gestig is nie.

(b) Pensioenskema. Dié skema is deur die Ou Mutual ingestel. In die geval van manlike werknemers betaal die persoon 'n bydrae van $\frac{1}{2}\%$ van sy bruto salaris en die maatskappy lewer 'n soortgelyke bydrae. Die polis verskaf doodsdkking asook ongeskiktheidsvoordele en 'n sekere som is by aftrede op 60-jarige ouderdom betaalbaar. By uitdienstreding kan die polis aan die werknemers oorgedra word.

In die geval van vroulike werknemers, dra hulle 5% van haar bruto salaris by en die maatskappy maak 'n soortgelyke bydrae. Die volle bydrae word alleen aan hulle uitbetaal indien hulle die

diens van die maatskappy verlaat om in die huwelik te tree. Indien hulle om 'n ander rede diens verlaat, word slegs hul bydrae terugbetaal.

(c) Siektefonds. Die maatskappy is lid van S.A.K.A.V. en bied tot 80% mediese dekking in sommige opsigte.

(iii) Nie-blanke arbeiders

Die maatskappy het ± 700 manlike arbeiders, waarvan die meeste ongeskoolde werk by die skure verrig, in diens. Hulle word op 'n maandbasis in diens geneem, maar lone word daaglik bereken en wissel tussen 60 sent en R1. Kontrole word uitgeoefen deurdat registers, waarin daaglikse besonderhede van elke arbeider aangeteken word, gehou word.

Vroulike arbeiders word op 'n stukbasis vir die uitsoek van grondbone, in diens geneem. Alhoewel die proses feitlik die hele jaar duur, wissel die vraag na vroulike arbeid ooreenkomstig die behoefte. Die getal vroulike arbeiders in diens oorskry egter nooit die 1600 merk nie. Vergoeding word bereken volgens die aantal sakkies uitgesoek en volgens die graad van die produk. Daar word meer vir die laer graad grondboon betaal want daar is meer pitte in so 'n sakkie.

'n Probleem wat die maatskappy met betrekking tot nie-blanke-arbeid ondervind, is die gewoonte van die Bantoe om gedurende die Mei/Junie-oestyd na Wes-Transvaal te gaan. Dit is gewoonlik 'n hele uittog met die gevolg dat nieblanke-arbeid gedurende daardie tyd skaars is, aangesien die maatskappy hoofsaaklik van plaaslike arbeid gebruik maak.

3.5 Enkele ander instellings wat beheer oor die maatskappy uitoefen.

Beheer kan beskou word as die invloed wat een of ander eksterne instansie op die bestuur uitoefen. Met eksterne instansies bedoel ons instansies wat nie direkte nie, maar slegs om een of ander rede belang by die onderneming het.

In die geval van koöperatiewe integrasie (vertikaal) kan die sentrale/nasionale koöperasie in mindere of meerdere mate kontrole oor die plaaslike koöperasie uitoefen. Die stelsel het in Suid-Afrika nog nie noemenswaardige hoogtes bereik nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die groot mate van owerheidskontrole oor die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika. In dié verband kan ons die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, as semi-staatsinstelling en die Beheerrade noem aangesien beide 'n invloed op die Vaalharts-landboukoöperasie uitoefen.

3.5.1 Die Landbank

Die Landbank van Suid-Afrika is die vernaamste kredietbron van landboukoöperasies in hierdie land en stel sowel lang- as korttermynkredietfasiliteite beskikbaar.

Omdat die bank so 'n groot belang in die koöperasies het, word dit net soveel deur die goeie bestuur daarvan geraak. Om sy belange te beskerm, stel die Bank nie alleen hoë sekuriteits-eise nie - bates word verpand tot ten minste drie tot vier keer die waarde van die lening¹⁹⁾ - maar by die toekenning van 'n lening kan die Landbank eis om in so 'n koöperasie se direksie-vergaderings verteenwoordig te wees²⁰⁾ en jaarlikse inspeksies na die sake van die maatskappy word uitgevoer. Hierdie leningsvoorwaardes kan tot inmenging in die bestuur van die koöperasie lei. So byvoorbeeld verwag die Landbank dat sekere bepalinge in die statuut opgeneem moet word en dat die Bank van 'n afskrif van enige statuutwysiging van die koöperasie voorsien word. Hierdie twee vereistes word gestel ten einde te verseker dat die sekuriteite wat die Bank hou, geldig is en nie deur sekere wysiginge van die statuut aangetas sal word nie.

19) Coetzee, F.J.J., a.w., p.139.

20) Ibidem.


3.5.2 Die Beheerrade

Onder die stelsel van beheerrade, tree die landboukoöperasie slegs as agent van die beheerraad op en moet hy gevolglik die instruksies van die betrokke raad nakom. Hierdeur mag botsinge met die beheer deur lede ontstaan. Oor die algemeen is hierdie opdragte van 'n meer administratiewe aard sodat dit nie tot botsinge lei nie, byvoorbeeld eise ten opsigte van opberging, gradering, versending, ens.²¹⁾

Uit die aard van die Vaalharts-landboukoöperasie, is hy noodwendig aan verskeie beheerrade gebonde, daar die maatskappy verskeie beheerde produkte hanteer. Artikel 94 van die statuut bepaal dan ook soos volg: "Gedurende enige tydperk waarin die verkoop van landbouprodukte, van die soort wat deur die maatskappy hanteer word, onder die beheer is van enige beheerraad in werking ingevolge die bepalings van die Bemerkingswet nr. 26 van 1937, of enige wysiging daarvan, sal die bepalings van hierdie statuut wat ontoepaslik is, nie toegepas word nie, maar die produkte sal, onderhewig aan die bepalings van die betrokke Bemarking skema en/of enige kontrakte of regulasie wettig van krag in verband daarmee handel word soos lede van tyd tot tyd mag bepaal op 'n algemene vergadering".

4. Die organisasiestruktuur van die maatskappy

Organisasie is die verdeling van aktiwiteite tussen verskillende afdelings. Organisasie berus dus op arbeidsverdeling. In die lig hiervan kan ons 'n skematiese voorstelling gee van die organisasie van die maatskappy.




Hier volg 'n bespreking volgens hierdie drie hoofpunte.

21) Idem, p.76.

4.1 Die Rekeningkundige afdeling

Hierdie afdeling behartig die gekonsolideerde rekeninge en staan onder bevel van die Rekenmeester - administrasie en handel. Die afdeling is soos volg georganiseer:



(a) Lederekenings

Hierdie rekenings is alfabeties in vier lede-kontroles verdeel, naamlik.

A - F

G - M

N - U

V - Z

Nie-lede

Aan die hoof van elke kontrole is 'n lede-grootboekklerek bygestaan deur 'n assistent. Hierdie verdeling werk tydsbesparend.

Dié onderafdeling is verantwoordelik vir:

1. Die hou van registers betreffende bruto graanlewering deur lede vir betalingsdoeleindes en agterskotbepalings.
2. Die verrekening met betrekking tot lederekenings van alle artikels waarop die maatskappy pandreg het: saad, sakke, kunsmis, baaldraad, brandstof, implemente op huurkoop, ens.
3. Die administrasie van staatsvoorskotte (Goewerneur-generaal-lenings) vir uitbetaling aan boere en terugvorderings soos deur die Staat bepaal.
4. Die hou van registers vir die ledeheffingsfonds - wat bereken word teen 3% op bruto opbrengs.

5. Die verlening van verdere krediet mits omstandighede dit vereis. Sodanige krediet moet binne 12 maande terugbetaal word. Implemente word ingevolge die Huurkoopwet op huurkoop verskaf.
6. Die versoening van kwartaallikse saldo's met die ledegrootboeke.

Met al hierdie inligting ter beskikking, word elke lid se rekening opgestel wat 'n uiteensetting van alle koste-items gee.

Op die huidige stadium word die lederekenings nog op die ortodokse wyse deur die personeel opgeteken, maar die maatskappy beoog om vanaf 1 Augustus 1964 hierdie werk deur middel van elektroniese berekenaars te meganiseer. Dit sal aansienlike besparings in administratiewe koste meebring.

(b) Verrekening van produkte

Die funksie van hierdie afdeling is om die waarde van gelewerde produkte te bereken, ten einde die boer se vergoeding te bepaal.

Die ontvangsbewys tesame met die weegberigkaartjie word vanaf die depot, waar die boer se produk ontvang is, na die hoofkantoor gestuur. Hier word die ontvangsbewys met die weegberigkaartjie vergelyk. Daarna gaan dit na die lederekenings waar die afrekeningstaat in duplikaat voltooi word waarna dit deur "komtometer"-operatrises nagesien word. Daar word dus deeglike kontrole ten opsigte van graanontvangstes en uitbetalings aan lede uitgeoefen.

Die oorspronklike afrekeningstaat gaan na die kassier as bewys by die uitbetaling aan die boer en die afskrif word vir registerdoeleindes in die aankoopsjoernaal gepos. Vir elke produk word 'n afsonderlike aankoopsjoernaal geopen waarop bruto opbrengste, aftrekkings en die hoeveelheid produkte wat ontvang is aangetoon word. Die hoeveelheid word volgens die verskillende grade van die produk aangetoon.

Lederekenings en Verrekening van Produkte is twee afsonderlike afdelings wat onder een hoof ressorteer.

(c) Winkelaankope

Hierdie afdeling behartig die aankoop van benodigdhede wat vir herverkoop en vir eie gebruik bedoel is. Omtrent 95% van sodanige aankope is vir herverkoop bedoel, dit wil sê vir die verskaffing van benodigdhede aan lede. Kosteberekening word vooraf gedoen ten einde die verkoopprijs vas te stel. Die verkoopprijs word bereken deur 'n sekere marge (wat verskil volgens artikel) by die faktuurprijs te voeg.

Op grond van die fakture wat van die firma ontvang word, word die Winkelaankoopjoernaal opgeskryf. Hierdie joernaal het afsonderlike kolomme vir elke depot waar die goedere ontvang word, want die fisiese verspreiding van die goedere geskied direk vanaf die leweransier na die betrokke winkel waar dit benodig word. Die gewone boekhoumetodes word gebruik om die krediteurerekeninge op te stel.

Soms gebeur dit dat goedere van een tak na 'n ander oorgeplaas moet word, in welke geval die opdrag deur die hoofkantoor uitgereik word. Die tak van versending maak 'n versendingsbewys uit en die ontvangertak 'n ontvangsbewys. Die twee bewyse word weer op hoofkantoor versoen. Fakture word ook uitgemaak vir goedere wat vir eie gebruik bedoel is.

'n Ontleding- en versoeningstaat vir aankope word maandeliks opgestel. Die ontledingstaat toon die maand se aankope vir elke tak afsonderlik. Versoeningstate word aan die leweransier gestuur.

'n Verdere funksie van hierdie afdeling is om die vragbriewe te versoen. Ook die spoorwegtariewe, soos op die vragbriewe aangegee, word nagesien en terugvorderings word van die Suid-Afrikaanse Spoorweë geëis in die gevalle waar te veel betaal is. Die maatskappy het bevind dat daar dikwels afwykings voorkom wat

'n aansienlike totale terugbetaling aan die maatskappy besorg.

(d) Handelsverkope

Die verkopesy van die takke en alle registers wat daarmee gepaard gaan, word deur hierdie afdeling behartig. Hierdie afdeling se aktiwiteite dek agt groepe benodigdhede:

Boerderybenodigdhede

Kunsmis

Sakke

Saad

Kragparaffien

Petrol

Dieselolie

Aartappelmoere

Daar is aparte rekeninge vir elke groep in die grootboek geopen. Twee klerke is verantwoordelik vir die aantekening van alle kontantverkope vir inkomstebelastingdoeleindes vir lede en ook om besonderhede te verskaf indien 'n bonus op omset verklaar word - wat tot dusver nog nie gebeur het nie. Daar is een klerk wat vir alle winkelaankope en opgawes verantwoordelik is.

Uit die inligting en bewyse wat van die takke ontvang word, word die kasboek en verkopejoernaal opgeskryf. Hierdie joernaal maak voorsiening vir die vyf lede-kontroles, naamlik:

A - F

G - M

N - U

V - Z

Nie-lede


Die joernaal moet maandeliks afgesluit en 'n maandelikse opsommingsjoernaal opgestel word.

In die jaarlikse Handelsrekeninge vir die agt items waarvolgens die handelsverkope ingedeel is, word die verkope vir elke tak afsonderlik aangetoon.

4.2 Die Produkte-afdeling

Die landboukoöperasie dien as verlengstuk van die boer se bedryf²²⁾ deurdat dit onder andere die bemarking van die boer se produkte behartig. Om dié rede is die produkte-afdeling geïntegreer.

Die produkte-afdeling is soos volg georganiseer:



(a) Graanontvangste

Die maatskappy het skure in die volgende plekke waar graan deur boere gelewer word:

Bullhill
 Hartsvallei
 Hartswater
 Jan Kempdorp
 Magogong
 Tadcaster

Hierdie ontvangsdepots is so versprei dat dit binne bereik van elke boer is. Die produkte van Bantoeboere te Taung word namens die beheerrade ontvang.

Elke skuur staan onder beheer van 'n hoofvoorraadbeampte wat ook die gradering van graan waarneem. Hy word bygestaan deur hulpgradeerders en ander assistente. Een graansinspekteur bedien alle takke.

Die grootste gedeelte van die hoeveelheid produkte wat gehanteer is en ten opsigte waarvan die rekeninge gedurende die

22) Coetzee, F.J.J.: a.w., p.13.

1962/63-boekjaar afgesluit is, was beheerde produkte, naamlik 91.5%. Dit is dus duidelik dat die Bemerkingsrade die maatskappy in groot mate raak. Die beheerrade is verantwoordelik vir die prysvasstelling en reik opdragte uit ten opsigte van die versending van produkte. Onbeheerde produkte is geheel en al onder beheer van die maatskappy.

(b) Verwerking van graan

Met die toestemming van die verskillende beheerrade word sekere produkte verwerk. Die volgende verwerkingsprosesse word aangetref:

1. Uitsoek van grondbone en saad by alle depots.
2. Lusernmeule te Magogong.
3. Hooipers te Tadcaster.

Elkeen van hierdie prosesse staan onder toesig van 'n blanke opsigter (in sommige gevalle die hoofvoorraadbeampte) wat deur addisionele helpers bygestaan word.

(c) Produksiebenodigdhede

Boerderybenodigdhede word in twee kategorieë verdeel, naamlik produksiebenodigdhede, dit wil sê benodigdhede wat direk in die produksieproses opgeneem word, byvoorbeeld kunsmis, saad, brandstof, ens., en handelsbenodigdhede, dit wil sê addisionele benodigdhede wat die boer mag nodig kry, byvoorbeeld boumateriaal, onderdele, ens.

Slegs produksiebenodigdhede word deur hierdie afdeling voorsien. Bestellings word deur die produktebestuurder geplaas ooreenkomstig die behoefte wat ondervind word en word direk by die tak gelewer waar dit benodig word. Die verkopesy word by die takwinkels behartig, wat onder beheer van 'n takbestuurder en sy personeel staan.

(d) Spesifieke dienste

Die beheer van die dienste wat deur die maatskappy aan lede verskaf word, word deur die produkte-afdeling waargeneem. Die

doel met hierdie dienste is om lede wat nie self daartoe in staat is nie, te help, byvoorbeeld ploeg, plant, bespuiting, oes, vervoer, ens. Verdere dienste word by die skure gelewer, byvoorbeeld die droog en beroking van graan.

Vir hierdie dienste is afsonderlike personeel in diens geneem en die maatskappy voorsien self die toerusting.

(e) Die Produkte-rekenmeester


Behalwe die te boekstelling van daaglikse transaksies, is hierdie afdeling verantwoordelik vir die opstelling van volledige voorraadregisters van elke produk en vir elke skuur. Kontroleregisters word vir elke seisoen opgestel en word eers afgesluit nadat die hele oes verkoop is - afgesien van die boekjaar. Dit is die teoretiese beginsel van die saak, maar oesoordragte kom tog dikwels op die finale produkte-rekeninge voor. Opsommings van ontvangste en versendings word maandeliks op die kaarte aangetoon.

Fisiese voorraadopnames van produkte in die skure word nie gemaak nie. Slegs boekwaardes daarvan word in aanmerking geneem by die opstelling van die finale rekeninge. Moontlike oestekorte word volgens 'n waarskynlikheidspersentasie soos vasgestel deur die ouditeure in oorleg met die bestuur bereken. Dit is egter 'n ongesonde praktyk aangesien werklike verliese en die bron daarvan nie vasgestel kan word nie.

Interdepotoordragte word op spesiale kaarte aangetoon. Hierdie kontrolestelsel stel die produkte-bestuurder in staat om gedurig op hoogte te wees van die voorraadposisie, en dit vergemaklik weer bemarkingskontrole.

4.3 Die Handelsafdeling

'n Skematiese voorstelling van die organisasie van hierdie afdeling is soos volg:



Hierdie afdeling verskaf die handelsbenodigdhede - soos onderskei van produksiebenodigdhede - aan lede. Bestellings word deur die handelsbestuurder, op versoek van die winkelbestuurder, of direk deur die winkelbestuurder by fabrieksverteenwoordigers geplaas. Laasgenoemde bestellings is onderworpe aan bekragtiging deur die hoofkantoor. Aflewering geskied direk aan die betrokke tak. Die winkelafdeling hanteer die verkopesy tesame met die verkope van produksiebenodigdhede nadat die verkoopprys deur die kosteberekeningafdeling in die hoofkantoor vasgestel is.

Optekening van alle aankopetransaksies word deur die Winkelaankoopseksie van die Rekeningkundige afdeling gedoen en verkooptransaksies deur die Handelsverkopeseksie daarvan.

4.4 Enkele opmerkings

Die doeltreffendheid van die organisasie van die maatskappy kan eerstens toegeskryf word aan duidelike werkaftakening waardeur oorvleueling uitgeskakel word wat veral die administratiewe werk glad laat verloop, en tweedens aan die doeltreffende kontrole wat uitgeoefen word. Veral in die rekeningkundige afdeling is die stelsel van kontrole baie doeltreffend waar kontrole oor elke fase van die werk uitgeoefen word. Deur die meganisasie wat in hierdie afdeling beoog word, sal hierdie doeltreffendheid nog verder verhoog word. Die integrasie van sommige fases van die verskillende afdelings bring verdere doeltreffendheid en besparing mee.

Die praktyk waarvolgens afsonderlike Inkomste- en Uitgawerekenings vir die produkte- en handelsafdeling opgestel word en

handelsrekeninge vir die verskillende handelsartikels wat ook die verskillende depots onderskei, bied 'n oorsigtelike beeld van die hele besigheid en daar kan maklik vasgestel word of afdelings en depots bevredigende resultate lewer.

5. Administratiewe koste

In hierdie verband kan geen koöperatiewe beginsels toegepas word nie. Die maatskappy staan op dieselfde vlak as die private handel waar gewone besigheidsbeginsels geld.

Aangesien die maatskappy in die platteland gevestig is, kan sekere administratiewe uitgawes laer wees (byvoorbeeld munisipale belastinge) as in groot sentrums, maar wat die res betref, is daar min verskil. Ten opsigte van personeel en arbeid moet die maatskappy met die private handel meeding en gevolglik is die salaris- en loonrekening hoog.

Administratiewe koste word gedeeltelik gedek deurdat 'n kommissie op die onderskeie produkte-rekeninge gehef word. Die omvang van hierdie kommissie wissel na gelang van die behoefte. 'n Verdere toedeling van administratiewe koste word in die Inkomste- en Uitgawerekening gemaak om elke afdeling sy proporsionele gedeelte van die koste te laat dra. Aangesien die ontvangste ten opsigte van die administratiewe afdeling gering is, toon hierdie afdeling jaarliks 'n groot tekort, wat dus deur die ander afdelings gedra moet word. 'n Administratiewe Gelykstellingsreserwe is geskep om voorsiening te maak vir tye wanneer fondse onvoldoende is om administratiewe koste te dek. Tot in hierdie stadium is hierdie reserwe egter nog nooit aangewend nie.

Tabel nr. 1 toon hoe administratiewe koste sedert die 1957/58-boekjaar toegedeel word. Voor genoemde jaar is sodanige toedelings nie gemaak nie en kon nie vasgestel word wat die netto resultate van elke afdeling was nie.

TABEL Nr. 1

TOEDELING VAN ADMINISTRATIEWE KOSTE

Boekjaar Geëindig 31 Julie	Totale Koste	Toedeling met betrekking tot die afdelings						Inkomste op die administratiewe afdeling	Tekorte op die administra- tiewe afdeling	
		Produkte afdeling		Handelsafdeling		Administratiewe afdeling				
		Bedrag	%	Bedrag	%	Bedrag	%			
1958	188,723	53,588	28.4	36,436	19.4	98,699	52.2	18,423	<u>Min</u>	80,276
1959	233,469	53,552	22.9	42,957	18.4	136,960	58.7	41,959	"	95,001
1960	243,932	49,811	20.4	47,350	19.5	146,771	60.1	49,647	"	97,124
1961	256,757	51,171	19.9	55,331	21.5	150,255	58.6	59,105	"	91,149
1962	290,412	65,049	22.4	57,922	19.9	167,441	57.7	85,722	"	81,719
1963	325,107	82,302	25.3	80,112	24.7	162,693	50.0	91,562	"	71,131

6. Slot

Uit die aard van die saak is doeltreffende bestuur van Landboukoöperasies besonder ingewikkeld vanweë die feit dat die funksies soveel vertakkinge dek. Wye kennis en deursettingsvermoë is 'n vereiste om 'n sukses van so 'n omvangryke administrasie te maak.

Dit is die beleid van die direksie om gereeld te vergader ten einde in deeglike verbinding met al die fasette van die maatskappy te bly. Alle beskikbare inligting word van tyd tot tyd deur die administratiewe personeel aan die direksie oorgedra. Dit is ook 'n beleid van die maatskappy om slegs persone wat besiel is met dienslewering en oor die nodige ondervinding beskik, aan die hoof van die verskillende afdelings te plaas. Verder is elke hoof van 'n afdeling vertrouwd met die vereistes verbonde aan sy afdeling en die direksie meen dat dit sy plig is om toe te sien dat dit wel die geval is. Die raad van direkteure sorg dat elke lid van die personeel wat in diens van die maatskappy 'n verantwoordelike pos beklee, voldoende borg stel. Deur die talryke personeeldienste word die maatskappy verseker van tevrede en lojale personeel.

Goeie vrugte word afgewerp deur belangrike sake vir ondersoek aan 'n komitee van die raad van direkteure toe te vertrou om die nodige inligting vooraf te verkry.

Soos blyk uit die jaarlikse direkteursverslae is die direksie daarvan oortuig dat die vordering wat deur hierdie maatskappy gemaak word, toegeskryf kan word aan voortreflike bestuur.

Die kern van die saak is 'n wakker direksie bygestaan deur bekwame en besielde amptenare.

1. Inleiding

Soos blyk uit die voorgeskiedenis van koöperasies in Suid-Afrika, het landboukoöperasies in hierdie land ontstaan uit die nood waarin die landbouer verkeer het sedert die begin van hierdie eeu en veral gedurende die depressiejare. Die funksies van die koöperasies was en is nog om die lede se ondernemings op ekonomiese wyse te dien. Ons is bewus daarvan dat daar dikwels ook ander doelstellings in werking is, maar die basiese motief is ekonomiese hulp of diens.¹⁾

Ons kan die funksies van landboukoöperasies soos volg opsom:

(a) Produksie. Alhoewel koöperatiewe produksie oorsee dikwels aangetref word, kom dit selde in Suid-Afrika voor. Daar bestaan op die oomblik twee produksiekoöperasies van landbouprodukte, maar die koöperatiewe verrigting van sekere fases van landbouproduksie kom egter meer dikwels voor.

(b) Versameling van die boer se produk waarna dit be- en/of verwerk word. Die oorgrote meerderheid van landboukoöperasies in Suid-Afrika verrig hierdie tipe funksie.

(c) Verskaffing van boerderybenodigdhede - hetsy produksie- of handelsbenodigdhede of beide.

(d) Verskaffing van dienste van verskillende aard aan lede.

(e) Finansiering van die lid se bedryf, byvoorbeeld deur middel van voorskotte.

(f) Bemarking van die produkte in verwerkte of onverwerkte vorm. Sedert 1937 tree die meeste landboukoöperasies slegs as agente vir die beheerrade op.

1) Coetzee, F.J.J., a.w., p.13.

'n Besondere kenmerk in dié opsig is dat landboukoöperasies in Suid-Afrika een hoof funksie verrig en daarby sodanige addisionele funksies as wat nodig geag word ten einde groter diens aan lede te bewys. Die hantering van landbouprodukte is die hoof funksie van die meeste landboukoöperasies, terwyl boerderybenodigdhede en dienste as addisionele funksies verskaf word.

Die doeleindes waarvoor koöperatiewe landbouverenigings en -maatskappye in die lewe geroep kan word, word breedvoerig in die Wet op Koöperatiewe Verenigings (nr. 29/1939) uiteengesit. Dit hou niks meer in dan magtiging om sekere omskrewe saketerreine met omskrewe regte te betree nie.

2. Die doelstellings van die maatskappy

Artikel 3 van die statuut gee 'n breedvoerige uiteensetting van die doelstellings wat deur die maatskappy beoog word. Hierdie doelstellings is in ooreenstemming met artikel 6(1) van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, wat 'n uiteensetting gee van die modeldoelstellings waarvolgens koöperatiewe landbouverenigings en -maatskappye opgerig kan word.

Die doelstellings is veelomvattend en daarvolgens is die maatskappy gemagtig om in feitlik alle behoeftes van sy lede as landbouers, te voorsien. Die werksaamhede van die maatskappy word ook duidelik deur sy doelstellings weerspieël en kan kortliks soos volg opgesom word:

Bemarking van landbouprodukte.

Be- en/of verwerking van landbouprodukte.

Verskaffing van benodigdhede.

Lewering van diens ten opsigte van produksie.

Versekering van die produkte en eiendom van lede.

Voorskotte aan lede verleen.

Verskaffing van inligting.

Werwing van arbeiders vir lede.

Ooreenkomstig die werksaamhede van die maatskappy, word hierdie hoofstuk soos volg ingedeel ten einde 'n duidelike beeld van die maatskappy te gee:

Hantering van produkte.

Verwerking.

Bemaking.

Dienslewering.

Verskaffing van benodigdhede.

Laasgenoemde twee funksies word in die volgende hoofstuk behandel.

3. Die versamelingsfunksie

Dit is 'n algemeen bekende beginsel dat lede van landboukoöperasies verplig is om al hulle produkte aan hul koöperasie te lewer. Daarteenoor aanvaar die koöperasie dikwels die verpligting om alle produkte wat deur sy lede gelewer kan word, af te neem mits hy daartoe in staat is.

Artikel 84 van die statuut van die Vaalharts-landboukoöperasie bepaal dan ook - dat "elke lid verplig is om, met uitsondering van wat hy vir eie gebruik nodig het, al sy koring, lusern, grondbone, katoen, mielies en slagvee in so 'n vorm, toestand of kondisie as wat van tyd tot tyd deur die raad van direkteure bepaal word, aan die maatskappy te lewer, mits die maatskappy in staat is om met sulke slagvee of produkte te handel." Die statuut maak verder voorsiening vir die oplegging van 'n boete in die geval van nie-nakoming van hierdie artikel. Kontrole word ook uitgeoefen om te verseker dat die lede die beginsel nakom. Daar word ook bepaal dat per besluit by 'n algemene ledevergadering bepaal kan word ten opsigte van welke produkte verpligte lewering aan die maatskappy van toepassing sal wees. Ingevolge Goewermentskennisgewing nr. 137 van 31/1/1958 is eenkanaalbemaking van lusern in die Vaalhartsgebied verpligtend gemaak.

Omtrent 96% van al die blanke boere in die Vaalharts-besproeiingsgebied is lede van die koöperasie. Sover vasgestel kan word, kan lede al hul produkte aan die maatskappy lewer behalwe vrugte, wat deur Langeberg Koöperasie en melk wat deur die Reivilo Suiwelkoöperasie hanteer word. Daar kon ook geen bewyse gevind word dat lewende hawe ooit deur die maatskappy hanteer word nie. Daar bestaan in elk geval geen behoefte daaraan nie, want die gebied benoorde die Vaalrivier word deur verskeie vee-bemarkingsagentskappe gedien en besoeke aan die besproeiingskema om veillings te hou, is voldoende om die bietjie lewende hawe wat die boere besit, te hanteer. Die statuut het aanvanklik ook voorsiening gemaak vir die inname van tabak, maar aangesien geen tabak in die gebied geproduseer word nie, is die bepaling in 1961 uit die statuut geskrap.


Wat betref die ontrouheid van lede, kom dit selde voor dat lede nie al hul produkte aan die maatskappy lewer nie. Daar is ook nog nooit teen sulke lede opgetree nie, nieteenstaande die feit dat die statuut wel daarvoor voorsiening maak.

Produkte van nie-lede word wel aangeneem, maar dan alleen in gevalle van beheerde produkte waar die maatskappy optree as agent van die verskillende beheerrade. Handel met nie-lede vorm omtrent 3% van die totale hoeveelheid produkte wat aangeneem word.

3.1 Die organisasie van hierdie funksie

Die inname van die landbouprodukte word deur die Produkte-afdeling behartig en vir hierdie doel beskik die maatskappy oor ontvangsdepots te Magogong, Pokwani, Tadcaster, Jan Kempdorp, Hartsvallei en Bullhill. Die beheerde produkte van Bantoeboere in die omgewing van Taung word deur die Departement van Lande aangeneem en aan die maatskappy gelewer vir afset daarvan. Die idee is dat 'n Bantoe-koöperasie mettertyd daar gestig sal word.

Die gesagslyn by hierdie depots kan skematies soos volg voorgestel word:



3.2 Produkte wat die maatskappy hanteer

Dit is haas onmoontlik om 'n allesinsluitende lys van produkte wat gereeld deur die maatskappy gehanteer word, op te stel, omdat die boere gedurig met verskillende gewasse eksperimenteer en hulle oeste gevolglik wissel. Die inrigting van die maatskappy is egter sodanig dat dit 'n groot verskeidenheid landbougewasse kan hanteer.

Uit die aard van die gebied as besproeiingskema, is die boere nie soseer afhanklik van die reënval, met die gevolg dat beide somer- en wintergewasse geproduseer word asook altyddurende gewasse soos lusern. Dit het dié voordeel vir die maatskappy dat onewewigtige bedryfsbesetting nie in so 'n groot mate voorkom as wat die geval is met koöperasies wat net seisoensprodukte hanteer nie. Werksaamhede by die skure vloei dus redelik gelykmatig dwarsdeur die jaar. Daar is wel spitsstydperke te onderskei en wel ten tye van die vernaamste oeste wat deur die gebied gelewer word. Die twee periodes Junie/Julie en Desember/Januarie word beskou as die besigste tye by die skure en die maatskappy oor die algemeen.

As daar in gedagte gehou word dat landboukoöperasies vandag in die meeste gevalle slegs as 'n agent van die een of verskillende beheerrade optree, kan ons 'n onderskeid maak tussen die beheerde en onbeheerde produkte wat die maatskappy hanteer. Die beheerde produkte word geheel volgens voorskrifte van die beheerrade gehanteer. Onbeheerde produkte word volgens 'n poelstelsel vir elke afsonderlike produk gehanteer. Met betrekking tot die beheerde produkte verdien die maatskappy 'n bergingsloon en hanteringskommissie van die beheerrade.

3.3 Ontvangs van produkte by die depots

Lede moet self hulle produkte by hul naaste depot lewer en alle depots ontvang alle soorte produkte. Dit beteken dat daar geen gespesialiseerde ontvangsentrums is nie. Die gerief van die boer kan dus as die eerste oorweging beskou word. Gespesialiseerde depots sou geen besondere voordeel vir die maatskappy meebring nie.

Elke depot het 'n ontvangspunt waar die vrag soos deur die boer gelewer, geweeg en gegradeer word. Die hele voertuig met die vrag word geweeg op 'n weegbrug en nadat die vrag afgelaai is, word die leë voertuig geweeg om die gewig van die vrag te bepaal. Verskillende produkte word volgens verskillende metodes gegradeer. Die vernaamste metodes is soos volg:

Lusern: volgens die hoeveelheid blare wat in die baal is, die kleur en voggehalte. Dit word volgens grade 1 tot 3 geklassifiseer.


Koring: elke sak word gestee en geklassifiseer volgens skepelgewig. Op die wyse kan ook bepaal word of daar vreemde materiaal aanwesig is, wat later met die hand uitgesoek word. Die voggehalte word ook bepaal en 'n maksimum vogpersentasie word toegelaat. Dit word volgens grade 1 tot 6 geklassifiseer.

Mielies: word met siwwe gegradeer en word ook getoets vir vreemde materiaal (met skale) en mielies van 'n ander kleur. 'n Maksimum toelaatbare vogpersentasie word voorgeskryf.

Bogenoemde is die drie hoofmetodes waarvolgens graa by die depots gegradeer word. In die geval van alle ander produkte word van een van hierdie metodes gebruik gemaak.

3.4 Enkele gegewens oor die inname van produkte

Die volgende figuur gee 'n beeld van die totale hoeveelheid produkte wat gedurende die periode waarvoor gegewens ingesamel is (1 Augustus 1956 tot 31 Julie 1963), ontvang is (Figuur 1, p.52). Al die produkte-rekeninge vir die jongste boekjaar was op datum nog nie afgesluit nie.

FIGUUR ITOTALE HOEVEELHEID PRODUKTE BEMARK

Die skommeling wat waargeneem word, is grootliks toe te skryf aan natuurlike faktore wat produksie beïnvloed, byvoorbeeld plantsiektes, ryp, hael, droogtetoestande, oortollige reëns, ens. Steeds groter oeste word gelewer deur beter boerderypraktyke wat toegepas word, en in dié verband moedig die maatskappy lede aan om nuwe metodes toe te pas.

Die produksie van sekere gewasse waarvoor daar 'n goeie mark bestaan, word deur die maatskappy aangemoedig. So byvoorbeeld word die lewering van ongedopte grondbone aangemoedig deurdat 'n aansporingspremie ten opsigte daarvan betaal word. Desnieteenstaande word steeds minder ongedopte en meer gedopte grondbone gelewer.

3.5 Opberging

In die uitvoering van sy funksie as versamelaar van landbouprodukte, moet die maatskappy die nodige opbergingsfasiliteite voorsien. Vir dié doel word hoofsaaklik van sinkskure gebruik gemaak.

Skure waarin mielies opgeberg word, word deur die Mielie beheerraad gegradeer op basis van die ontsmette toestand daarvan. Die maatskappy se skure is almal as A-graad-skure gegradeer. Behalwe die bergloon wat die Beheerraad op gebergte produkte betaal, verdien die maatskappy 'n addisionele vergoeding (kommissie) op mielies wat in A-graad-skure opgeberg word. Hierdeur word 'n aansienlike inkomste aan die maatskappy besorg. Ten einde die hoë standaard van A-graad-skure te handhaaf, word die skure deur middel van 'n rookproses ontsmet.

Die konstruksie van skure moet aan sekere vereistes soos deur die Beheerraad voorgeskryf is, voldoen. Die skure van die maatskappy wat nie aan hierdie vereistes voldoen het nie, kon met geringe koste verbeter word. Die beleid van die maatskappy tot dusver was om geen bonus aan lede uit te betaal nie, maar om die winste aan te wend om die nodige geboue op te rig. Dit

is 'n ekonomiese wyse om winste in die onderneming terug te ploeg. Hierdie beleid word in 'n latere hoofstuk bespreek.

Die skure sowel as die inhoud daarvan moet verseker word en ten opsigte hiervan maak die maatskappy van die dienste van Sentrakas gebruik. Maandelikse opgawes van die inhoud van die skure moet verstrek word. 'n Voorlopige premie word aan die begin van die jaar betaal, wat gebaseer is op die maksimum produkte wat in die verlede deur die maatskappy opgeberg is. Aan die einde van die jaar word die maandelikse opgawesyfers gekonsolideer om die werklike premie vas te stel. Terug- of opbetalings word dan gemaak na gelang van die geval. Hierdie assuransiedekking is alleen geldig solank die produkte op die maatskappy se terrein is.

Wanneer opbergruimte beperk is, kan die graan, met die toestemming van die beheerraad, buite opgeberg word. Uit die aard van die saak is daar sekere risiko's aan hierdie buitestapeling verbonde wat tot gevolg het dat die assuransie verhoog word. Buitegebergte graansakke word met bokseile toegemaak terwyl lusern slegs tydelik met sinkplate bedek word. In laasgenoemde geval is die gevaar van skade deur reën groter, want lusern bale wat aan water blootgestel is, kan laer gegradeer word. Verliese deur buitestapeling is egter gering aangesien beskadigde lusern in die maalproses gebruik word. Die oprigting van **addisionele** skure is dus nie geregverdig nie aangesien daar onderbesetting van die beskikbare kapasiteit gedurende sekere periodes kan wees. Eers wanneer die gemiddelde jaarlikse opbrengs vir die besproeiingsgebied verhoog word, kan daar aandag aan die kwessie van **addisionele** permanente skure geskenk word.

Die maatskappy voer aan dat fisiese voorraadopnames van produkte in die skure onmoontlik is. Oestekorte word gevolglik as 'n persentasie op boekwaarde, soos bepaal deur die ouditeur en bestuur, bereken. Verliese kom wel voor as gevolg van uitdroging en degradering, maar volgens die huidige metode kan nie vasgestel

word of daar verliese om ander redes voorkom nie. Fisiese voorraadopnames kan vergemaklik word deur graan volgens standaard stapels te pak.

3.6 Meganisasie

By die aflaai van graan by die skure, word sover moontlik van meganiese hulpmiddele gebruik gemaak. Hiervoor en ook vir die oplaai van graan word elektries aangedrewe stapelmasjiene gebruik. Daar word ook van meganiese weegbrûe gebruik gemaak.

3.7 Enkele probleme by die inname van produkte

Ten slotte wil ons wys op twee probleme wat dikwels opduik by die inname van graan.

(i) Graderingsprobleme

Produsente is soms ontevrede met die graad wat aan hulle produkte toegeken word. In so 'n geval word 'n inspekteur van die hoofkantoor gestuur. Indien sy beslissing ook in twyfel getrek word, word die saak na die hoof van die Produkte-afdeling verwys. Daarna kan die saak vir finale beslissing na die betrokke beheerraad verwys word.

'n Oplossing van die probleem is moeilik te vinde aangesien die boer se interpretasie van die gehalte van sy produk nie altyd op goeie gronde berus nie. Opvoeding van lede in dié opsig kan die probleem verlig.

(ii) Afwyking by gewigte

Die gewig van sakke graan of van hooi beantwoord nie altyd aan die standaardgewig nie. Dit word eers vasgestel wanneer die produk by die skure gelewer word. Die boer moet dan sorg dat die saak reggestel word, wat verspilling van tyd meebring.

Hierdie probleem word toegeskryf aan die feit dat boere selde of nooit hul skale laat yk terwyl die maatskappy baie nougeset is met betrekking tot die juistheid van sy eie skale. 'n Moontlike oplossing vir die probleem is om lede te verplig om

hul skale gereeld te laat yk. Dit kan deur die maatskappy as 'n diens aan sy lede verrig word.

4. Verwerking van sekere produkte

Soos ons in die eerste hoofstuk gesien het, kan die funksies van 'n landboukoöperasie ook die be- en/of verwerking van die boerse produkte insluit. Die statuut van hierdie maatskappy maak ook spesifiek daarvoor voorsiening en wel in artikel 3(b). Hierdie funksie ressorteer ook onder die Produkte-afdeling van die maatskappy.

4.1 Sorteer van grondbone

'n Gedeelte van die grondbone wat van produsente en ander agente verkry word, word uitgesoek vir eetmarkverbruik en as saad wat weer aan boere verskaf word. Gedurende die 1959/60-boekjaar was hierdie maatskappy vir die eerste keer die agent wat die meeste grondbone namens die Oliesaadbeheerraad geselekteer het en hierdie prestasie word sedertdien jaarliks gehandhaaf. Vir die 1962/63-boekjaar het die maatskappy ook die grootste bydrae tot die totale grondbone-uitvoer van die Oliesaadbeheerraad gelewer, naamlik 55%. Hierdie groot deelname aan die uitvoerprogram van die Raad het nie alleen 'n gunstige uitwerking op die agterskotbetaling nie, maar lewer 'n besondere goeie inkomste aan die maatskappy. 'n Abnormale hoë middel- en agterskot kan betaal word.

TABEL NR. 2

EETMARKGRONDBONE GESORTEER

Oesjaar	Pitte (Tonnemaat)	Peule (Tonnemaat)	Totaal (Tonnemaat)
1956/57	839,063	941,241	1,780,304
1957/58	877,078	769,611	1,646,689
1958/59	1,670,859	670,638	2,341,497
1959/60	1,763,460	427,292	2,190,752
1960/61	2,170,891	226,984	2,397,875
1961/62	2,984,907	41,550	3,026,457
1962/63	3,054,090	214,145	3,268,235

Die sorteer van grondbone geskied in twee fases. Die eerste fase is gemeganiseer en daar word van soortlike gewigmasjiene gebruik gemaak. Die eerste masjien verwyder alle vreemde materiaal en daarna gaan die skoon produk na 'n tweede tipe masjien wat die bone volgens vyf groottes sorteer. Die een grootte, naamlik die "splits" word olie van gepers. Ander groottes gaan na die sorteerbanke vir verdere gradering. By hierdie tweede fase word van hande-arbeid gebruik gemaak om gevlekte pitte en pitte waarvan die doppie beskadig is, te verwyder. Bantoevroue word hoofsaaklik vir hierdie werk gebruik. Hierna word die skoon produk in sakke gegooi, geweeg en toegewerk sodat dit gereed is vir versending.

Grondbonepitte word volgens die hoeveelheid pitte per ons gewig gegradeer. Dit word in drie groottes gesorteer, naamlik NC 67 vir uitvoer (dit wil sê van 60 tot 70 pitte per ons); NC 78 vir die plaaslike eetmark en 80 en meer pitte per ons wat as saad gebruik word.

Permanente uitsoekdepots is te Hartswater, Jan Kempdorp, Magogong en Tadcaster ingerig. Laasgenoemde is meerendeels bedoel vir die uitsoek van peule. Wanneer die behoefte dit vereis, word ook tydelike fasiliteite by die ander depots ingerig.

Die uitsoek van grondbone is 'n proses wat feitlik die heel jaar deur aan die gang is met 'n speling van slegs ± 3 weke tussen die seisoene. Die proses bereik 'n hoogtepunt wanneer die oes gelewer word, naamlik vanaf Mei, en neem dan geleidelik af.

Die Oliesaadbeheerraad betaal 'n uitsoekvergoeding aan die maatskappy.

4.2 Vermaling van lusern

'n Gedeelte van die lusernoos word vermaal tot meel wat 'n belangrike bestanddeel van gebalanseerde voerrantsoene vorm. Reënbeskadigde lusern word ook vermaal en dit is dus 'n belangrike metode om verliese in daardie opsig uit te skakel. Nie alleen

beskadigde lusern nie, maar ook eerstegraad lusern word vermaal.

Die proses word slegs by die Magogong-depot verrig waar van moderne masjinerie gebruik gemaak word en alles outomaties geskied. 'n Probleem wat hier ondervind word, is dat daar dikwels gereedskap en ander metaalvoorwerpe per abuis deur die boer saam met die lusern gebind word. Sulke voorwerpe beskadig die masjien.

'n Aansienlike hoeveelheid lusernmeelstof word in die maalproses vrygelaat. Hierdie stof word deur middel van pype weggelei tot waar dit in spesiale houers opgevang en afgekoel word. Die afsaksel vorm 'n poeieragtige stof wat ook bemark kan word, alhoewel die maatskappy soms moeite ondervind om 'n afsetgebied daarvoor te vind. Hierdie proses word sonder veel ekstra koste verrig en kan 'n redelike addisionele inkomste aan die maatskappy besorg, terwyl lugbesoedeling voorkom word.

Die aanvraag na lusernmeel het sodanig toegeneem dat die fabriek sedert 1960 vier-en-twintig uur per dag werk.

4.3 Kerf en pers van lusern- en hawerhooi onder hoë druk

In 'n poging om ekstra inkomste vir die maatskappy en sy lede te verdien, is 'n begin gemaak met die kerf en pers te Tadcaster van sekere soorte hooi in klein bale van 18 duim by 18 duim en 65 pond gewig. Die doel van die klein bale is om opbergruimte te bespaar en dit bied die verdere voordeel dat die bale nie nat word indien hulle in die reën lê nie.

Die hawerhooi word ongedors aan die maatskappy gelewer en dan gekerf en onder hoë druk tot die klein bale saamgepers. 'n Spesiale hoëdrukpersmasjien word gebruik. Die bale word van 'n papieromhulsel voorsien sodat die pitte nie verlore gaan nie.

Hierdie proses bring 'n groot besparing mee deurdat lusernbale wat losgegaan het en andersins verlore sou gaan, nou gepers word. Soms word die lusern met hawerhooi gemeng. Dit wil voorkom asof die maatskappy moeite ondervind met die afset van hierdie produk. Die moontlikheid om hierdie lusern ook te vermaal,

behoort ondersoek te word. Dit kan sonder kapitaalbelegging winsgewend by die vermalingsproses ingeskakel word.

5. Die afsetfunksie

Die afsetfunksie van landboukoöperasies kan gesien word as die teenoorgestelde van die versamelingsfunksie. Die landbouprodukte en lewende hawe wat die boer aan die koöperasie gelewer het en wat be- en/of verwerk is, moet gedistribueer word. Ten opsigte van beheerde produkte is daar geen probleem nie aangesien die verskillende beheerrade vir die vind van markte en prysbepaling verantwoordelik is. Die koöperasie loop dus geen risiko ten opsigte van sodanige produkte nie. Vir onbeheerde produkte aanvaar die maatskappy self alle verantwoordelikheid ten opsigte van bemarking en vir sommige produkte het hy gereelde kopers wat die afsetfunksie aansienlik vergemaklik.

Alhoewel daar nie van handelsreisigers gebruik gemaak word nie, voer die maatskappy tog 'n beleid van kontak na buite en wel deur middel van persoonlike kontakte deur die Hoof- en Produktebestuurders en advertensies in landboutydskrifte en dagblaaie. Die maatskappy reël ook uitstallings op plaaslike tentoonstellings.

Fisiese distribusie word vanuit die hoofkantoor gereël. Die depot waar die verlangde produkte beskikbaar is, ontvang opdragte om die produk van 'n bepaalde graad te versend en streng kontrole word oor sodanige versending uitgeoefen. Voordat die besendings die terrein van die maatskappy verlaat, word hulle eers weer geweeg en daarna word die versendingsbewyse aan die hoofkantoor vir kontrole- en rekeningkundige doeleindes gestuur.

Artikel 88 van die statuut bepaal: "Die raad van direkteure kan na goeë dinge:

- (a) die landbouprodukte of lewende hawe produkte van die lede verpoel, dit geheel of gedeeltelik verwerk en dit in 'n geheel of gedeeltelik verwerkte toestand van die hand sit;

- (b) die landbou- of lewende hawe produkte van die lede verpoel en dit in 'n onverwerkte toestand van die hand sit;
- (c) die landbou- of lewende hawe produkte van die lede van die hand sit sonder om dit te verwerk of te verpoel;
- (d) reëlings tref vir bemarking van landbou- of lewende hawe produkte deur lede op 'n basis deur die raad van direkteure vasgestel te word."

Tabel 3 (p.61) toon die totale hoeveelheid en waarde van produkte wat bemark is. Totale jaarlikse hoeveelheid kan nie gegee word nie aangesien verskillende eenhede wat nie vergelykbaar is nie, gebruik is. Totale jaarlikse waarde van produkte wat bemark is, kan nie as maatstaf gebruik word om die jaarlikse wisselinge te meet nie aangesien toename in inkomste 'n funksie van toename in hoeveelheid sowel as in pryse is. Uit die gegewens kan egter afgelei word dat die hoeveelheid produkte wat bemark is in die meeste gevalle skerp gestyg het.

TABEL 3/

TABEL Nr. 3

LANDBOUPRODUKTE REMARK

Boek- jaar	Grondbone		Lusern		Wintergraan		Koring		Diverse	Produkte	Totale
	Tonnemaat	Waarde	Tonnemaat	Waarde	Sakke	Waarde	Tonnemaat	Waarde	Tonnemaat	Waarde	Waarde
1956/57	16,446	1,501,579	x	x	11,933	30,550	20,401	1,709,949	31	4,565	3,246,643
1957/58	11,338	970,253	38,678	585,500	27,356	66,952	25,117	1,240,364	1,387	40,482	2,903,551
1958/59	14,269	1,228,777	48,145	790,819	67,412	180,038	30,926	1,670,883	193	6,192	3,876,709
1959/60	20,873	1,795,679	52,098	1,005,198	35,453	93,232	13,329	728,343	3,941	59,870	3,682,322
1960/61	28,971	2,680,818	72,158	1,146,495	69,124	201,721	24,705	1,376,252	667	8,839	5,414,125
1961/62	26,351	2,250,755	68,970	1,102,848	110,320	330,339	20,151	1,142,885	276	3,213	4,830,040
1962/63	32,548	2,932,114	33,854	439,362	364,988	1,668,197	x	x	1,019	112,775	5,152,448

x Geen rekeninge vir die jaar opgestel nie.

Soos reeds genoem, behaal die maatskappy besondere resultate deur die lewering van uitsoekgrondbone aan die plaaslike en oorsese eetmarkte. Pryse wat deur die Oliesaadbeheerraad op die oorsese mark behaal word, is besonder hoog in vergelyking met plaaslike pryse. Laasgenoemde is egter redelik stabiel, in teenstelling met die oorsese prys. Produkte vir die plaaslike eetmark word in die maatskappy se eie handelsmerksakkies, en op die buitelandse mark in sakkies van die Raad, bemark.

Die afset van lusern en lusernprodukte is uitsluitlik die verantwoordelikheid van die maatskappy, maar geen probleme word in dié verband ondervind nie aangesien die mark en pryse ten opsigte van hierdie produkte goed is. Lusernhooi en -meel is 'n vername veevoeding, veral gedurende droogtettye. In dié verband vorm die veestreke onmiddellik benoorde die besproeiingskema 'n groot afsetgebied vir hierdie produkte. Groot bestellings word ook van ander landboukoöperasies en Rhodesië ontvang, terwyl bestellings soms ook na Engeland uitgevoer word.

Die ander onbeheerde produkte word verpoel en/of verwerk en deur die maatskappy van die hand gesit.

6. Vergoeding aan produsente

Artikel 88 van die statuut bepaal dat die raad van direkteure na goeddunke die landbouprodukte of lewendehaweprodukte van lede kan verpoel en in 'n verwerkte of onverwerkte toestand van die hand kan sit of dit van die hand sit sonder om dit te verpoel. Ten opsigte van verpoelde produkte bepaal artikel 89 dat die produkte volgens soort en/of graad verpoel word en dat die lede 'n voorskot daarop kan ontvang mits die maatskappy in staat is om so 'n voorskot te betaal. Die bedrag van die voorskot word deur die raad van direkteure bepaal, maar die gemiddelde voorskotte gedurende die tydperk van die poel mag in geen geval 75% van die geskatte markwaarde van die produkte te bowe gaan nie. Verder word bepaal dat jaarlikse poele gehou sal word en dat van

die totale bedrag wat deur die maatskappy ontvang word deur die verkoop van die produkte in die poel, 'n bepaalde bedrag afgetrek sal word.²⁾

Die oorskot op elke poelrekening, na aftrekking van die bepaalde bedrag, word onder die lede verdeel in verhouding tot die hoeveelheid of die voorskotwaarde van produkte deur elk aan die poel gelewer en volgens die gemiddelde prys behaal gedurende die tydperk van die poelrekening.

Dit uitbetaling aan lede van die werklike prys van onverpoelde produkte of lewende hawe, vind plaas nadat die produkte verkoop is en na aftrekking van spoorvrag en ander direkte koste in verband met die besending, rente en kommissie wat die maatskappy verdien (artikel 90). Indien die voorskotte wat aan lede uitbetaal is, hoër is as die waarde waarmee lede gekrediteer moet word, moet die saldo deur die lede aan die maatskappy terugbetaal word. Wanneer die gekrediteerde waarde minder as die voorskot is, word ook 'n agterskot aan lede uitbetaal. Soms word 'n tussentydse vergoeding in die vorm van 'n middelskot betaal.

7. Vervoer

By die lewering van graan aan die maatskappy maak die boer van eie vervoer gebruik, maar by die versending van produkte is die maatskappy op vervoer deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë toegewys. Die S.A.S. verskaf private sypore by vier van die skure wat as vaste bate deur die maatskappy beskou word.

2) Hierdie "bepaalde bedrag" sluit in:

- (i) direkte verwerkings- en verpoelingskoste;
- (ii) direkte verkoopskoste;
- (iii) heffings aan beheerrade;
- (iv) rente op voorskotte;
- (v) kommissie betaalbaar aan die maatskappy om administratiewe koste te dek.

Die waarde van hierdie syspore is soos volg:

TABEL NR. 4

WAARDE VAN SYSPORE

Jaar geëindig 31 Julie	Kosprys	Opgehoopte voor- siening vir waar- devermindering	Huidige waarde
1957	3,838.58	1810.58	2028.00
1958	3,838.58	2190.58	1648.00
1960	3,838.58	2382.58	1456.00
1961	3,838.58	2574.58	1264.00
1962	4,552.76	2766.58	1786.18
1963	11,819.02	3358.02	8461.00

Twee van die depots word egter nie deur 'n spoorlyn gedien nie, naamlik Bullhill en Hartsvallei. In hierdie gevalle maak die maatskappy van die padmotordiens van die S.A.S. gebruik wat die produkte na die naaste spoorwegstasie, naamlik Warrenton vervoer. Boere is verantwoordelik vir hierdie vervoerkoste wat teen 136 sent per ton vanaf Bullhill en 95 sent vanaf Hartsvallei bereken word. Dit lê 'n addisionele las op hierdie boere wat nie deur lede in die omgewing van die ander depots gedra word nie. Dit is eintlik 'n onregverdige las as ons in ag neem dat die maatskappy ekstra koste aangaan om syspore by die ander depots te verkry.

Daar word ook van vervoer deur privaat kontrakteurs gebruik gemaak en die maatskappy vervoer self 'n klein persentasie van die graan na Warrenton. Koöperatiewe vervoer by hierdie depots sal aansienlike besparings vir lede en vir die maatskappy meebring aangesien die maatskappy ook van ander vervoer vir benodigdhede gebruik moet maak.

8. Resultate van die Produkte-afdeling

Tabel 5 (p.65) gee 'n ontleding van die eindresultate van hierdie afdeling. Die groot omset in landbouprodukte, saad en kunsmis is 'n logiese uitvloeisel van die gebied wat deur die maatskappy bedien word.

TABEL Nr. 5ONTLEDING VAN DIE PRODUKTE-AFDELING

Boekjaar	Totale omset in produkte, saad en sakke	Bruto Surplusse en ander inkomste	% op omset	Toegedeelde Administra- tiewe Koste xx	Netto Surplusse	% op omset
1957/58	3,313,431	209,549	6.3	53,588	155,961	4.7
1958/59	4,396,781	250,941	5.7	53,552	197,389	4.4
1959/60	4,167,710	295,600	7.1	49,811	245,789	5.9
1960/61	5,995,673	303,071	5.0	51,171	251,900	4.2
1961/62	5,472,157	307,747	5.6	65,049	242,698	4.4
1962/63	5,838,453	264,260	5.1	82,302	181,958	3.5

xx Soos per Tabel 1 (p. 44)

Nieteenstaande hierdie groot omsette, is die persentasie surplusse nie groot nie. Dit word toegeskryf aan die feit dat elke produkterekening en -poel, behalwe direkte koste, ook gedeelteer word met 'n kommissie ten einde algemene administratiewe koste te dek. Die toegedeelde administratiewe koste is nie hoog nie as in gedagte gehou word dat die hantering van produkte die hoof funksie van die maatskappy is.

9. Samevatting

'n Verskeidenheid produkte word gehanteer waarvan lusern, grondbone, wintergraan en koring die belangrikste is. Ander gewasse word ook van tyd tot tyd ontvang, maar die inrigting van die depots is sodanig dat geen ontwingting ondervind word wanneer buitengewone produkte ontvang word nie. Die skure is geskik vir die opberging van enige soort onbederfbare produk. Bederfbare produkte word in elk geval nie gehanteer nie aangesien Langeberg Koöperasie die vrugte wat in die skemagebied geproduseer word, ontvang en melk deur die Reivilo Suiwelkoöperasie gehaal word.

Die ses ontvangsdepots is vir die gerief van produsente oor die hele skema versprei met die gevolg dat produkte met min koste by die depots gelewer kan word. Meganisasie by die depots vergemaklik sulke ontvangste en voldoende opbergruimte is beskikbaar om alle graanontvangste gedurende normale tye te berg. Lusern word egter dikwels buite opgeberg ten einde opbergruimte vir ander produkte wat nie met dieselfde veiligheid buite opgeberg kan word nie, te bespaar. Skade aan lusern wat aldus opgeberg word, is gering en dié deel wat beskadig word, word in die maalproses gebruik.

Leweransiers ondervind dikwels oponthoud tydens die aflaa van hul produkte aangesien slegs een weegbrug by elke depot beskikbaar is. Oorweging kan geskenk word aan die verskaffing van addisionele fasiliteite aangesien dieselfde weegbrûe ook gebruik word wanneer uitgaande besending gelaai word.

Die grootste gedeelte van die produkte wat deur die maatskappy gehanteer word, is beheerde produkte en geen moeite word dus in hierdie gevalle ondervind met die afset daarvan nie. Probleme word soms ondervind wanneer skure nie betyds vir die volgende oes ontruim kan word as die beheerrade nie gou genoeg voorrade van die maatskappy trek nie.

Aangesien die maatskappy vaste kontrakte het vir die lewering van die meeste onbeheerde produkte, word in hierdie opsig ook nie veel afsetprobleme ondervind nie. Probleme ontstaan wel wanneer buitengewone produkte, wat nie dikwels gehanteer word en waarvoor nie vaste kontrakte gehou word nie, ontvang word. Hierdie probleem word wel oorkom deur die beleid van persoonlike kontak na buite, advertensies en tentoonstellings.

Oor die algemeen kan gesê word dat die bemarkingsfunksie op 'n gesonde basis berus. Die stabiliteit wat die beheerraadskemas bied en die poelstelsels waarvolgens onbeheerde produkte bemark word, dra baie hiertoe by.

HOOFSTUK V

DIE VERSKAFFING VAN BENODIGDHEDE EN DIENSTE

1. Inleiding

Die verskaffing van benodigdhede is 'n logiese uitvloeisel van die hanterings- en bemarkingsfunksies soos hulle in die vorige hoofstuk bespreek is. By elke landboukoöperasie wat landbouprodukte hanteer, is dit 'n essensiële diens wat aan die lede verskaf moet word. Dit vorm eintlik twee onafskeidbare funksies. 'n Ander funksie wat hiermee gepaard gaan, is die lewering van spesifieke dienste soos byvoorbeeld die oes van graan, bespuiting, assuransie, ens.

Wanneer dit oorweeg word om 'n bepaalde diens in te stel, moet sekere faktore in ag geneem word naamlik:¹⁾

- "1. Die bestaan van die behoefte aan so 'n diens, die noodsaaklikheid daarvan en die bestaan van ander ondernemings wat alreeds die diens verrig.
2. Die vergoeding waarteen daardie diens aan die produsent gelewer word.
3. Die vraag of die koöperasie daardie diens net so doeltreffend teen dieselfde of teen 'n laer tarief kan verrig.
4. Die kapitaal wat daarvoor vereis word en beskik die koöperasie oor die nodige kapitaal. Indien nie, regverdig die diens die opneem van geld vir daardie diens.
5. Die finansiële resultate van so 'n diens."

Aangesien die landboukoöperasie in direkte verbinding met sy lede staan, kan hy die beste vasstel wat lede se behoefte ten opsigte van laasgenoemde se onderneming is. Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, bepaal dat slegs boerderybenodigd-

1) Prinsloo, A.L.: "Dienste wat deur koöperatiewe verenigings bewys word." (In: Tweede Vakansiekursus in Koöperasieleer.) Potchefstroom, 1953, p.41.

hede wat direk op die boerderybedryf betrekking het, deur landboukoöperasies verskaf mag word en aangesien die koöperasie weet welke produkte sy lede produseer, kan hy dus bepaal welke behoeftes daarmee in verband staan. Daardeur word voorkom dat onnodige voorrade aangehou word.

Die verskaffing van boerderybenodigdhede deur landboukoöperasies as 'n addisionele funksie, hou verder die voordeel in dat die lid sy aankope by dieselfde plek kan doen waar hy sy produkte lewer. Skuldvergelyking kan dus deur die koöperasie toegepas word en dit is vir die lid nie nodig om met rekeninge gemoeid te wees nie. Die koöperasie finansier sy lede ook in dié opsig deurdat benodigdhede op krediet verskaf word met betaling nadat die oes gelewer is. Aangesien die produksieseisoen oor verskeie maande strek, kom dit dus neer op tussentermynkrediet, wat nie van

Ook ten opsigte van die lewering van spesifieke dienste kan die koöperasie vasstel waar 'n behoefte aan 'n bepaalde diens by sy lede bestaan.

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die verskaffing van boerderybenodigdhede en spesifieke dienste deur die Vaalharts-landboukoöperasie. Die maatskappy het hierdie verskaffing op hom geneem omdat daaraan 'n dringende behoefte bestaan het waarin nie reeds deur 'n ander instansie binne hierdie, redelik onontwikkelde gebied, voorsien is nie. So 'n stap is ook geregverdig, gesien in die lig van die ekonomiese sterkte van die maatskappy en hy kan in nog verdere behoeftes wat mag ontstaan, met vrug voorsien.

2. Verskaffing van benodigdhede

Die maatskappy stel hom ten doel om onder andere landbougereedskap- en -masjinerie, lewende hawe, saad, vrugtebome, voer, misstowwe en ander benodigdhede ten behoewe van lede aan te koop of op 'n ander wyse te verkry en aan hulle te verskaf en om voe-

dingstowwe, misstowwe, kompos of ander boerderybenodigdhede te vervaardig of te bewerk. Die maatskappy se doelstelling is verder om winkels volgens die koöperatiewe stelsel te verkry, te open en aan te hou om genoemde artikels aan lede te lewer. (artikel 3(e), (f) en (g)). Verderaan in die statuut vind ons dat bogenoemde verskaffing onderworpe is aan 'n voorwaarde, naamlik: "as die maatskappy daartoe in staat is, kan hy sy lede van landbougereedskap, landboumasjinerie en ander boerderybenodigdhede voorsien." (artikel 95.) Met die ontstaan van die maatskappy was hierdie dienste dus nie 'n uitgemaakte saak nie, maar hulle is wel spoedig gelewer en gedurende die 1945/46-finansiële jaar is benodigdhede soos implemente, graansakke, kunsmis, ens. ten bedrae van R85,936.44 aan lede verskaf. Op hierdie handel is 'n netto wins gemaak in teenstelling met die huidige toedrag van sake. Genoemde artikels word teen kosprys plus 'n kommissie, wat deur die raad van direkteure vasgestel word, verskaf. (artikel 96.)

Benodigdhede word nie op krediet verskaf nie behalwe in die volgende drie gevalle:

- (a) Waar artikels gekoop word wat direk op die lid se oeste betrekking het; in welke geval die verleende krediet afgetrek word van die bedrag wat aan die lid vir gelewerde produkte betaalbaar is;
- (b) waar sodanige krediet gedek word deur die lid se belange in die heffingsfonds; en
- (c) landbougereedskap, -masjinerie en ander boerderybenodigdhede kan op krediet verskaf word mits 'n behoorlike huurkoopkontrak gesluit word waarvolgens een-derde van die artikel se waarde as deposito betaal word en die res oor 'n tydperk van hoogstens vier-en-twintig maande. (artikel 96.)

Rente word op uitstaande bedrae in 'n lid se rekening bereken teen 'n koers wat van tyd tot tyd deur die raad van direkteure vasgestel word. (artikel 97.)

Soos in 'n vorige hoofstuk geblyk het, maak die maatskappy 'n onderskeid tussen produksiebenodigdhede, wat gedeeltelik deur die Produkte-afdeling hanteer word, en handelsbenodigdhede wat saam met sekere produksie-benodigdhede, deur die Handelsafdeling hanteer word.

Onder die Handelsafdeling ressorteer die kosteberekening-sêksie wat die kosteberekeninge vir alle benodigdhede doen. Die verkoopprijs van artikels word gebaseer op die faktuurprijs plus 'n bepaalde kommissie wat die spoorvrag en ander onkoste moet dek. Hierdie marges verskil volgens artikel. In gevalle waar die maatskappy 'n groot korting op inkope verdien, kry die lid die voordeel deurdat die verkoopprijs met 'n gedeelte van die korting verminder word. Oor die algemeen wissel die korting tussen 10% en 20%, maar op goedere wat die maatskappy nie direk raak nie, naamlik luukse artikels soos byvoorbeeld verf, maak die maatskappy 'n groter wins.

Die aankoopbeleid van die maatskappy is om hierdie artikels te bekom van leweransiers wat die beste voorwaardes bied - hetsy die privaathandel of verskaffingskoöperasies. Met die oog hierop, hou die maatskappy aandele in "Boeresake (K.P.) Sentraal Koöperatief Beperk" (te Kaapstad), maar beoog om ook met V.E.T.S.A.K. (te Isando) te skakel. So 'n stap hou verskeie voordele in, te wete:

- (i) Dit sal 'n wyer keuse ten opsigte van leweransiers bied, wat teen mekaar opgeweeg kan word ten einde die voordeligste aankope te bepaal;
- (ii) aangesien die maatskappy nader aan Isando geleë is, kan aansienlike besparings op spoorvrag verkry word, wat aankope by V.E.T.S.A.K. teen hoër pryse sal regverdig;
- (iii) voortvloeiende uit die voorgaande, sal aflewering van Isando af gouer uitgevoer kan word.

In alle gevalle is dit die strewe om die beste kwaliteit goedere te bekom.

Een van die Rochdale-beginsels was die verkoop van suiwer en onvervalste goedere teen heersende aanneemlike pryse. Daar moet natuurlik gestrewe word om die verkoopprijs so laag moontlik te hou, maar waar die winsmarges so laag is dat die Handelsafdeling 'n nadelige eindresultaat toon, moet dit oorweeg word om hierdie marges, waar hulle te laag is, te verhoog ten einde die afdeling 'n ekonomiese eenheid te maak.

In die vorige hoofstuk het ons bepaal dat die finansiering van 'n lid se onderneming een van die funksies van 'n landboukoöperasie is, en hier vind ons 'n verdere bewys daarvan deurdat hierdie benodigdhede op krediet aan lede verskaf word - onderworpe aan genoemde voorwaardes. Krediet op produksiebenodigdhede geskied outomaties, maar vir handelsbenodigdhede moet spesiale magtiging van die hoofkantoor verkry word. Die maatskappy word gedek deur dubbele sekuriteit vir toegestane krediet, naamlik deur 'n pandreg op gelewerde produkte (in die geval van produksiebenodigdhede) en deur die ledeheffingsfonds.

Die beleid van die maatskappy is om voldoende voorraad voorhande te hou volgens die verwagte aanvraag na die verskillende benodigdhede. Hierdie verwagte aanvraag word bepaal deur 'n stelsel van begrotings wat berus op oesskattings deur die hoof van die Produkte-afdeling.

Hierdie verskaffingsfunksie sal bespreek word ooreenkomstig die indeling van die verskillende groepe benodigdhede naamlik: brandstof, kunsmis, saad, sakke en boerderybenodigdhede. Afsonderlike grootboekrekeninge word gehou vir lusern-, grondbone-, gars-, hawer-, koring- en diverse saad en aartappelmoere, maar in hierdie behandeling sal alles onder die een opskrif "saad", bespreek word. Die opskrif "brandstof" is 'n samevatting van afsonderlike grootboekrekeninge vir petrol, diesellole en kragparaffien. Onder boerderybenodigdhede word alle artikels wat nie afsonderlik bespreek is byvoorbeeld onderdele, boumateriaal, ens., ingesluit.

2.1 Brandstof

Die verskaffing van brandstof deur koöperasies binne saai-streke skeep 'n aktuele probleem aangesien dit 'n belangrike bedryfs-faktor vir hierdie boere is en oliemaatskappye nie altyd geneë is om die voorwaardes van sulke koöperasies te aanvaar nie. Die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie²⁾ beveel die gebruik van Total-produkte by alle koöperasies aan aangesien hierdie maatskappy spesiale toegewings bied.

Daar bestaan tans twee metodes van lewering, naamlik:³⁾

- (a) Massadepots by takke waar die brandstof deur die boer in eie houters gehaal word; en
- (b) 500-gelling-tenks op boere se plase waar brandstof met tenkwaens deur die oliemaatskappy gelewer word.

Gedurende die 1962/63-boekjaar het die maatskappy oorgeska-
kel na die tweede metode wat die boer dan ook heelwat moeite be-
spaar alhoewel hy 'n $\frac{1}{2}$ sent per gelling meer betaal. Bestellings
word nog deur die maatskappy geplaas en verdien 'n diskonto op
aankope, maar hierdie diskonto kan nie groot wees nie aangesien
petrolpryse vasgestel is. Die besparingsmarge op brandstof is
dus gering. Die massavoorsieningsgeriewe by die depots bly egter
nog beskikbaar vir boere wat nie van die plaasafleweringsskema ge-
bruik maak nie.

Alhoewel die aanvraag by die verskillende depots en ook die
aanvraag na die verskillende soorte dikwels wissel, het die to-
tale aanvraag na brandstof sedert die 1960/61-jaar redelik kon-
stant gebly. Dit kan aanvaar word as 'n aanduiding dat die be-
sproeiingsskema gedurende die afgelope aantal jare geen of geringe
groei belewe het. Die persentasie wat elk van die drie soorte
brandstof van die totaal uitmaak, wissel ook. Dit kan daaraan

2) Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Tweejaarlikse verslag vir die 8ste Koöperatiewe Kongres. Pretoria, 1960, p.18.

3) Idem, p.17.

toegeskryf word dat boere oorskakel na masjinerie wat 'n ander soort brandstof gebruik - veral in die geval van trekkers.

2.2 Kunsmis

Die verskaffing van kunsmis geskied gedeeltelik volgens bestellings en vir die res uit buffervoorraade wat by elke depot gehou word. Aanvanklik was die verskaffing slegs op direkte versendings gebaseer - waar die boer vóór die saaiseisoen bestellings volgens skatting van sy behoefte, plaas. Hierdie metode lewer probleme vir die boer op en gevolglik het die maatskappy besluit om as 'n verdere diens aan lede, buffervoorraade by elke depot aan te hou. Hierdie buffervoorraade word steeds vermeerder sodat hulle op die huidige stadium in die helfte van die aanvraag voorsien. Die relatiewe gedeelte wat die afsonderlike depotverkope van die totale verkope uitmaak, bly redelik konstant.

2.3 Saad

Die grootste gedeelte van die saad wat voorsien word, kom uit die maatskappy se voorraade deurdat dit uitgesoek word uit die produkte wat deur lede gelewer word, byvoorbeeld grondbone, koring, gars, hawer, ens. Die res word van die "Suid-Afrikaanse Saadbeurs (Koöperatief) Bpk." en die privaathandel verkry. Veral in die geval van grondbonesaadverskaffing lewer die maatskappy 'n groot prestasie daar hy gedurende die afgelope aantal jare nie alleen in alle eie behoeftes voorsien het nie, maar ook bestellings uit ander grondboonproduserende gebiede uitgevoer het. Die hoë kwaliteit wat gehandhaaf word, word toegeskryf aan die handseleakteringsproses en die ontkiemingstoetse wat uitgevoer word. Dit gebeur soms dat boere van hul eie oes terughou om die daaropvolgende seisoen as saad te gebruik. Sodanige optrede kan 'n nadelige uitwerking op die boer se oes hê. Die maatskappy behoort strenger op te tree ten einde hierdie praktyk te verhoed.

Die voorsiening van koringsaad lewer groot probleme, veral wat die tipe-egtheid betref. Dit word toegeskryf aan foute wat

by die stroop van die koring insluip, waar die boer nie altyd ag slaan op die suiwerheid van die produk nie. Om die lewering van 'n beter kwaliteit saad te bevorder, onderneem die maatskappy inspeksies op die lande, wat dan ook goeie vrugte afwerp.

Meganisasie is die vernaamste hulpmiddel by die uitsoek van saad waar gebruik gemaak word van soortlike gewigmasjiene. By grondbonesaad berus die finale proses op handselektering.

Die stelsel waarvolgens die Handelsrekeninge vir lusernsaad en aartappelmoere die gegewens vir elke depot afsonderlik spesifiseer, het dié voordeel dat die relatiewe bydrae wat elke depot lewer maklik bepaal kan word. Surplusse op verkope word ook persentasiegewys aangetoon wat dan ook 'n verdere oorsigtelike beeld bied, maar kan nie as basis gebruik word om die "winsgewendheid" van depots te vergelyk nie. Surplusse is op die aan- en verkopesyfers gebaseer sonder inagneming van direkte en indirekte koste.

2.4 Sakke

Die verskaffing van sakke word in twee groepe verdeel naamlik nuwe en gebruikte sakke. Produsente is verplig om alle produkte in nuwe sakke te lewer ten einde moontlike beskadiging en gevolglike vermorsing te voorkom. Gebruikte sakke word aan lede vir oesdoeleindes verhuur en word ook deur die maatskappy by die verwerking van graan gebruik.

Hierdie handel in gebruikte sakke kan gesien word as 'n addisionele diens deurdat sakke aan lede verhuur word vir hanteling van produkte op die land. Ten einde doeltreffende kontrole oor verhuurde sakke uit te oefen, is die waarde van die sakke by huur betaalbaar. Die bedrag min huurgeld van 4 sent per sak, word weer aan die lid terugbetaal wanneer hy die sakke aan die maatskappy terugbesorg.

Tesame hiermee word twee addisionele dienste verskaf, naamlik die skoonmaak en heelmaak van gebruikte sakke. Hierdie heelm-gemaakte sakke word hoofsaaklik deur die maatskappy by die

TABEL Nr.6

OMSET IN BENODIGTHEDE
(Waardes)

Jaar	Brandstof	Kunsmis	Saad	Sakke		Boerderybe- nodighede	Totaal
				Nuut	Gebruik		
1956/57	13,869	257,657	304,432	103,604	28,518	168,815	876,895
1957/58	125,812	247,366	310,530	67,154	32,194	310,713	1,093,769
1958/59	135,797	276,731	393,154	65,707	61,208	467,530	1,400,127
1959/60	91,942	258,702	346,082	112,773	26,631	484,699	1,320,829
1960/61	66,582	323,276	380,175	137,217	64,153	571,683	1,543,086
1961/62	68,419	354,744	393,618	147,589	100,907	488,033	1,553,310
1962/63	69,816	368,519	415,169	183,360	87,476	560,993	1,685,333

uitsoek van grondbone gebruik. Die gebruik van nuwe sakke sou hier onekonomies wees.

Die winsmarge op gebruikte sakke is hoog, in teenstelling met die marge op nuwe sakke. Die handel in gebruikte sakke is dus ekonomies, veral as die aansienlike inkomste wat deur die verhuur daarvan verdien word, in ag geneem word. Hierdeur word 'n waardevolle diens aan lede gelewer wat vir hulle aansienlike besparings meebring.

2.5 Boerderybenodigdhede

Onder hierdie item word alle artikels wat ingevolge artikel 8 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, deur die maatskappy hanteer mag word en wat nie onder een van die voorgaande items geklassifiseer kan word nie, ingesluit. Hier dink ons aan benodigdhede soos boumateriaal, veevoer, berokings- en insekdoende middels, ens.

Genoemde artikel 8 van die Wet gee nie 'n duidelike omskrywing en lys van artikels wat wel deur landboukoöperasies hanteer mag word nie, en as gevolg hiervan ontstaan dikwels geskille met die privaathandel wanneer beweer word dat koöperasies in dié opsig buite hulle perke gaan. Dit kom veral voor in die geval van artikels wat onder hierdie opskrif geklassifiseer word. Daar moet dus uiterste versigtigheid by die interpretasie van die Wet aan die dag gelê word.

2.6 Opmerkings

Sedert die 1957/58-boekjaar word die Inkomste- en Uitgawerekening opgestel om die syfers vir die drie afdelings afsonderlik aan te toon. Die volgende items kom in die Handelsafdeling se Inkomste- en Uitgawerekening voor: Kunsmis, brandstof en boerderybenodigdhede.

Tabel nr. 6 toon die totale jaarlikse omset in boerderybenodigdhede.

Die volgende tabel toon die resultate van die Handelsafdeling sedert die 1957/58-boekjaar:

TABEL NR. 7 RESULTATE VAN DIE HANDELSAFDELING
(WAARDES)

Boekjaar geëindig 31 Julie	Totale Omset	Bruto Surplusse e.a. inkomste	Netto Surplusse Tekorte
1958	683,892	57,315	20,879
1959	880,059	73,077	30,120
1960	835,344	48,890	1,540
1961	961,543	77,881	22,550
1962	911,197	47,018	min 10,904
1963	999,330	69,195	min 10,916

Hieruit blyk dit dat die jaarlikse resultate glad nie gunstig is nie en dat die afdeling vir die laaste twee jaar 'n verlies toon nieteenstaande die groot omset.

Aangesien dit die beleid van die Registrateurskantoor is dat alle onekonomiese eenhede gesluit moet word, is die Handelsafdeling ontleed om te bepaal of die voortbestaan van hierdie afdeling geregverdig is.

TABEL NR. 8 ONTLEDING VAN DIE HANDELSAFDELING

Boekjaar geëindig 31 Julie	% Bruto surplus op omset	% Netto surplus op omset	Toegedeelde administra- tiewe koste	% van totaal	Salarisse, toelaes en lone	% van totaal
			R		R	
1958/58	8.4	3.0	36,436	19.4	34,239	32.7
1959/59	8.3	3.4	42,957	18.4	32,482	30.3
1960/60	5.8	.2	47,350	19.5	41,244	38.5
1961/61	8.1	2.3	55,331	21.5	48,813	40.8
1962/62	5.1	min 1.2	57,922	19.9	48,423	38.9
1963/63	5.9	min 1.1	80,112	24.7	60,383	39.7

Die rede vir die lae bruto winsgrense is die lae winsmarges wat op die kosprys van artikels bereken word. Met hierdie lae winsmarges word gepoog om met die privaathandel mee te ding. Die marges kan egter verhoog word aangesien daar nie ondernemings binne die gebied is wat sterk mededinging kan bied nie.

Aan die ander kant kan geredeneer word dat, aangesien die maatskappy sedert sy ontstaan nog geen bonusse aan lede uitbetaal het nie, hierdie lae winsmarges, waardeur lede tog 'n indirekte bonus ontvang, geregverdig is. Dit kom egter neer op diskriminasie tussen lede. Artikel 98 van die statuut bepaal dat (indien moontlik) 'n bonus aan lede betaal sal word in verhouding tot die waarde van die sake wat elke lid gedurende die jaar met die maatskappy gedoen het. Hierdie indirekte bonus word dus slegs op die basis van handel in benodigdhede bereken en die betaling van differensiële bonusse is in stryd met die koöperatiewe beleid soos bepaal deur die Registrateurskantoor.

Die netto winsgrense is dus ook laag. 'n Verdere faktor wat hiervoor verantwoordelik is, is die hoë persentasie toegedeelde salarisse en lone. As hierdie persentasie vergelyk word met die persentasie toegedeelde administratiewe koste, waaronder salarisse, lone en toelaes ingesluit is, blyk dit dat daar 'n wanverhouding tussen die twee bestaan. Alhoewel die maatskappy met die privaathandel moet meeding ten einde geskikte personeel te trek, is die toegedeelde salarisse en lone buite verhouding tot die funksie wat hierdie afdeling verrig.

Die ongunstige resultate van die Handelsafdeling is dus nie ekonomies van aard nie, maar slegs te wyte aan sekere ondoeltreffendhede binne die afdeling. Die afdeling is dus as geheel nie onekonomies nie en met sekere beleids- en organisatoriese aanpassings sal beter resultate verkry kan word.

3. Lewering van spesifieke dienste

Spesifieke dienste word deur landboukoöperasies gelewer ter

aanvulling van die lid se bedryf, en is afhanklik van die behoefte daaraan hoewel dit nie altyd deur ander faktore geregverdig word nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die werkswinkels van landbou-koöperasies.⁴⁾ Die oorweging wat hierby geld, is eintlik die diens aan die boer. Die sukses van sulke dienste hang af van die mate waartoe daarvan gebruik gemaak word.⁵⁾

Die vernaamste en algemeenste dienste wat deur die maatskappy gelewer word, is soos volg:

Tegniese advies in medewerking met die Departement van
Landbou-tegniese Dienste.

Bewerking van persele.

Bespuiting van oeste.

Vermaling van hooi.

Droogmaak van graan.

Beroking van graan.

Skoonmaak van grondbone en pitgraan.

Vervoer van graan.

Verhuur van sakke vir oesdoeleindes.

Hersteldienste.

Sommige van bogenoemde dienste is reeds in 'n vorige hoofstuk behandel en vervolgens word 'n bespreking van slegs enkele van hierdie dienste gegee.

3.1 Bewerking van persele

Hierdie diens word deur die maatskappy gelewer om lede wat nie in staat is om self hulle persele te bewerk nie, behulpsaam te wees. Hierdie hulp dek die hele produksieproses. Implemente vir die doel word deur die maatskappy verskaf terwyl die lid alle onkoste daaraan verbonde plus 'n vergoeding aan die maatskappy dra.

4) Prinsloo, A.L.: a.w., p.46.

5) Ibidem.

Die diens strek veral tot voordeel van daardie lede wat pas begin boer het aangesien hulle aldus verlos word van die groot finansiële las wat hulle andersins sou moes dra om implemente aan te koop. Alhoewel hierdie funksie nie 'n voorbeeld van koöperatiewe boerdery is nie, is dit die koöperatiewe verrigting van sekere fases van boerdery - waaraan 'n groot behoefte in Suid-Afrika bestaan.

Die kapitaaluitgawes wat die maatskappy in dié verband moes aangaan, word geregverdig deur die groot aanvraag na hierdie tipe diens. Lede maak baie daarvan gebruik en die maatskappy kan nie altyd voorbly met die lewering van die diens nie.

3.2 Droogmaak van graan

As gevolg van die klam klimaat van die gebied waarin die maatskappy optree, ondervind die boere aansienlike moeite om hulle graan onder die voorgeskrewe vogpersentasie te lewer. Dit is egter 'n noodsaaklikheid om slegs graan wat aan die voorskrifte beantwoord, op te berg ten einde skade te voorkom. Om hierdie redes onderneem die maatskappy die droogmaak van nie-kwalifiserende graan - veral ten opsigte van mielies en ander pitgraan.

Die proses van droging was vroeër redelik primitief, maar is sedertdien heeltemal gemoderniseer en die voggehalte kan met 3 tot 4 persent verminder word. Die produsent se vergoeding vir die graan word eers na hierdie proses bereken aangesien gedroogde graan gedurende die proses gewig verloor. Hierdie stelsel voorkom dat die maatskappy skade ly deurdat nat, en dus swaarder graan, ontvang word terwyl 'n verminderde gewig aan graan verkoop sou word.

Hierdeur bewys die koöperasie 'n groot diens nie alleen aan die boer nie, maar ook aan homself.

3.3 Hersteldienste (DIENSKOÖPERASIE BEPERK)

Gesien in die lig van die aard van die landboubedrywig-hede in die gebied, is dit vanselfsprekend dat koöperatiewe ga-

rages in 'n belangrike behoefte sal voorsien vir sover dit herstelwerk aan landboumasjinerie betref. Die maatskappy het dus spoedig werkswinkels ingerig om te voorsien in die behoefte na sulke hersteldienste en om sodanige benodigdhede as wat daarmee gepaard gaan, en volgens koöperatiewe voorskrifte klassifiseer, aan lede te verskaf.

Die oordrag van die garage-afdeling aan "Dienskoöperasie Beperk" is reeds in hoofstuk II uiteengesit en hy hanteer ook artikels wat nie as boerderybenodigdhede geklassifiseer kan word nie. Die maatskappy besit aandele in hierdie handelsvereniging aangesien eersgenoemde van die hersteldienste afhanklik is. Verder kan lede van die landboumaatskappy wat nie lede van die vereniging is nie, bediening op naam van die maatskappy ontvang, waardeur die samewerking tussen die twee bevorder word. Die verskaffing van Total-olieprodukte van die maatskappy geskied ook deur die vereniging.

Ten tye van die skrywe van hierdie skripsie is nog geen finansiële resultate van Dienskoöperasie Bpk. beskikbaar nie, maar te oordeel na die finansiële resultate van die ou diensstasie, soos onder die landboumaatskappy, het dit sukses beloof, veral daar die nuwe bedeling 'n wyer veld dek.

3.4 Diens deur aandele in ander koöperasies

Die maatskappy besit aandeelbelange in verskeie ander koöperasies - plaaslike sowel as sentrale landboukoöperasies. Daardeur word waardevolle diens aan lede gelewer deurdat die uitvoering van die maatskappy se doelstellings verbreed en doeltreffender gemaak word.

Aandeelbesit in sentrale aankoopkoöperasies is vanselfsprekend geregverdig aangesien benodigdhede dikwels teen verminderde pryse bekom kan word. Hier word veral gedink aan "Boeresake (K.P.) Sentraal Koöperatief Bpk.", "S.A. Saadbeurs (Koöp.) Bpk.", "Sentrale Raad vir Koöperatiewe Assuransie Bpk.," ens. Lidmaatskap in plaas-

like Bemarkings koöperasies is verkry ten einde 'n afsetkanaal te vind vir die produkte van lede wat nie deur die maatskappy hanteer word nie. Tabak, byvoorbeeld, kan deur "Kango Koöperatiewe Tabak Maatskappy" en wol deur K.W.B. bemark word. Deur hierdie beleid word direkte aandeelhouding van lede in die betrokke koöperasies uitgeskakel. Die maatskappy as lid van hierdie koöperasies, verkry dus eintlik die voordele wat voortvloei uit die aandeelbesit in en ledehandel met sulke koöperasies.

Op 31 Junie 1963 het die maatskappy die volgende aandele gehou:

	<u>Nominale waarde</u>
Dienskoöperasie Beperk	R1,000.
Die Kango Koöperatiewe Tabak Maatskappy Beperk	2
Boere-Saamwerk Beperk.	10
Sentrale Grondbone Koöperasie Beperk.	100
Boeresake (K.P.) Sentraal Koöp. Beperk.	9502
S.A. Saadbeurs (Koöperatief) Beperk.	20
Sentrale Raad vir Koöperatiewe Assuransie Beperk.	202
Die Klein Karoo Landbou Koöperasie Beperk.	2
Sentrale Landboukrediet koöperasie Beperk.	24
Co-operative Shipping Service Limited.	40
S.A. Produsente en Distribueerders (Koöp.) Beperk.	20
Koöperatiewe Wolmaatskappy Beperk.	20
Die Koöperasie Pers van S.A. Beperk.	20

Op dieselfde datum was die posisie met betrekking tot hierdie aandele soos volg:

Nominale waarde	<u>R 10,962</u>
Opgeroep	3,185
Onopgeroep	<u><u>7,777</u></u>

4. Slot opmerking

Die genoemde dienste wat die maatskappy verrig, kan as onontbeerlik beskou word gesien in die lig van die feit dat die

lid uitsluitlik op die maatskappy aangewys is vir voorsiening in hierdie behoeftes. Geen ander nywerhede of groot private sakeondernemings is binne die gebied gevestig nie. Die naaste groot sakesentrums, Kimberley en Vryburg, is afgeleë en dit sou vir die boer onekonomies wees om hom tot hierdie bronne te wend vir sy benodigdhede. Daar is ook geen ander koöperasies binne hierdie gebied gevestig nie. "Langeberg Koöperasie" het slegs tydelike ontvangsdepots binne die besproeiingskema, maar verskaf geen benodigdhede of spesifieke dienste nie.

Die omsetsnelheid van die meeste benodigdhede is groot, wat 'n gesonde beleid en doeltreffende begrotingstelsel weerspieël. Benodigdhede wat spesifiek op produksie betrekking het (brandstof, kunsmis, nuwe sakke en saad) word in voorraad gehou op grond van die verwagte aanvraag en alhoewel die aankope hoog is, is die eindvoorrade laag. Die jaarlikse eindvoorrade van boerderybenodigdhede is groot, maar dan moet daar in gedagte gehou word dat die aanvraag na sulke artikels nie direk met produksie saamhang nie en dus slegs sporadies voorkom. Voorrade kan dus met veiligheid oorgedra word. Uit die aard van die saak sal daar noodwendig groot voorrade van gebruikte sakke wees.

Die verskaffing van spesifieke dienste is voordelig vir die maatskappy sowel as vir lede. Daardeur verdien die maatskappy 'n addisionele inkomste terwyl hy terselfdertyd die lid van daardie noodsaaklike dienste voorsien en in sommige gevalle van risiko's onthef. Hier word veral aan die droog van graan gedink. Indien die boer die konvensionele metode van sondroog gebruik, is hy blootgestel aan risiko's van skade as gevolg van weersomstandighede, brand, diefstal, ens. Aan die ander kant bied graandroging die maatskappy die voordeel dat daardeur voorkom word dat graan wat nie aan die voggehaltevoorskrifte voldoen nie, aangeneem word.

Indien 'n diens voordele vir beide partye meebring, is die

ekonomiese sy van die saak nie so 'n belangrike faktor nie. Dit kan egter ekonomies word indien lede in groter mate van die beskikbare geriewe gebruik maak.

HOOFSTUK VI

FINANSIERING EN KREDIETBEHEER

1. Inleiding

Die finansiering van enige onderneming is 'n moeilike probleem wat voortdurend aandag verg. Hierdie probleem verskerp wanneer kapitaal en bestuur geskei is, met ander woorde wanneer die kapitaalbesitter (in hierdie geval die aandeelhouer) nie direkte aanwendingsmag van die fondse het nie. In sulke gevalle berus die mag by die direksie en interne bestuur van die onderneming.

By 'n koöperatiewe onderneming raak die probleem nog ingewikkelder aangesien finansiering in hierdie geval 'n tweeledige betekenis inhou, naamlik:

- (i) finansiering van die onderneming self, en
- (ii) finansiering van die lid se bedryf.

Daarby kom nog die probleem dat 'n aanpassing tussen die verkryging en aanwending van die fondse binne die raamwerk van koöperatiewe beginsels gevind moet word. Dit is die probleem wat in hierdie hoofstuk ontleed word.

2. Begripsbepaling

Ten einde misverstande en omslagtigheide in die verdere bespreking te voorkom, word 'n omskrywing van die belangrikste begrippe gegee.

Kapitaal. Hierdie faktor, as een van die drie algemeen bekende produksiefaktore, kan twee betekenisse hê,¹⁾ naamlik:

- (i) Reële of fisiese kapitaal waar verwys word na kapitaal-goedere in tasbare vorm; en
- (ii) kapitaal in die finansiële sin, dit wil sê likiede fondse. Na eersgenoemde sal verwys word as kapitaalbates en laasgenoemde as kapitaal.

1) Schuman, C.G.W. e.a.: Ekonomie - 'n Inleidende studie. Stellenbosch Universiteituitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Bpk. p.42.

Finansiering. Kapitaal volgens die tweede betekenis, en finansiering is twee nou verwante begrippe waar kapitaal beskou kan word as een faset van finansiering. Finansiering verwys gedeeltelik na die verkryging van kapitaal en Polak²⁾ sien dit soos volg: "want financiering is gewoonlijk niet verschaffen van concrete kapitaalgoedere, maar verschaffen van geld en geldsurrogaten, waardoor men de macht verkrijgt over de nodige goedere te beskikken. Dit woord beskikken worde hier niet slechts opgevat in de zin dat de macht strekt om goedere uit handen van een ander tot zicht te nemen, maar ook en vooral in de betekenis van absolute heerskappy over goederen te kunnen uitoefenen."

Die begrip "finansiering" is egter nie slegs tot die verkryging van die nodige fondse beperk nie, maar het ook met die aanwending daarvan te doen. Dit kan dus soos volg gedefinieer word:

"Business finance can be defined as the activity concerned with the raising and administering of the funds used in the business.³⁾"

Finansiering vereis dus 'n kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe aanpassing tussen die behoefte en die beskikbare kapitaal.⁴⁾

Reservering. Reservering kan beskou word as voorsiening vir die toekoms - voorsiening vir gebeurlikhede wat nie met juistheid voorspel kan word nie, maar wat wel oor 'n bepaalde of onbepaalbare tyd sal voorkom. Voorsiening kan ook gemaak word vir onsekerhede ten opsigte van toekomstige kapitaaluitgawes waarvoor die fondse nie andersins beskikbaar sal wees nie. Volgens Guthman en Dougall⁵⁾ blyk dit dat surplusreserwes slegs 'n boekhou-inskrywing is wat aan die lastekant van die balansstaat verskyn. Die meeste surplusreserwes word nie deur kontant of 'n

2) Polak, N.J. : Enige grondslagen voor de financiering der onderneming. F. Bohn N.V., 1946, p.4.

3) Guthman, H.G. & Dougall, H.E.: Corporate financial policy. Engelwood Cliffs N.J., Prentice Hall, Inc. 1956, p.1.

4) Coetzee, F.J.J., a.w.: p.77.

5) Guthman & Dougall, a.w.: p.511.

ekwivalent verteenwoordig nie, maar is in die bates opgesluit.

3. Die finansiering van landboukoöperasies in die algemeen

Soos in 'n vorige paragraaf gemeld, is die probleem van die finansiering van koöperasies 'n spesiale probleem. Daar behoort iets meer in dié verband gesê te word.

Diegene wat vertrou is met die geskiedkundige ontwikkeling van landboukoöperasies in Suid-Afrika sal weet dat die finansiering⁶⁾ daarvan sedert die vroegste jare sorgwekkend was. Die destydse owerhede het veel gedoen om die probleem te verlig. Daar word in besonder gedink aan lenings ten bedrae van R300,000 wat in 1905 deur die Kaapse Koloniale Regering bewillig is om landboukoöperasies in dié provinsie te steun;⁷⁾ die stigting van 'n Landbank in Transvaal in 1907⁸⁾ en die Land- en Landboubank van Suid-Afrika in 1912 na die totstandkoming van Unie.⁹⁾ Daar word soms beweer dat juis hierdie vroegste staatsondersteuning tot die mislukking van baie van hierdie vroeë vereniginge gelei het deurdat fondse te maklik bekombaar was.

Die huidige problematiek van koöperatiewe finansiering lê nie in die tekort aan kapitaal nie, maar in die wanverhouding wat daar tussen die "eie" en "vreemde" kapitaal bestaan. Die algemene opvatting is dat lede te min tot hierdie kapitaal deur middel van aandeelhouding bydra. Verskeie pogings is aangewend om die lede te oorreed om meer geld in aandele te belê, byvoorbeeld verpligte aandeelhouding. Desnieteenstaande kon die 312 produsentekoöperasies met beperkte aanspreeklikheid in 1960 slegs R18-miljoen op dié wyse bekom.¹⁰⁾ Alhoewel die stelsel van ledefondse eers se-

6) Hier word "finansiering" gebruik in die sin van verkryging van kapitaal.

7) Coetzee, F.J.J., a.w.: p.33.

8) Idem, p.34.

9) Idem, p.35.

10) Van Rensburg, H.C.J., a.w.: p.38.

dert 1956 vry algemeen toegepas word, het hierdie fondse reeds in 1960 die aandelekapitaal geëwenaar.¹¹⁾

Op die basis van statistieke¹²⁾ vir 1962/63 is berekeninge gemaak ten opsigte van die verskillende groepe produsentekoöperasies ten einde die verhouding van eie tot vreemde kapitaal vir die verskeie groepe vas te stel. Hierdie verhoudings word in onderstaande tabel weerspieël.

TABEL NR. 9

DIE VERHOUDING VAN EIE TOT VREEMDE KAPITAAL BY 'N PAAR

GROEPE PRODUSENTEKOÖPERASIES

Groep	Totale kapitaal	Persentasie eie middele	Persentasie vreemde middele	Verhouding eie tot vreemde middele
Algemene Produkte	7,471,804	39.4	60.6	1:1.5
Katoen en lusern	3,936,573	35.0	65.0	1:1.8
Mielies, koring en grondbone	199,176,311	20.2	79.8	1:3.9
Slagterye en slagvee	13,385,073	36.9	63.1	1:1.7
Suikerriet	9,196,630	42.0	58.0	1:1.4
Suiwel	18,717,096	58.3	41.7	1:0.7
Vrugte	40,563,072	26.8	73.2	1:2.7
Tabak	20,228,937	72.3	27.7	1:0.4
Wol	22,886,520	38.9	61.1	1:1.6
Wynkelders	29,892,840	77.6	22.4	1:0.3

Daar is alreeds gewys op die beginsel van verpligte aandeelhouding wat of berus op die basis van 'n voorgeskrewe minimum of wat in verhouding staan met produkte deur die lid gelewer of met sake wat die lid met die koöperasie gedoen het. Verpligte aan-

11) Ibidem.

12) Statistieke aangeteken deur die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Vereniginge.

deelhouding in verhouding met produkte gelewer of sake gedoen, tesame met die stelsel van ledefondse, verseker dat elke lid tot die finansiering van die koöperasie bydra in verhouding met die gebruik wat elke lid van die koöperasie maak.

Daar kan egter besware teen die beginsel van minimum voorskrifte sonder ledefonse aangevoer word. Sulke voorskrifte veroorsaak diskriminasie tussen lede aangesien alle lede nie in dieselfde mate van die koöperasie gebruik maak nie. Dit mag ook wees dat die minimum voorskrifte so hoog is dat sommige produsente daardeur uitgesluit word.

Die grootste gedeelte van die fondse van landboukoöperasies word verkry van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, terwyl die ledefondse en reserwes ook 'n belangrike bydrae lewer.

4. Die kapitaalbehoefte van die maatskappy

Die aard van koöperatiewe kapitaalbehoefte is tweeledig ten einde in die verskillende behoeftes te kan voorsien, naamlik:

- (i) vaste kapitaal of langtermynkapitaal om die vaste bates te bekom;
- (ii) bedryfskapitaal of korttermynkapitaal vir die finansiering van bedryfsbates en van die lid.

Hierdie finansiering volgens die aard van die behoefte moet op juiste wyse uitgevoer word, anders bring dit onekonomiese benutting mee. Dit sou absoluut onekonomies wees om langtermynbehoefte uit korttermynfondse te finansier, en omgekeerd.

Volgens Coetzee¹³⁾ speel onder andere die volgende faktore 'n rol by die bepaling van die omvang van die behoefte, naamlik:

- (i) Die ekonomiese funksies wat die onderneming verrig;
- (ii) afnemers- en leweransierskrediet;
- (iii) seisoenswisselinge;
- (iv) die beleid van die onderneming ten opsigte van sake soos

13) Coetzee, F.J.J., a.w.: pp.99-103.

die huur of besit van eiendom; en

(v) die verpligting om die volle oes af te neem.

Die kapitaalbehoefte van die maatskappy sal aan hierdie standarde gemeet word.

4.1 Die ekonomiese funksies wat die maatskappy verrig

Die ekonomiese funksies wat die maatskappy verrig, word soos volg ingedeel:

Hantering van graan.

Verskaffing van boerderybenodigdhede.

Be- en/of verwerking.

Dienslewering.

Hiervan is die hanteringsfunksie dié enkele faktor wat die swaarste las op die bedryfskapitaal lê aangesien dit die hooffunksie van die maatskappy is (sien tabel 10 p.91). Hierdie las word egter deur verskeie faktore verlig: in die geval van verpoelde produkte word slegs 'n voorskot by lewering aan lede betaal - mits die maatskappy daartoe in staat is en dan alleen tot 'n maksimum van 75% van die geskatte markwaarde van die produkte (artikel 89) - en 'n agterskotverdeling word gemaak nadat die poel afgesluit is. Uitbetalings op onverpoelde produkte (beheerde produkte) word gemaak nadat die produkte aan die beheerrade gelewer en vergoeding daarvoor ontvang is.

Wat die verskaffing van benodigdhede betref, word ten opsigte van voorraadhouing en kredietverlening ook hoë eise aan die maatskappy gestel. Aangesien produksie met die seisoene saamhang, word daar dus nie van die maatskappy verwag om voorrade van sekere produksiebenodigdhede (byvoorbeeld kunsmis) oor die hele jaar te hou nie, maar slegs min of meer aan die begin van elke produksieseisoen, waarna voorrade verminder kan word. Voorrade van handelsbenodigdhede moet egter te alle tye beskikbaar wees. Daarenteen bly kapitaal 'n geruime tyd onlikied aangesien produksiebenodigdhede op krediet en vereffening na die oes ver-

TABEL Nr. 10

DIE KAPITAALBEHOEFTES VAN DIE MAATSKAPPY
(Waardes)

Boekjaar geëindig 31 Julie	Omset in Produkte	Omset in Benodigdhede	Grond en Geboue teen boekwaarde	Uitrusting teen boek- waarde	Debitoure	Spoorsylyne teen boek- waarde	Totaal
1957	3,246,644	876,295	214,474	69,776	572,676	2,028	4,982,493
1958	2,903,552	1,093,769	233,646	71,468	605,912	1,838	4,910,185
1959	3,876,711	1,400,127	278,071	86,812	690,841	1,648	6,334,210
1960	3,682,323	1,320,829	291,723	85,780	648,351	1,456	6,030,462
1961	5,414,127	1,543,086	331,085	99,612	720,556	1,264	8,109,730
1962	4,830,042	1,553,310	444,434	151,933	817,667	1,786	7,799,172
1963	5,152,448	1,685,333	485,604	117,534	921,104	8,461	8,469,484

skaf word en krediet vir handelsbenodigdhede ook vry algemeen toegestaan word. Hierdie finansieringsfunksie bly egter 'n belangrike plig van enige landboumaatskappy.

Die finansieringsbehoefte ten opsigte van die ander twee funksies, stel nie sulke groot eise nie. Die las van die be- en/of verwerkingsfunksie kan in dieselfde lig gesien word as die hantering van produkte, met relatief min addisionele belegging van vaste-en bedryfskapitaal. Dienslewering vereis ook heelwat vaste en bedryfskapitaal. Veral vaste kapitaal is nodig om die nodige implemente aan te skaf.

4.2 Afnemers- en leweransierskrediet

Die verlening van leweransierskrediet soos hierbo verduidelik, is 'n belangrike funksie van die maatskappy aangesien korttermynkrediet in die landbou nie maklik bekombaar is nie. Daarby moet die koöperasie met die privaathandel meeding ten opsigte van die toestaan van krediet,¹⁴⁾ wat 'n groot las op die maatskappy lê. Afnemerskrediet word verleen deurdadig dat die maatskappy onderneem om geld aan lede voor te skiet op produkte deur hulle aan die maatskappy gelewer asook op produkte wat nog nie afgelwer is nie (artikel 3(1). Hierdie onderneming spruit voort uit die verpligting van die maatskappy om alle produkte van lede aan te neem en die verpligting van lede om al hulle produkte - behalwe wat hulle vir eie gebruik nodig het - aan die maatskappy te lewer. Hierdeur word ook die lid se bedryf gefinansier.

4.3 Seisoenswisselinge

Landbouproduksie hang saam met die seisoene en die finansieringslas met betrekking tot die hantering van produkte dus ook. Daarby kom nog die feit dat produksie onstabiel is. Kapi-

14) Idem, p.82.

taalbegrotings word dus bemoeilik. Hierdie seisoens- en onstabiele karakter van landbouproduksie raak dus die kapitaalbehoefte met betrekking tot die afneem van die oes, die verskaffing van benodigdhede en opbergingsfasiliteite. Onaktiewe kapitaal en onderbesetting van fasiliteite kom dus gedurende sekere tye van die jaar voor.

In teenstelling met die meeste ander landboukoöperasies, het hierdie maatskappy die geleentheid tot parallelisasie ten einde kapitaal doeltreffender te benut. Aangesien 'n roteringsboerderystelsel in die gebied gevolg word - met ander woorde somer- en wintergewasse word geproduseer - word 'n meer voltydse besetting van kapitaal en fasiliteite verkry. So 'n stelsel kan egter twee probleme oplewer, naamlik:

(i) Dit kan gebeur dat, wanneer die tweede oes inkom, die kapitaalbelegging ten opsigte van die eerste nog nie ten volle gerealiseer is nie. Hierdie probleem word egter afgewend deurdat lenings ter finansiering van die oes maklik van die Landbank bekombaar is.

(ii) Soos in die voornoemde geval, kan dit gebeur dat opberg-ruimte nie betyds ontruim kan word nie. Die gevolg is dan dat 'n gedeelte van die oes buite opberg moet word.

4.4 Beleid ten opsigte van huur van eiendom

Dit is 'n bedryfekonomeiese beslissing om die voor- en nadele van die besit of huur van eiendom te bepaal. Die beleid van die maatskappy is om grond, geboue en uitrusting, waar moontlik, te besit. Met die uitsondering van spoorsylyne, waarvan 'n deel van die S.A.S. gehuur word en 'n deel besit word, word alle eiendom deur die maatskappy besit. Onder hierdie eiendomsbesit val grond, geboue (onder meer 'n administrasiegebou, winkels en skure) en masjinerie en uitrusting. Dit vereis 'n groot belegging van vaste kapitaal. Die waarde van grond in die gebied van die Vaalharts-skema is egter nie hoog nie.

Die aard van die behoefte

Dit is ook belangrik om te let op die aard van die behoefte aangesien die verkryging van die middele hierdeur bepaal word. Dit is 'n gesonde finansieringsbeginsel om, met enkele uitsonderings, vaste bates uit langtermynfondse en bedryfskoste en -bates uit korttermynfondse te finansier. Hiervolgens sou die volgende indeling vir die maatskappy geld:

<u>Vaste bates - Langtermynkapitaal</u>	<u>Bedryfsbates - Korttermyn</u>
Grond (met verbeteringe).	Toerusting.
Geboue.	Masjinerie.
Spoorsylyne.	Vorrade (benodigdhede).
	Produkte.
	Debiteure (lede en ander),

Aangesien korttermynkapitaal relatief duur is en dit die verpligting op die maatskappy lê om dit spoedig af te los, is daar volgens Coetzee¹⁵⁾ altyd 'n sekere minimum belegging in bedryfsbates wat beter uit langtermynfondse voorsien kan word. In hierdie opsig word gedink aan beleggings wat kontinu is, byvoorbeeld voorraad, debiteure, ens.

4.5 Opmerkings

Verskillende faktore dra daartoe by dat die omvang van die kapitaalbehoefte van die maatskappy wissel, naamlik:

(i) Daar is 'n direkte verband tussen die wisseling van die oeste van jaar tot jaar en die genoemde behoefte aan bedryfskapitaal. Hierdie probleem word egter verlig deur die maklike bekombaarheid van Landbankfondse. Kapitaalbehoefte hang ten nouste saam met die verpligte lewering deur lede en aanname deur die maatskappy. 'n Vergroting van die omvang van gehanteerde produkte, vergroot die bydraes tot die "Ledeheffingsfonds" aangesien daar 'n direkte verband tussen die gelewerde produkte en hierdie fonds bestaan.

15) Idem, p.79.

5. Kapitaalbronne

Die ideale posisie met betrekking tot die verkryging van kapitaal deur koöperasies, is om sover moontlik finansieel selfvoorsienend te wees. Hierdie ideaal is egter nog geensins bereik nie, want, soos vroeër aangedui, is die lede se bydraes tot die kapitaal van die koöperasie gering in vergelyking met die behoefte. Fondse kan egter geredelik van die Landbank verkry word - wat dan ook in die meeste gevalle die vernaamste bron van kapitaal vir landboukoöperasies is.

Die finansieringsbronne van die maatskappy is van tweërlei aard, naamlik:

(i) Interne bronne (eie kapitaal):

(i) Aandele

(ii) Heffingsfonds

(iii) Reserwes

(iv) Lenings deur lede

(ii) Eksterne bronne (vreemde kapitaal)

(i) Landbanklenings

(ii) Handelsbank

(iii) Krediteure

5.1 Interne bronne

Uit die aard van die saak, moet die lid die verantwoordelikheid van die verskaffing van kapitaal dra. Dit geskied òf direk deur te stort òf indirek deur die aanspreeklikheid te aanvaar.¹⁶⁾ Die interne finansiering is die uitvloeisel van die direkte verantwoordelikheid van die lede, en die eksterne fondse kan deur die indirekte verantwoordelikheid van lede bekom word.

5.1.1 Aandele as finansieringsmiddel

Die aandele van die maatskappy kan beskou word as die risikokapitaal aangesien die onopbetaalde gedeelte daarvan dien as

16) Coetzee, F.J.J., a.w.: p.94.

TABEL Nr. 11

(x)

TOTALE KAPITAAL VAN DIE MAATSKAPPY

Boekjaar geëindig 31 Julie	<u>EIE KAPITAAL</u>				Totaal	<u>VREEMDE KAPITAAL</u>			Totaal	Totale Kapitaal
	Opbetaalde Aandele- Kapitaal	Ledeheffings- fonds	Reserwes	Ledelenings		Landbank	Krediteure	Handelsbank		
	R	R	R	R	R	R	R	R	R	R
1956	6,874	225,914	230,305	152	463,245	2,745,418	88,030	x	2,833,448	3,296,693
1957	6,972	288,284	270,355	516	566,127	2,329,519	74,513	x	2,404,032	2,970,159
1958	7,172	369,730	357,803	614	735,318	2,018,504	118,524	x	2,137,028	2,872,346
1959	7,445	474,218	472,550	2,739	956,952	2,035,268	114,865	x	2,150,133	3,107,085
1960	7,945	554,665	603,781	2,520	1,168,911	2,493,087	87,955	45,076	2,626,118	3,795,029
1961	8,320	623,658	756,669	266	1,388,913	1,949,072	98,431	x	2,047,503	3,436,416
1962	8,792	714,486	899,866	54,558	1,677,702	2,801,187	182,373	42,604	3,026,164	4,703,866
1963	9,531	815,359	994,048	17,844	1,836,782	2,538,664	184,504	61,421	2,784,589	4,621,371

x Syfers verkry uit die Balansstate van die maatskappy.

sekuriteit vir eksterne lenings. Sedert die aanvaarding van die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid, het die sekuriteitswaarde van aandele egter verswak aangesien lede nie langer onbeperk vir enige skulde van die maatskappy aanspreeklik gehou kan word nie.

Die waarde van aandele as finansieringsmiddel by koöperasies is van tweërlei aard, naamlik die waarde daarvan vir die maatskappy en vir die lede:¹⁷⁾

a. Die waarde vir die koöperasie

1. Voordele

- (i) Aandele is langtermynkapitaal aangesien hulle slegs by uitrede uit die boerdery, verhuising of dood gerealiseer word.
- (ii) Die rentekoers is laag.
- (iii) In die geval van aandeelhouding in verhouding met omset, is lede verplig om ruimer tot die aandelekapitaal by te dra.
- (iv) Lidmaatskap hang van aandelebesit af waardeur ongewenste elemente uitgeskakel word.
- (v) Die praktyk van bonusaandele vergemaklik die vergroting van die aandelekapitaal sonder dat lede geld uit hul bedrywe daarvoor hoef te onttrek.
- (vi) Die aandelekapitaal bied sekuriteit vir eksterne lenings.
- (vii) Aandele kan onbeperk uitgereik word omdat die aandeleregister nooit sluit nie.

2. Nadele

- (i) Die mark vir aandele in koöperasies, veral landboukoöperasies, is baie beperk.
- (ii) Die opneem van aandele is afhanklik van die gewilligheid van lede om die aandele op te neem, en lede is baie on-

17) Coetzee, F.J.J., a.w.: pp.99-103.

willig om baie aandele op te neem.

- (iii) Die aandele is minder permanent as die aandele van 'n openbare maatskappy aangesien hulle tog onder sekere omstandighede gerealiseer word.

b. Die waarde vir lede

Uit die voorgaande blyk dit dat lede onwillig is om veel tot die finansiering van die koöperasie deur middel van aandeelhouding by te dra. Die redes daarvoor is soos volg:

- (i) Slegs een, of 'n minimum aantal, aandele is nodig om lidmaatskap te bekom. Daar is dus geen aansporing om meer aandele op te neem nie.
- (ii) Rente is laag.
- (iii) Bonusse word betaal in verhouding met omset, wat nooit of selde verband hou met die aandelebelegging.
- (iv) Die gemak waarmee lenings van die Landbank verkry kan word, veroorsaak dat lede onverskillig staan teenoor die finansiering van hul koöperasie.
- (v) Die mark vir aandele is beperk en kan slegs aan ander lede oorgedra word.
- (vi) Die verhandelbaarheid van aandele word verder gestrem deurdat die oordrag van aandele onderworpe is aan die goedkeuring van die raad van direkteure.
- (vii) Aandele neem nie in waarde toe nie.
- (viii) Deur die beginsel van demokratiese beheer, is stemreg beperk. Addisionele stemme (tot 'n maksimum van vier per lid) word toegeken op grond van die waarde van die besigheid wat die lid met die koöperasie doen (artikel 39(1) van die Wet op Koöperatiewe Verenigings), maar nooit op grond van aandeelhouding nie.
- (ix) Boere belê liever hulle geld in bates wat direk onder hul beheer staan as in aandele.

Elke lid van die maatskappy of applikant om lidmaatskap is verplig om minstens een aandeel van R2.00 te hou. Een-tiende van hierdie bedrag is by aansoek betaalbaar en die res volgens oproepe soos gemaak deur die raad van direkteure (artikel 6). Tot op hierdie stadium is slegs die 20 sent per aandeel by aansoek opbetaal wat onder omstandighede 'n goeie beleid is aangesien die sekuriteitswaarde van die onopbetaalde gedeelte van groter waarde is as die eie kapitaal wat verkry sou word as die aandele ten volle opbetaal is. Lede kan egter uit eie wil hul aandele ten volle opbetaal en hulle aanspreeklikheid verminder dus dienooreenkomstig (artikel 8).

Aandele kan slegs met magtiging van die raad van direkteure uitgereik word, maar alleen aan persone wat vir lidmaatskap van die maatskappy kwalifiseer.

Die aandele wat geregistreer is op naam van 'n lid wat (i) sy boerdery opgegee het, of (ii) oorlede is of (iii) opgehou het om te boer in die gebied wat deur die maatskappy bedien word, kan op aanbeveling van die raad van direkteure ingetrek en aan die gewese lid of sy boedel, terugbetaal word (artikels 16, 17 en 18). Die aandele van 'n lid wat bedank het of uit die maatskappy uitgesit is, word aan die maatskappy verbeurd verklaar (artikel 27), maar so 'n gewese lid bly nogtans aanspreeklik vir die onopbetaalde gedeelte van sulke aandele (artikel 28) en enige verpligtinge teenoor die maatskappy.

Aangesien voornemende lede vryelik kan toe tree, onderworpe aan die goedkeuring van die raad van direkteure, en aangesien aandele ingetrek kan word, is die aandelekapitaal van die maatskappy nie 'n vaste bedrag nie. Die intrekking van aandele kan egter eers twaalf maande na beëindiging van lidmaatskap plaasvind. Hierdie bepaling word gestel ten einde te verhoed dat die skielike beëindiging van lidmaatskap die maatskappy in die moeilikheid sal laat beland. Sodanige lede bly na beëindiging van lid-

maatskap nog aanspreeklik vir die proporsionele gedeelte van lenings wat deur die maatskappy aangegaan is en waarvan die lid die voordeel getrek het, aangesien die onopbetaalde gedeelte van die aandelekapitaal as sekuriteit vir eksterne lenings dien.

Ooreenkomstig artikel 36 van die statuut is die aanspreeklikheid van 'n lid beperk tot:

- (i) die onopbetaalde gedeelte van die aandele wat deur hom gehou word;
- (ii) enige voorwaardelike aanspreeklikheid wat aan aandele verbonde mag wees; en
- (iii) betaling van 'n bedrag wat 'n lid verplig is om by te dra tot die betaling van enige lening wat deur die maatskappy aangegaan is en wat deels of ten volle aangewend is om aan lede voorskotte te verstrek of goedere te lewer, met die voorbehoud dat hy slegs aanspreeklik sal wees vir die voordeel wat hy werklik daaruit verkry het.

Die opneem van aandele met 'n voorwaardelike aanspreeklikheid is nie verpligtend nie (artikel 32). Sodanige aandele kan uitgereik word met dien verstande dat die voorwaardelike aanspreeklikheid alleen betrekking het op 'n bepaalde skuld soos vermeld moet wees in alle dokumente in verband met die uitreiking van die aandele (artikel 33). Hierdie aanspreeklikheid is egter tot 'n skuld van R400 per aandeel beperk.

Dit is dus duidelik dat die maatskappy geen hoë eise aan sy lede stel ten opsigte van aandeelbesit of die aanspreeklikheid wat daaraan verbonde mag wees nie. Slegs 'n minimale bedrag op aandele is opgeroep en die moontlikheid dat verdere oproepe in die naaste toekoms gemaak sal word, is gering aangesien die onopbetaalde gedeelte as sekuriteit vir eksterne krediet dien.

Aangesien geen bonusse aan lede betaal word nie, sou dit onregverdig teenoor hulle wees om van hulle te verwag om meer tot die finansiering van die maatskappy by te dra, want surplus-

se word teruggehou ten einde die reserwes op te bou. Soos uit die verdere besprekings sal blyk, is stewige reserwes en ledefondse alreeds opgebou en verkeer die maatskappy in 'n sterk finansiële posisie. Wanneer bonusse wel uitbetaal sou word, kan 'n stelsel van aandeelhouding in verhouding met landbouprodukte aan die maatskappy gelewer, oorweeg word, indien daar dan nog 'n behoefte aan meer eie kapitaal bestaan.

5.1.2 Die Ledeheffingsfonds

Ten einde die probleem van te geringe aandeelhouding deur lede te oorbrug, het die stelsel van roterende kapitaal in sy verskillende vorme, ontstaan. Hierdie stelsel bied onder andere die voordeel dat lede tot die opbou van die maatskappy bydra in verhouding tot die mate waartoe elkeen van die onderneming gebruik maak; dat dit langtermynkapitaal is en dat die rente betreklik laag is.¹⁸⁾

Lede se bydrae tot die "Ledeheffingsfonds" (artikel 93) is gebaseer op 'n heffing van 3% op die netto waarde van alle produkte deur hulle indiwiidueel aan die maatskappy gelewer, tot 'n totale bedrag van R1000 per lid. Daarna mag die lid vrywilliglik verdere bydraes maak. Die rentekoers word jaarliks deur die raad van direkteure vasgestel maar dit mag nie hoër wees as die koers wat deur die Landbank gehandhaaf word nie. Dit verseker dat die rente laag bly.

Hierdie fonds leen hom tot feitlik onbeperkte aanwendingsmoontlikhede aangesien hy vir enige van die doelstellings van die maatskappy aangewend kan word, behalwe om verliese voortvloeiende uit die verrigtinge daarvan, te dek (artikel 93(d)). Met ander woorde, dit is nie onaktiewe kapitaal soos die geval met die reserwes is nie. Die gelde in die fonds kan afsonderlik belê word; lede kan hul benodigdhede van die maatskappy aankoop

18) Coetzee, F.J.J., a.w.: p.107.

op krediet teen sekuriteit van 75% van hul indiuiduele bydraes tot die fonds en 'n voorskot van tot 75% van elkeen se belang in die fonds kan aan lede gemaak word. Die maatskappy behou 'n re-tensiereg op elke lid se belange in die fonds vir enige skulde wat die lid aangaan.

'n Lid se belange in die fonds word alleen onder die volgende omstandighede ten volle aan hom uitbetaal, naamlik:

- (i) Wanneer hy sy boerdery permanent staak of die gebied waar-in die maatskappy werksaam is, verlaat; of
- (ii) by afsterwe; of
- (iii) by beëindiging van lidmaatskap om enige ander rede.

Hierdie fonds is alreeds in so 'n mate opgebou dat dit 'n baie sterk bron van langtermynkapitaal vir die maatskappy geword het. Dit is ook baie gewild by lede aangesien hulle besef dat hulle die voordeel daarvan trek, deurdat hulle krediet op sekuriteit van hul onderskeie belange daarin kan bekom en hulle geld nie vasgepen is nie.

5.1.3 Reserwes

Coetzee¹⁹⁾ noem reserwes interne finansiering en verstaan daaronder ".... die inhouding van surplusse wat in die loop van die ekonomiese aktiwiteite van die onderneming verwerf is: dus die verkryging van kapitaal sonder om dit van lede te verkry as direkte bydrae, waarop die lede weer aanspraak kan maak."

Met die oog op die wenslikheid om finansieël selfvoorsienend te wees, handhaaf hierdie maatskappy die beleid om alle besparings terug te hou ten einde die reserwes op te bou.²⁰⁾ Dit beteken dat geen bonusse aan lede uitbetaal word nie aangesien die kapitaalbehoefte van die jong onderneming groot is. Die enigste direkte finansiële vergoeding wat lede dus uit die maat-

19) Coetzee, F.J.J., a.w.: p.114.

20) Memorandum opgestel deur die Hoofbestuurder van die maatskappy ter voorlegging aan die Komitee met betrekking tot die Kommissie van Onderzoek oor Koöperasies.

skappy verkry, is die 8% rente op opbetaalde aandele en die rente op hulle belange in die Ledeheffingsfonds.

Die surplusse van die maatskappy word, nadat voorsiening gemaak is vir waardevermindering van die eiendom en vir enige voorwaardelike aanspreeklikheid vir verliese en rente op opbetaalde aandele, na die reserwes toegedeel, soos jaarliks deur die raad van direkteure bepaal mag word (artikel 98). Daar bestaan geen vaste toewysigingsverhoudings nie. Voorsiening word vir die volgende reserwefonds gemaak:

Die Algemene Reserwe.

Die Administratiewe Gelykstellingsreserwe.

Reserwe vir Kapitaalluitgawes.

Reserwe vir Onvoorsiene Aanspreeklikheid.

Aangesien die Reserwe vir Kapitaalluitgawes nie meer nodig geag word nie, is dit by die Algemene Reserwe gevoeg.

Die stand van die verskillende reserwes word in die onderstaande tabel aangedui:

TABEL NR. 12

DIE RESERWES VAN DIE MAATSKAPPY

Boekjaar geëindig 31 Julie	Algemene Reserwe	Administra- tiewe Gelyk- stellings- reserwe	Reserwe vir Kapitaal- uitgawes	Reserwe vir Onvoorsiene Aanspreek- likheid	Totaal
	R	R	R	R	R
1956	35,305	65,000	-	130,000	230,305
1957	45,355	90,000	-	135,000	270,355
1958	57,802	100,000	50,000	150,000	357,802
1959	62,550	120,000	130,000	160,000	472,550
1960	113,781	160,000	130,000	200,000	603,781
1961	176,669	200,000	130,000	250,000	756,669
1962	294,866	225,000	130,000	250,000	899,866
1963	494,048	250,000	xx	250,000	994,048

xx Oorgedra na Algemene Reserwe.

Die Algemene Reserwe word uit die volgende opgebou:

- (i) Toedelings soos deur die raad van direkteure bepaal;
- (ii) winste op verkoop van bates;
- (iii) verbeurdverklaarde aandele;
- (iv) rente op aandelekapitaal en enige bonusse wat nie binne 3 jaar na toesegging opgeëis word nie; en
- (v) enige ander toevallings aan die maatskappy.

Hierdie fonds kan vir enige doel aangewend word waarvoor die aandeelkapitaal van die maatskappy aangewend sou word, maar mag nie onder lede verdeel word nie.

Die Administratiewe Gelykstellingsreserwe is 'n fonds wat geskep is om te voorsien in die moontlikheid dat 'n gebrek in fondse vir die vereffening van administratiewe koste mag ontstaan. Sedert die instelling van hierdie fonds, het toestande die gebruik daarvan nog nooit nodig gemaak nie. Uit die aard van die saak sal die fonds slegs onder uiterste omstandighede gebruik word. Die benutting van die fonds is beperk tot die doel waarvoor dit in die lewe geroep is.

Die doelstellings van die Reserwe vir Kapitaaluitgawes en vir Onvoorsiene Aanspreeklikheid spreek vanself en die reserwes mag alleen vir daardie doel gebruik word.

Gevolgtrekking

Soos uit tabel 12 blyk, is sterk reserwefondse alreeds opgebou. Die bedrag van die Reserwe vir Kapitaaluitgawes is aan die einde van die 1962/63-boekjaar na die Algemene Reserwe oorgedra aangesien geen uitbreidings van vaste bates in die nabye toekoms beoog word en wat die bestaan van die reserwe regverdig nie.

Regverdiging vir die bestaan van die Administratiewe Gelykstellingsreserwe kan nie gevind word nie. Administratiewe koste word gedek deur die surplusse van die Produkte- en Handelsafdelings en hierdie reserwe is nog nooit aangewend nie en dit is ook onwaarskynlik dat solank die maatskappy op 'n gesonde basis

gedryf word, dit ooit nodig sal wees om hierdie reserwe te gebruik. In sy huidige vorm, mag dié reserwe se fondse slegs vir die doel waarvoor die reserwe geskep is, gebruik word. Dit is dus "dooie" kapitaal. Indien voornoemde reserwe by die Algemene Reserwe gevoeg word, vergroot die aanwendingsmoontlikhede daarvan aangesien die Algemene Reserwe vir feitlik enige doel waarvoor die aandeelkapitaal van die maatskappy gebruik mag word, aangewend mag word.

Die bestaan van slegs twee reserwes, naamlik die Algemene Reserwe en die Reserwe vir Onvoorsiene Aanspreeklikheid kan voldoende sekuriteit teen onvoorsiene gebeurlikhede bied.

In teenstelling met lede se belange in die aandeelkapitaal en die Ledeheffingsfonds, is die reserwefondse permanente kapitaal wat, behalwe by likwidasie, onder geen omstandighede aan lede gerealiseer word nie en ook geen rente verdien nie.

Die reserwes hou dus vir die lede geen voordele in nie behalwe dat dit hulle koöperasie stabiliseer.

Coetzee²¹⁾ het geen beswaar teen die vorming van reserwes nie, mits dit binne perke bly. Sy beswaar is dat die nageslag nie die voordeel behoort te trek van dit wat die huidige geslag moes opoffer nie, maar dat elke geslag moet bydra tot die opbou van die koöperasie. Dit is heeltemal 'n regverdige siening, maar daar moet onthou word dat daar gedurende die beginjare van 'n koöperatiewe onderneming, meer opofferinge van lede vereis word ten einde die saak te vestig en 'n sterk onderneming aan die nageslag agter te laat. Daar moet egter ook teen oorkapitalisasie as gevolg van te groot reserwes gewaak word.

Met die beswaar van Coetzee in gedagte, kan die stelsel van ledefondse as gewenste oplossing beskou word. Elke geslag dra dus tot die opbou van die saak by in verhouding met die ge-

21) Coetzee, F.J.J., a.w.: p.120.

bruikmaking daarvan, terwyl die lid rente op sy beleggings verdien en sy bydrae terugontvang wanneer hy nie langer van die dienste van die koöperasie gebruik maak nie.

5.1.4 Lenings van lede

Behalwe die uitgifte van obligasies, lenings of oortrekkings verkry van die Landbank en ander finansiële instellings, kan die maatskappy ook lenings van lede aanvaar (artikel 61). Langtermynlenings kan teen behoorlike sekuriteit aangegaan word, maar dra nie veel in dié vorm by nie, waarskynlik omdat min lede daartoe in staat is, maar ook omdat lenings maklik, van die Landbank verkry kan word as gevolg waarvan lede onverskillig staan teenoor die finansiering van die koöperasie.²²⁾ Met korttermynlenings word verstaan krediet op lopende rekeninge van lede wat ontstaan deurdat lede gelde wat aan hulle as rente op kapitaal, bonusse, ens. betaalbaar is, tydelik in die onderneming laat.²³⁾ Lede dra meer in hierdie vorm by.

Hierdie lenings deur lede kan gesien word as 'n verdere metode waarvolgens lede hul verpligting om die maatskappy te finansier, nakom. Om redes soos genoem, word langtermynlenings selde aan die maatskappy beskikbaar gestel, maar op 'n kort termyn wel - onderworpe aan een van die volgende voorwaardes, ooreenkomstig artikel 61, naamlik:

- (i) dat terugbetaling uitsluitlik na goeddunke van die raad van direkteure gemaak word; of
- (ii) dat 'n vervaldatum by die aangaan van so 'n lening bepaal word. Hierdie vervaldatum kan uitgestel word - onderworpe aan die goedkeuring van lede by die volgende algemene vergadering na die vervaldatum - indien die omstandighede van die maatskappy dit genoodsaak.

22) Idem, p.111.

23) Ibidem.

Alhoewel lede in laasgenoemde geval terugbetaling na die vervaldatum mag eis, sal hulle nie hierdie reg uitoefen wanneer sodanige optrede die maatskappy in die verknorsing kan laat beland nie. Lede is dus in beide gevalle nie seker wanneer hulle geld terugbetaal sal word nie.

Sulke lenings mag in geen geval vir 'n tydperk van minder as ses maande aangegaan word nie en die rentekoers mag nie hoër wees as die koers wat die maatskappy op korttermynlenings by die Landbank betaal nie.

Hierdie lenings bied die volgende voordele aan lede:

- (i) Gelde wat lede nie onmiddellik gebruik nie, kan tot voordeel van die maatskappy aangewend word; en
- (ii) lede verdien rente daarop.

Vir die maatskappy hou dit die voordeel in dat korttermynlenings teen lae rentekoers verkry kan word sonder om die bates te verpand en die sekuriteite kan dus uitsluitlik vir eksterne lenings gehou word.

5.2 Eksterne bronne

Hierdie metode ter verkryging van vreemde middele is gemik op lenings wat van buite die koöperatiewe verband bekom word. Dit dien ter aanvulling van die interne finansiering van die koöperasie en vorm dikwels 'n groot persentasie van die totale kapitaal - op kort- sowel as langtermynlening. By landboukoöperasies vervul die Land- en Landboubank van Suid-Afrika 'n baie belangrike rol. Verder kry ons ook eksterne finansiering deur middel van krediteure, handelsbanke en ander lenings.

5.2.1 Die rol van die Landbank

Landbanklenings speel 'n baie belangrike rol in die finansiering van landboukoöperasies in Suid-Afrika omdat hierdie fondse maklik en teen 'n lae rentekoers bekombaar is. Die groot waarde van hierdie lenings is geleë in die feit dat oeslenings toe-

gestaan word. Die finansiering van lede se oeste lê 'n groot las op die bedryfskapitaal en koöperasies ondervind heelwat probleme om korttermynlenings te bekom.

Hierdie Landbanklenings word verkry in die vorm van langtermyn-, korttermyn- en oeslenings en vorm meer as die helfte van die totale kapitaal van die maatskappy. Oeslenings word in die vorm van kaskredietlenings beskikbaar gestel en die maatskappy kan geld trek na gelang van sy behoeftes. Rente is laag in vergelyking met die rentekoers wat deur ander finansiële instellings gehê word.

Die volgende sekuriteite ter dekking van Landbanklenings kan aangebied word:

- (i) Hipoteekverbande op sekere vaste- en bedryfsbates.
 - (ii) Sessie van onopbetaalde aandelekapitaal.
 - (iii) Sessie van skulde wat aan die maatskappy betaalbaar is.
 - (iv) Voorwaardelike aanspreeklikheid soos deur lede gedra word.
- Die nadeel van sulke lenings is dat die sekuriteit wat deur die Landbank vereis word, oormatig hoog is. Gevolglik het die maatskappy min oor vir die finansiering uit ander bronne.²⁴⁾

TABEL NR. 13

LANDBANKLENINGS DEUR DIE MAATSKAPPY GEHOU

Boekjaar geëindig 31 Julie	Oeslenings	Handelsvoor- raadlenings	Vaste lenings	Totaal
1956				2,745,418
1957	1,899,761	341,408	88,349	2,329,518
1958	1,528,910	412,690	76,904	2,018,504
1959	1,451,809	477,372	106,086	2,035,267
1960	1,821,645	580,629	90,813	2,493,087
1961	1,444,269	429,373	75,429	1,949,071
1962	2,042,453	638,096	120,638	2,801,187
1963	2,140,734	298,556	99,373	2,538,663

24) Idem, p.139.

Nieteenstaande die groei wat die maatskappy gekenmerk het, het die totale bedrag wat van die Landbank geleen is, min of meer konstant gebly. Dit kan gesien word in die lig van die groei in die eie middele van die maatskappy waardeur dit in 'n groter mate finansieel selfvoorsienend geword het.

5.2.2 Die Handelsbank

Die raad van direkteure is by magte om 'n bankrekening op naam van die maatskappy te open waarin alle gelde so spoedig moontlik na ontvangs, gestort word. 'n Produkte-bankrekening kan ook geopen word waarin tjeks wat teen eersgenoemde rekening getrek is, gestort word ten einde voorskotte aan lede vir gelewerde produkte te maak. Genoemde rekeninge word by Volkskas Beperk gehou.

Aangesien die rentekoers wat deur die handelsbank gehef word heelwat hoër is as die rente wat aan die Landbank betaal word, volg die maatskappy die beleid om so min moontlik van lenings uit hierdie bron gebruik te maak. 'n Reëling is met Volkskas getref om die maatskappy gereeld op hoogte te hou van die stand van die maatskappy se rekening daar. Indien die rekening 'n oortrokke saldo toon, word dit dadelik deur ongebruikte Landbankwissels wat by die bank opgehoop is aangesuiwer. 'n Oortrokke saldo kom dus alleen in uitsonderlike gevalle in die balansstaat voor.

In noodgevalle kan korttermynlenings geredelik van die handelsbank verkry word aangesien die kredietwaardigheid van die maatskappy voldoende sekuriteit bied. Die huidige beleid om so min moontlik van lenings uit hierdie bron gebruik te maak, is egter heeltemal gesond en word aanbeveel.

5.2.3 Handelskrediteure

'n Addisionele metode van korttermynfinansiering is deur middel van kredietaankope. Dit is egter nie 'n baie doeltreffende

metode nie, aangesien hierdie krediet op baie kort termyn verskaf word. Krediet by private leweransiers kan op 'n redelike termyn verkry word, maar sentrale verskaffingskoöperasies word beperk ten opsigte van die termyn van kredietverlening aan plaaslike koöperasies.

5.3 Gevolgtrekkings

Die bydrae wat elke bron tot die totale kapitaal van die maatskappy lewer, word in die volgende tabel aangetoon. As hierdie syfers vergelyk word met inligting wat uit tabel 9 verkry is, dan blyk dit dat die posisie van die maatskappy gedurende die jongste finansiële jaar onder bespreking, baie goed vergelyk met die verhouding wat by die algemene groep "Algemene Produkte", waaronder die maatskappy ressorteer, aangetref word. Die finansiële struktuur kan dus as gesond beskou word. Slegs enkele groepe toon 'n beter verhouding tussen eie en vreemde middele.

Soos by die meeste landboukoöperasies die geval is, is die Landbank ook vir hierdie maatskappy die grootste bron van kapitaal. Daar word egter steeds minder kapitaal van hierdie bron getrek, hoofsaaklik omdat die finansiële posisie van die maatskappy sodanig verbeter het dat die eerste oes van die jaar in baie groot mate uit eie middele gedek kan word.

As die verskillende bydraes vanaf die 1955/56- tot en met die 1962/63-boekjaar in oënskou geneem word, vind ons die volgende verblydende verskynsels ten opsigte van die persentasie wat elke bron bygedra het.

Aandele het min of meer konstant gebly.

Ledeheffings het verdriedubbel.

Reserwes het met meer as 300% toegeneem.

Ledeleninge wissel baie. By kapitaalebgrTINGS kan daar dus nie baie op hierdie bron peil getrek word nie.

Landbanklenings het met 35% verminder.

Krediteure wissel uit die aard van die saak.

TABEL Nr. 14DIE PERSENTASIE WAT ELKE BRON TOT DIE TOTALEKAPITAAL BYGEDRA HET.

Boekjaar geëindig 31 Julie	Aandele	Ledehef- fingsfonds	Reserwes	Lede- lenings	Totaal: eie kapitaal	Landbank- lenings	Krediteure	Handels- bank	Totaal: vreemde middels
	%	%	%	%	%	%	%	%	%
1956	.22	6.83	6.99	.01	14.07	83.27	2.66	x	85.93
1957	.23	9.73	9.12	.02	19.10	78.17	3.57	x	80.90
1958	.25	12.87	12.45	.03	25.60	70.28	4.12	x	74.40
1959	.24	15.26	15.22	.08	30.80	65.50	3.70	x	69.20
1960	.21	14.62	15.91	.06	30.80	65.69	2.32	1.19	69.20
1961	.24	18.15	22.02	.01	40.42	56.72	2.86	x	59.58
1962	.19	15.18	19.14	1.16	35.67	59.52	3.89	.90	64.33
1963	.21	17.64	21.51	.38	39.74	54.94	3.99	1.33	60.26

T Totale Eie middele het met 144% gestyg en die bydrae tot die totale kapitaal van die maatskappy het met 30% toegenem.

Totale Vreemde middele het met 30% gedaal en die bydrae tot die totale kapitaal is met 5% verminder.

6. Kredietbeheer

Die beginsel wat in die verlede algemeen gegeld het, naamlik dat geen krediet aan lede toegestaan mag word nie (soos eerste deur die Rochdale Pioneers verkondig), het heeltemal in onbruik geraak. Veral in die geval van landboukoöperasies was hierdie beginsel heeltemal onprakties aangesien die boer se inkomste, ooreenkomstig sy produksie, met die seisoene saamhang. Die gebruik het dus by sulke koöperasies ontstaan om krediet aan 'n lid toe te staan in afwagting van sy oes. Die maatskappy hou dus 'n pandreg op produkte waarvoor die benodigdhede verskaf is.

Volgens artikel 96 van sy statuut mag die maatskappy krediet op boerderybenodigdhede aan hulle verskaf aan sy lede toestaan. In die geval van baaldraad en sakke mag krediet nie toegestaan word vir 'n langer tydperk as 6 maande en ten opsigte van ander produksiebenodigdhede, vir langer as 12 maande nie. Op hierdie benodigdhede word krediet outomaties toegestaan, maar in geval van handelsbenodigdhede (winkelkrediet) moet spesiale magtiging van hoofkantoor verkry word. Die maatskappy het pandreg op die lid se oes vir nuwe skuld en by ou skuld dien die lid se bydrae tot die heffingsfonds as sekuriteit, na gelang van die goedkeuring van die raad van direkteure. Rente op ou skuld word bereken teen 'n koers wat van tyd tot tyd deur die raad van direkteure bepaal word. Die bedrag waarvoor krediet aan 'n lid toegestaan kan word, word beperk tot R600 (soos vasgestel deur die raad van direkteure en wat gewysig kan word) en die helfte van die lid se belange in die heffingsfonds, en in uitsonderlike gevalle, die hele bedrag van die heffingsfonds. Landbou-implemente met 'n mak-

simum waarde van R1,500 word verskaf, onderworpe aan 'n behoorlike huurkoopkontrak en vir 'n tydperk van 18 tot 24 maande, in welke gevalle die bedrag van die heffingsfonds as eerste sekuriteit beskou word. Implemente soos trekkers, vragmotors en motors word ook voorsien, maar word deur 'n sekere kredietinstansie op 'n nie-verhandelbare basis gefinansier.

By die goedkeuring van 'n persoon se aansoek om lidmaatskap, bepaal die raad van direkteure of so 'n aansoeker toegelaat sal word as 'n lid met kredietvoorregte al dan nie. 'n Lid met kredietvoorregte is 'n bona fide-boer binne die Vaalhartsnederstelling wat grond besit; terwyl aan 'n lid sonder kredietvoorregte, gewoonlik grondhuurders, slegs krediet gelykstaande met sy bydrae tot die heffingsfonds toegestaan word.

Kragtens hierdie beleid van die maatskappy word krediet slegs toegestaan nadat die finansiële posisie van 'n lid noukeurig ondersoek en gesond bevind is. Daar word voldoende voorsiening vir slegte skulde gemaak alhoewel daar nie dikwels afskrywings voorkom nie. Afskrywings geskied op grond van inligting van die prokureurs in geval van insolvensie, waardeur lidmaatskap dan ook outomaties beëindig word. Die afskrywings van skulde is nie groot nie aangesien die maatskappy tot sy eie voldoening seker maak dat 'n lid wel kredietwaardig is alvorens krediet aan hom toegestaan word. Die beleid word ook gehandhaaf vir sover dit verseker dat kredietverlening aan 'n lid nie sulke afmetings aanneem dat dit die lid se ondergang kan meebring nie. As gevolg van hierdie beleid word heelwat besigheid prysgegee ten gunste van ander instansies wat verdiskontering op 'n verhaalbare basis doen en soms ongeoorloofde krediet toestaan, wat in talle gevalle daartoe bydra dat boere finansiël ten onder gaan. Om die Koöperasie te beskerm teen onkredietwaardige verkope, is dit egter nodig om sulke besigheid prys te gee.

7. Rekenkundige ontleding van die maatskappy

Die surplusse waarna koöperatiewe instansies strewe - in vergelyking met die winsstrewe van privaatondernemings - ontstaan deur die verskil tussen opbrengste en uitgawes. In teenstelling met die gewone beleid word hierdie surplusse nie onderlede van die maatskappy verdeel nie, maar oorgeplaas na die reserwes nadat voorsiening vir waardevermindering van die eiendom en berekening van rente teen 8% per jaar op die opbetaalde gedeelte van lede se aandelegemaak is.

Die volgende tabel toon die jaarlikse besparings beskikbaar vir verdeling voortvloeiende uit die eindresultate van die departementele Inkomste- en Uitgawerekeninge.

TABEL NR. 15

JAARLIKSE NETTO BESPARINGS BESKIKBAAR VIR VERDELING

Boekjaar geëindig 31 Julie	Departementele Produkte- afdeling	Netto Handels- afdeling	Surplusse/ Motorhawe	Tekorte Administra- tiewe afde- ling	Netto Bespa- rings e.a. Inkomste Be- skikbaar vir Verdeling
	R	R	R	R	R
1958	155,961	20,879		min 80,276	96,564
1959	197,389	30,120		" 95,001	132,846
1960	245,789	1,540		" 97,124	150,635
1961	251,900	22,550		" 91,149	183,350
1962	242,698	min 10,914	min 781	" 81,717	149,304
1963	181,957	" 10,916	2,434	" 71,130	230,445

Die addisionele inkomste wat in die Aanwendingsrekening beskikbaar is, word verkry uit winste op die verkoop van vaste bates en verbeurdverklaarde aandele.

Afsonderlike handelsrekeninge word vir die verskillende produkte en benodigdhede onder die Produkte- en Handelsafdelings opgestel. Elke individuele rekening word met alle direkte inkomste: verkope, kommissie, hanteringsvergoeding en ander toevallings aan die produktelerekeninge gedebiteer en dra alle direkte

kosse. Omdat die direkte administratiewe inkomste gering is, word die Administratiewe Afdeling deur die ander twee afdelings gedra vir sover dit die dekking van algemene administratiewe kosse betref. Daarom word elke produkte-rekening of -poel met 'n "kommissie op verkope" ter dekking van hierdie kosse gekrediteer. Dit is egter onmoontlik om juiste voorsiening te maak met die gevolg dat by die finale opstelling van die rekeninge, verdere voorsiening om die kosse te dek gemaak moet word. Dit geskied deur middel van beswaring van die departementele surplusse in die Saamgevatte Inkomste- en Uitgawerekening. Om redes soos in die vorige hoofstuk uiteengesit is, toon die Handelsafdeling oor die afgelope twee jaar ook 'n tekort en word die surplus van die Produkte-afdeling verder beswaar.

Tabel 16 toon hoe die jaarlikse netto besparings verdeel word om sekere voorsienings te maak en aan die vereistes van artikel 98 van die statuut waarna alreeds verwys is, te voldoen.

TABEL NR. 16/

TABEL Nr. 16

VERDELING VAN DIE SURPLUSSE

Boekjaar geëindig 31 Julie	Reserwes	Diwidend op opbe- taalde aandeel	Voorsiening vir bonus aan direkteure	Voorsiening vir bydrae tot koöpe- ratiewe opvoedings- fonds	Voorsiening vir inkomste- belasting	Diverse voorsienings	Totaal soos per tabel 15
1956	90.94	1.34	5.87	x	.20	1.71	100
1957	91.34	1.23	5.26	1.09	.36	.71	100
1958	95.72	.56	3.72	x	x	x	100
1959	94.16	.44	3.61	1.50	.04	.25	100
1960	93.47	.42	3.18	2.65	x	.28	100
1961	96.97	.36	2.61	x	.04	.02	100
1962	95.91	.47	2.68	.67	.27	x	100
1963	96.50	.33	2.15	.56	.46	x	100

Soos reeds vermeld, word rente op opbetaalde aandele en op bydraes tot die Ledeheffingsfonds aan lede uitbetaal, maar geen bonusse nie. As na die gegewens in die tabel gekyk word, is dit duidelik dat lede 'n uiters geringe gedeelte van die jaarlikse besparings ontvang. Daar word nie verwag dat lede die grootste gedeelte moet ontvang nie want voldoende voorsiening vir die voortsetting en uitbreiding van die maatskappy moet gemaak word, maar daar word gemeen dat die huidige verdeling uit surplusse veels te laag is. Selfs die voorsiening vir vergoeding aan direkteure is hoër as die uitbetaling aan lede.

Bykans 20 jaar na sy ontstaan word 96.5% van die verdeelbare surplusse vir die 1962/63-boekjaar aan die reserwes toegedeel. By 'n gebrek aan gegewens word hierdie posisie vergelyk met die posisie wat by mieliekoöperasies aangetref word. By gevestigde koöperasies was 5 tot 14 persent van die surplusse in 1954 na die reserwes oorgeplaas, terwyl by jonger koöperasies 30 tot 33 persent oorgeplaas is, en die neiging is blykbaar om hierdie persentasies te verminder.²⁵⁾ As hierdie gegewens vergelyk word met die gegewens vir hierdie maatskappy (naamlik 90.9% in 1956 en 96.5% in 1963) en daar in gedagte gehou word dat sterk reserwes alreeds opgebou is, kan met reg op die betaling van bonusse aan lede aanspraak gemaak word.

8. Samevatting

Die kapitaalbehoefte van die maatskappy word hoofsaaklik deur die aard van die onderneming, naamlik as bemarkingskoöperasie, bepaal. Die grootste gedeelte van die kapitaal word ter finansiering van hierdie funksie en alle aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan, aangewend. Dit is dus in groot mate bedryfskapitaal. Die behoefte aan vaste kapitaal is nie so groot nie aangesien die maatskappy hoofsaaklik van sinkskure gebruik maak om die oeste op te berg.

25) Idem, p.120.

Met die groei van die maatskappy as gevolg van 'n groter hoeveelheid produkte wat gehanteer word, het die behoefte aan kapitaal dus ook toegeneem en moes die totale kapitaal van die maatskappy dienooreenkomstig uitgebrei word. 'n Verblydende kenmerk van hierdie uitbreiding was dat dit hoofsaaklik uit eie middele geskied het. Die verhouding tussen eie en vreemde middele het dus verbeter sodat dit goed vergelyk met die algemene verhouding wat by soortgelyke koöperasies aangetref word. Die verhouding aan die einde van die 1962/63-boekjaar was 1:1.5 ten gunste van vreemde middele. Vir die 1960/61-jaar was die verhouding selfs nog beter, naamlik 1:1.4.

'n Aansienlike gedeelte van die maatskappy se bedryfskapitaal is in ledeskulde vasgelê. Die maatskappy is egter ten opsigte van hierdie skulde ten volle gedek sodat afskrywings vir slegte skulde selde voorkom. Rente word op agterstallige skulde bereken.

HOOFSTUK VIIDIE HUIDIGE POSISIE EN BETEKENIS VAN DIE
VAALHARTS-LANDBOUKOÖPERASIE1. Inleiding

Wanneer bepaalde omstandighede tot die onderneming van 'n bepaalde aktiwiteit gelei het, moet daar sekere gevolge, hetsy positief of negatief, van bepaalde betekenis wees. Die betekenis van 'n besigheidsonderneming hoef nie noodwendig slegs ekonomies te wees nie, want die ekonomiese resultaat van 'n onderneming kan ook sosiale waarde vir die deelnemers tot gevolg hê.

Alhoewel die ekonomiese aspek van koöperasies die vernaamste rede vir die bestaan daarvan is, is die nie-ekonomiese sy daarvan ook betekenisvol. Coetzee¹⁾ sien hierdie nie-ekonomiese aspekte soos volg:

(i) Die sosiale betekenis

Die ekonomiese voordeel wat die produsent deur middel van sy koöperasie geniet, beteken vir hom 'n groter mate van onafhanklikheid van ander ekonomiese skakels as voorheen. Hierdie onafhanklikheid is veral vir die kleinboer van besondere waarde. Die boer se deelname aan die sakelewe deur middel van sy koöperasie, het hom 'n groter mate van aansien besorg en het die groepsgevoel tussen boere versterk.

(ii) Die opvoedkundige betekenis

Die rol wat die koöperasie in die opvoeding van sy lede speel, geld nie alleen ten opsigte van die ekonomies-tegniese aspekte van hul bedrywe nie, maar ook in die breër verband. Uitbetalings volgens die kwaliteit van produkte en voorligting aan lede verhoog produktiwiteit. Deur deelname aan die aktiwiteite van die koöperasie, word die insig van lede in ekonomiese, juridiese en organisatoriese sake verdiep.

1) Coetzee, F.J.J., a.w.: pp.14-15.

(iii) Die ekonomies-politieke betekenis

Die koöperasie dien as middel waardeur boere hulle handhaaf teenoor die vorming van groot nasionale en internasionale kartelle en die inmenging van die staat op ekonomiese terrein - verskynsels wat in die huidige eeu ontwikkel het en wat die ekonomiese vryheid in groot mate beperk of die ekonomiese magsvorming verskuif het. Die koöperatiewe struktuur word versterk deur sentrale en federale koöperasies.

In hierdie hoofstuk word die huidige posisie van die maatskappy geskets en dan word verder gelet op die ekonomiese, sosiaal-ekonomiese, sosiale en opvoedkundige betekenis wat die maatskappy, nie alleen vir sy lede en omgewing inhou nie, maar ook vir die Suid-Afrikaanse landbou.

2. Die huidige posisie van die maatskappy

As gevolg van die groot behoefte waarin dit moes voorsien, het die maatskappy vinnig gegroei sodat dit vandag 'n baie sterk onderneming is. Die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking het by geleentheid van die ingebruikneming van die nuwe administratiewe gebou, die maatskappy beskryf as een van die land se model koöperasies.²⁾ Gevolglik is die maatskappy dus van betekenis, veral vir die omgewing waarin dit gevestig is.

Die maatskappy beskik tans oor ses takke wat elk 'n ontvangsdepot en 'n winkelafdeling huisves en wat oor die hele nedersettingsgebied verpsrei is. Hier word die grootste gedeelte van die oeste van die produsente in die gebied opgeneem. Slegs vrugte, wat deur die Langeberg-koöperasie ontvang word en melk deur die Reivilo-suiwelkoöperasie, word nie hanteer nie.

Gedurende die jongste boekjaar (1962/63) was die omset van die maatskappy soos volg:

2) Vaalharts Nuus as bylaag tot "Die Stellalander", 11 Junie 1964.

(i) Hantering van produkte

Grondbone (alle tipes)	32,539 ton
Koring	250,043 sakke
Lusern	29,039 ton
Wintergraan	87,613 sakke
Mielies	69,008 sakke
Sonneblom	106 sakke
Hawerhooi	991 ton
Ertehooi	28 ton

Die surplus op die Produkte-afdeling vir die jaar het R181,958 (vergelyk R242,698 vir 1961/62) beloop voordat algemene administratiewe koste daarteen gedebiteer is.

(ii) Verskaffing van boerderybenodigdhede

Boerderybenodigdhede	R560,993
Dieselolie	26,007
Kragparaffien	25,546
Petrol	18,264
Kunsmis	368,520
Lusernsaad	28,092
Aartappelmoere	<u>6,605</u>
Totaal:	R1,034,027

Die Handelsafdeling toon sedert die 1961/62-jaar 'n tekort, waarmee die Produkte-afdeling beswaar word, soos reeds bespreek.

(iii) Dienslewering

Werkswinkel	R152,000
-------------	----------

Boeredienste soos:

Tegniese advies.

Perseelbewerking.

Bespuiting van oeste.

Vervoer van graan.

Verhuur van sakke.

Droogmaak van graan.

Skoonmaak van grondbone en pitgraan.

(iv) Verwerking van produkte

Vermaling van lusern	6325 ton	R157,956
Kerf en pers van hooi	862 ton	R 17,596

Die finansiering van die maatskappy het soos volg geskied:³⁾

	<u>Landbank</u>	<u>Self</u>
	R	R
Vorrade handelsartikels	225,906	135,600
Saad, kunsmis en sakke	197,860	168,421
Brandstof e.a. boerdery- benodigdhede	81,005	54,105
Oeste	2,148,735	805,005
Ledeskuld	<u>19,692</u>	<u>291,533</u>
Totaal:	<u>2,665,198</u>	<u>1,454,664</u>

Kredietverskaffing

Saad, kunsmis en sakke	R969,704
Implemente e.a. boerdery- benodigdhede	<u>258,394</u>
	<u>R1,228,098</u>
Lenings teen heffing	R134,587

Fisiese bates

	R
Grond en verbeteringe teen boekwaarde	32,933
Geboue teen boekwaarde	452,671
Spoorsylyne teen boekwaarde	8,461
Toe- en uitrusting teen boekwaarde	<u>117,534</u>
Totale fisiese bates teen boekwaarde	611,599

3. Betekenis van die maatskappy

Na 'n breedvoerige ontleding van die maatskappy ontstaan die

3) Memorandum deur die Hoofbestuurder.

vraag of hy voldoen aan die verwagtinge wat by stigting gekoester is en of hy sy bestaan regverdig. Die vraag ontstaan ook of die Minister se woorde geregverdig was.

Uit die voorgaande statistiese ontleding sou sonder twyfel afgelei kon word dat die maatskappy die ideale van sy oprigters geensins teleurgestel het nie. Daarvan is die huidige sterk posisie afdoende bewys. Die ander vrae kan beantwoord word deur op die betekenis van die maatskappy te let.

3.1 Betekenis vir die landseksonomie

Afgesien van die relatiewe bydrae wat die maatskappy lewer deur die bemerking van landbouprodukte van een van Suid-Afrika se grootste besproeiingskemas, is hy van meer spesifieke betekenis ten opsigte van die hantering van grondbone. Sedert die maatskappy in 1953 met die selektering van grondbone begin het, het hy jaarliks 'n groot hoeveelheid van die produk vir die plaaslike eetmark en die uitvoermark verwerk. Aangesien daar aansienlike selekteringsfasiliteite beskikbaar is, word die produkte van ander agente ook hierheen oorgeplaas vir selektering namens die Oliesaadbeheerraad. Vir die vierde agtereenvolgende jaar het die maatskappy die grootste hoeveelheid grondbone namens die Beheerraad vir die plaaslike eetmark voorberei en ten opsigte van die 1962/63-oes het hy 'n bydrae van 55% tot die uitgesoekte grondbone vir uitvoerdoeleindes gelewer. As in gedagte gehou word dat twee plaaslike grondbone-koöperasies en enkele ander landboukoöperasies, wat onder andere ook grondbone hanteer, gesamentlik 45% lewer, is hierdie prestasie van die maatskappy en sy omgewing des te meer merkwaardig. Hierdie poging lewer nie alleen 'n geweldig bydrae tot die inkomste van die maatskappy nie, maar dra daardeur ook by tot die algemene ekonomiese belang van die land. Vir hierdie bydrae verdien die maatskappy spesiale lof.

Deurdat die maatskappy as 'n agent onder die Nasionale Bemerkingsraad optree, lewer hy ook 'n diens wat beskou kan word as

in die belange van die Suid-Afrikaanse landbou en ekonomie. Deur hierdie agentskap word die funksies van die beheerrade vergemaklik deurdat laasgenoemde van die versamelingsfunksie verlos word. Deur hierdie funksie aan verskeie agente toe te sê, word verseker dat die versameling van die land se landbou-opbrengs doeltreffend en op 'n regverdiger basis geskied. Die afsetfunksie word ook daardeur vergemaklik.

3.2 Betekenis vir sy lede en omgewing

Die betekenis van die maatskappy in hierdie opsig is nie alleen ekonomies van aard nie, maar ook sosiaal-ekonomies en opvoedkundig soos reeds vroeër verduidelik is. Alhoewel laasgenoemde twee aspekte 'n uitvloeisel van die ekonomiese sy is, verdien hulle tog afsonderlike bespreking.

3.2.1 Ekonomies

Die maatskappy, as verlengstuk van die lid se onderneming, verlos die lid van sekere van sy funksies, waardeur hy meer aandag aan die tegniese aspekte van produksie kan skenk. Omdat die boer oor gebrekkige kennis van ekonomiese sake beskik, strek dit tot sy voordeel wanneer sodanige funksies namens hom deur die koöperasie verrig word.

Die belangrikste van hierdie funksies is die afset van sy produk en die aankoop van benodigdhede. Bedinging tussen die boer en die private handel word dus uitgeskakel. Sy afset en aankope word dus by dieselfde onderneming gekonsentreer. Hierdeur het dit moontlik geword dat die boer sy benodigdhede kan bekom teen betaling na die oes. Deur hierdie relatief langtermynkrediet onderneem die koöperasie 'n derde belangrike funksie teenoor die lid, naamlik finansiering van die lid. Dit is veral van groot belang aangesien krediet vir die landbou moeilik bekombaar is.

'n Verdere belangrike taak wat die maatskappy vir sy lede

ondernem, is die lewering van spesifieke dienste, wat andersins groot kapitaalbeleggings deur die boer sou vereis. In die geval van funksies soos die droogmaak van graan, word die lid verlos van sekere risiko's wat aan natuursomstandighede te wyte is.

Deur hierdie ekonomiese funksies het die maatskappy baie bygedra tot die verbetering van die ekonomiese posisie van sy lede. Veral gesien in die lig van die oorskotproduksie waarmee die Suid-Afrikaanse landbou te doen het, is die maatskappy van groot betekenis vir sy lede. Daar kan geredeneer word dat genoemde funksies net sowel deur 'n ander tipe organisasie verrig kan word. 'n Koöperatiewe onderneming is egter van groter betekenis op grond van die koöperatiewe gees waardeur die produsent die uiteindelijke surplus terugontvang.

3.2.2 Sosiaal-ekonomies

Soos in 'n vorige paragraaf verduidelik, geniet die boer deur sy koöperasie 'n groter mate van onafhanklikheid van ander ekonomiese skakels, wat hom groter bedingingsmag besorg. Die lede van die maatskappy kan as kleinboere beskou word, en hierdie voordeel is veral vir diesulkes van betekenis.

As ons die posisie van die lede voor die stigting van die koöperasie met hulle huidige posisie vergelyk, is dit duidelik dat hulle 'n geweldige voordeel in hierdie opsig geniet. Deur gesamentlike optrede is groter bedingingsmag teenoor die teenparty verkry, sowel ten opsigte van die afset van produkte as die aankoop van benodigdhede. Direkte mededinging tussen die indiwiduele produsent en die private handel is uitgeskakel omdat die koöperasie gebruik word as gesamentlike bedingingsfaktor - 'n gesentraliseerde mag. Die koöperatiewe beweging dien dus as teenvoeter vir die rasionalisasiebeweging in die private handel.

3.2.3 Sosiaal

Die maatskappy kan ook as 'n bron van sosiale mag beskou word deurdat hy baie tot die vorming van 'n sosiale gemeenskap

binne die nedersetting bygedra het. Die nedersetters was gedemobiliseerde soldate en persone wat uit verskillende landsdele in hierdie gebied kom vestig het, dit wil sê mense van uiteenlopende belange en kulturele waardes. Die idee van samewerking, byvoorbeeld in die vorm van koöperasie, het dus moeilik posgevat. Daarby het dit in die begin ook dikwels gebeur dat van die boere spoedig na vestiging weer die gebied verlaat het. Om hierdie redes was dit dus moeilik om 'n sosiale gemeenskap te vorm. Die koöperasie het dus, as samesnoerende krag vir samewerking gedien omdat hy as 'n gemeenskaplike belange beskou is. Hierdie samewerking en eenheidsgevoel het weer gelei tot samewerking in ander opsigte wat tot die boere se onderlinge belange mag strek.

3.2.4 Opvoedkundig

Hierdie betekenis kan onderverdeel word in ekonomies-tegniese opvoeding en opvoeding in die meer algemene sin.

(i) Ekonomies-tegnies. Die maatskappy beywer hom vir die verbetering van lede se produksie waardeur 'n beter kwaliteit produk gelewer word - nie alleen tot voordeel van die lid nie, maar ook vir die maatskappy en in die landsbelang. So hou die maatskappy sy lede op die hoogte van nuwe en beter boerderymetodes, nuwe variëteite of variëteite waarvoor daar groter aanvraag op die mark is, ens.

(ii) Algemene opvoeding. Om 'n bydrae te lewer tot die opvoeding van die jeug en om die koöperatiewe en landbousaak te help bevorder, stel die maatskappy lenings beskikbaar aan studente wat in die Landbou of Koöperasiewese wil studeer. Die maatskappy dra ook jaarliks by tot die Koöperatiewe Opvoedingsfonds van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie.

4. Slot

Op grond van die voorgaande bespreking kan dus met die grootste vertroue gesê word dat die maatskappy sy bestaan en die

kapitaalbeleggings daarin, regverdig. Die doel van die stigting was om die posisie van die nedersetters te verbeter, en daarin is in so 'n mate geslaag dat die nedersetting ontwikkel het tot 'n vooraanstaande gemeenskap - op ekonomiese sowel as kulturele gebied.

Hierdie veelsydige betekenis van die maatskappy bewys dat 'n koöperatiewe onderneming nie slegs van ekonomiese belang is nie. Die ekonomiese belang daarvan geld nie alleen vir die lede nie, maar ook vir die landseksonomie as geheel. Hierdie ekonomiese, sosiaal-ekonomiese, sosiale en opvoedkundige betekenis van die koöperatiewe beweging het baie bygedra tot die uitbreiding en vestiging van die Afrikanersaak in die land. Daardeur kon die Afrikaner sy regmatige plek in die ekonomiese lewe inneem aangesien dit hom groter vertroue gegee het om ook ander terreine van die besigheidslewe, wat voorheen hoofsaaklik deur ander nasionaliteite beset was, te betree.

HOOFSTUK VIII

SAMEVATTING

In hoofstuk I is die doel van hierdie studie gestel, naamlik: om 'n krities-analitiese beskouing van die Vaalharts-landboukoöperasie as 'n koöperatiewe onderneming te gee en om na te gaan watter rol die maatskappy binne die nedersetting vervul.

Die volgende definisie van 'n landboukoöperasie is gebruik, naamlik: landboukoöperasies is 'n vrywillige vorm van samewerking tussen 'n groep primêre produsente ter bevordering van die ekonomiese belang van elke boer wat saamwerk. Dit is 'n instelling met 'n eie regspersoonlikheid kragtens paalde wetgewing opgerig, wat gebaseer is op die beginsel van demokratiese beheer deur al sy lede en in sy aktiwiteite gerig word deur die beginsel van dienslewering op 'n kostebasis aan elke lid, sodat enige besparing of voordeel wat daaruit voortvloei, die lede toekom wat gebruik maak van die dienste. Landboukoöperasie is 'n besigheidsvorm van boere vir boere sonder winsbejag vir sigself as instelling." Volgens die Wet op Koöperatiewe Verenigings, nr. 29 van 1939, is koöperasies beperk tot handel met lede, behalwe waar die koöperasie optree as agent onder een of ander beheerraad waarvolgens dit verplig is om beheerde landbouprodukte ook van nie-lede te hanteer. Sodanige nie-lede deel egter nie in enige voordele wat verkry word nie.

Wanneer die demokratiese beginsel op hierdie maatskappy van toepassing gemaak word, kry ons die resultaat soos in hoofstuk III uiteengesit, naamlik: Die huidige 1362 lede vorm eintlik die oppergesag by bepaling van die beleid ten opsigte van beheer en aktiwiteite van die maatskappy, maar aangesien so 'n groot groep individue nie die praktiese beoefening van die genoemde funksies kan behartig nie, word hierdie mag aan hul verteenwoordigers - die raad van direkteure - oorgedra. Hierdie raad moet egter aan lede verantwoording doen van wat die koöperasie elke boekjaar gedoen

en bereik het. Dit beteken dus dat lede die beleid van die maatskappy in breë trekke bepaal, wat deur die raad van direkteure in fyner besonderhede uitgewerk word. Die praktiese bestuur van die besigheid word opgedra aan die hoofbestuurder en sy personeel wat deur die raad aangestel word. Elke verantwoordelike amptenaar moet egter voldoende borg stel ter dekking van gebeurlikhede.

Ten einde die bestuursaspek te vergemaklik, is die organisasie in drie afdelings, gebaseer op arbeidsverdeling, ingedeel. Die volgende afdelings met hulle onderskeie funksies word aangegetref:

1. Die Rekeningkundige afdeling

Die funksies is: (i) die hou van lederekenings,
(ii) berekening van die waarde van gelewerde produkte;
(iii) administratiewe werk verbonde aan winkelverkope, en
(iv) aankoop van winkelbenodigdhede.

2. Die Handelsafdeling

Hierdie afdeling beheer die verskaffing van handelsbenodigdhede aan lede, en sluit onder meer die winkelafdeling en die berekening van die koste van hierdie benodigdhede in.

3. Die Produkte-afdeling

Onder hierdie afdeling ressorteer die ses graandepots, die verskaffing van produksiebenodigdhede en die verlening van spesifieke dienste.

Deur hierdie indeling het die maatskappy 'n baie groot mate van doeltreffendheid in sy organisasie bereik.

Met die diensmotief in gedagte, verrig die maatskappy verskeie ekonomiese funksies ten behoeve van sy lede waarvan die afset van lede se landbouprodukte die vernaamste is soos bespreek in hoofstuk IV. Met die oog op die ontvangs van die pro-

dukte is ses ontvangsdepots, wat oor die nedersetting versprei is, opgerig. Deeglike kontrole word oor die ontvangs en opberging van produkte uitgeoefen. Skure wat gedurende normale tye voldoende kapasiteit bied, is by elke depot beskikbaar. Aangesien beide somer- en wintergewasse verbou word, geniet die maatskappy die voordeel van gelykmatige bedryfsbesetting.

Die volgende produkte word gereeld gehanteer: lusern, grondbone, koring, wintergraan, mielies en verskillende soorte hooi. Die totale waarde van produkte wat gedurende die 1962/63-finansiële jaar gehanteer is, was ongeveer R40,000,000. Van jaar tot jaar word skommeling in totale hoeveelheid ondervind en dit is hoofsaaklik aan natuursomstandighede te wyte.

Aangesien die maatskappy as agent onder verskeie beheerrade optree, ondervind hy nie veel probleme ten opsigte van die afset van die meeste produkte nie. Besendings word hoofsaaklik op instruksies van die beheerrade uitgevoer.

'n Gedeelte van die produkte word be- en/of verwerk en die volgende prosesse word aangetref:

Sorteer van grondbone.

Vermaling van lusern.

Kerf en pers van hooi.

Die sortering van grondbone is 'n besondere prestasie deurdat die maatskappy die grootste leweransier van uitgesoekte grondbone vir die plaaslike en oorsese eetmarkte is. Finansiëel is dit vir die maatskappy 'n groot bate.

Naas genoemde aktiwiteite, verrig die maatskappy 'n tweede belangrike funksie, naamlik die verskaffing van boerderybenodigdhede en spesifieke dienste aan lede wat in hoofstuk V bespreek is. Dit is feitlik net so 'n belangrike aktiwiteit in die boerse strewe na onafhanklikheid van ander ekonomiese skakels, as die eersgenoemde funksie. Die benodigdhede word deur 'n winkel-sentrum gelewer wat by elke graandepot opgerig is. Die volgende

groepe benodigdhede word verskaf: saad, sakke, kunsmis, brandstof en boerderybenodigdhede. Hulle word teen kosprys plus 'n kommissie bereken om die pro rata-gedeelte van die administratiewe koste te dek verskaf.

Ten einde met die private handel te kan meeding, word hierdie kommissie so laag moontlik gehou. Dit skep egter die probleem dat die Handelsafdeling nie altyd winsgewend kan funksioneer nie. Om lede se getroue ondersteuning te behou, is dit vir die maatskappy egter noodsaaklik om met die private handel mee te ding. Hierdie verskynsel dat die Handelsafdeling deur die Produkte-afdeling gedra moet word, kom by meer landboukoöperasies voor. Moontlike redes daarvoor is soos volg:

- (i) Te lae winsmarges wat toegelaat word.
- (ii) Hoë administratiewe koste.
- (iii) Ondoeltreffende aankoopafdeling.
- (iv) Gebrek aan ondersteuning.

Eersgenoemde twee oorsake is egter onvermydelik, gesien in die lig van mededinging met die private handel ten opsigte van pryse en lone van personeel. Lede gee dikwels nie die nodige ondersteuning aan hulle koöperasie nie omdat meer waarde geheg word aan 'n onmiddellike korting op aankope as aan die bonus wat aan die einde van die jaar deur die koöperasie betaal word. Daar word egter gevind dat die jonger geslag boere meer bewus is van die doel en beginsels van koöperasies.

Wat die aankope deur die maatskappy betref, is die beleid om benodigdhede te koop waar hulle op die beste voorwaardes verkry kan word - hetsy van private handel of sentrale aankoopkoöperasies. Daar kan met veiligheid aanvaar word dat dit die algemene beleid is, maar dan ontstaan die vraag of aankopers altyd bewus is van die mees ekonomiese bron van verskaffing. Intensiewe studie is nodig om volkome op die hoogte van alle markte te wees.

Spesifieke dienste word gelewer waar 'n behoefte daar aan

bestaan - hetsy by lede of by die maatskappy. Op grond hiervan word die volgende dienste aan lede gelewes:

- (i) Bewerking van persele vir lede wat nie in staat is om dit self te doen nie.
- (ii) Droog van graan tot voordeel van beide die produsente en die maatskappy.
- (iii) Werwing van arbeiders.
- (iv) Versekering van lede se oeste en eiendom deurdat die maatskappy as versekeringsagent optree.
- (v) Werkswinkeldienste wat later oorgeneem is deur "Dienskoöperasie Beperk".
- (vi) Aandele wat in ander koöperasies gehou word ter aanvulling van die aktiwiteite en tot voordeel van lede.

Tot sy eie voordeel verrig die maatskappy die volgende dienste:

- (i) Sortering van grondbone soos reeds bespreek.
- (ii) Skoonmaak van graan.
- (iii) Skoon- en heelmaak van gebruikte sakke.

Spesiale aandag is in hoofstuk VI aan die finansiering en kredietbeheer van die maatskappy gewy. Die probleem van finansiering by koöperasies is geleë in die wanverhouding wat tussen "eie" en "vreemde" middele bestaan. Die meeste koöperasies ondervind die probleem dat lede te min tot die kapitaal in die vorm van aandelebeleggings bydra. Die praktyk van verpligte aandeelhouding is nie in alle gevalle wenslik nie. Om hierdie probleem op te los, is die stelsel van ledeheffingsfondse ontwikkel. Bydraes tot hierdie fonds berus op die mate waartoe elke lid van die koöperasie gebruik maak. Die toepassing van hierdie stelsel het die maatskappy se finansieringsprobleem aansienlik verlig deurdat 'n sterk ledeheffingsfonds opgebou is. Aansienlike reserwes is ook opgebou. Ten spyte daarvan word nog steeds tot groot mate van eksterne kapitaalbronne gebruik gemaak, naamlik

60.26% van die totale kapitaal vir die 1962/63-boekjaar, waarvan die grootste gedeelte van die Landbank in die vorm van oes-, handelsvoorraad- en vaste lenings verkry is. Desnieteenstaande vergelyk die verhouding tussen eie en vreemde middele van die maatskappy goed met die verhouding wat by soortgelyke koöperasies aangetref word.

Die Vaalharts-landboukoöperasie het ontstaan deurdat daar 'n behoefte by die produsente in die Vaalharts-besproeiingskema aan 'n georganiseerde afsetkanaal vir hulle produkte en 'n verskaffer van hul benodigdhede bestaan het. Beide funksies was voorheen onbevredigend deur die private handel verrig. Hierdie aspekte sal in die meeste gevalle as die ontstaangrond vir landboukoöperasies aangetref word.

Die ontstaan en groei van die maatskappy is in hoofstuk II bestudeer. Die doel van die stigting was dus om die ekonomiese posisie van die produsent te verbeter en in hoofstuk VII is nagegaan in watter mate daarin geslaag is. Die maatskappy het nie alleen geweldig baie beteken vir die verbetering van die ekonomiese posisie van sy lede nie, maar lewer ook 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse landbou en is verder ook van betekenis vir die gemeenskap waarin dit gevestig is. Die betekenis word in hoofstuk VII gesien as ekonomies, sosiaal-ekonomies, sosiaal en opvoedkundig van aard; wat dus 'n verdere verskil tussen die koöperatiewe beweging en die private handel aan die lig bring. In hierdie betekenis is die regverdiging vir belastingvrystelling wat koöperasies geniet, dan ook geleë, naamlik die diensmotief.

UITTREKSELS UIT DIE NOTULE VAN DIE STIGTINGSVERGADERING

Stigtingsvergadering gehou te Tadcaster op 13 Januarie 1944

Teenwoordig:

Dr. W.R. Thompson - Kontroleur van Nedersettings, Departement van Lande.

Mnr. J.W. Wasserman - Superintendent van die Vaalhartsnederstelling.

Mnr. A.S. Kayser - van die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

105 Bona fide-boere van die Vaalhartsnederstelling.

Verduidelikings gelewer deur Dr. Thompson.

Tot voorsitter verkies: Mnr. H.J. le Roux van Tadcaster.

Tot sekretaris verkies: Mnr. J.J. du Plessis.

Die uiteensetting van die doelstellings en besigheidsvoorsigte van die beoogde koöperasie wat ingevolge artikel 12(1) van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, vereis word, is voorgedra deur die voorsitter.

Besprekings:

"Voorlopig sal die koöperasie hom slegs tot die landboubedryf moet bepaal. Later kan oorgegaan word tot die stigting van 'n afsonderlike Koöperatiewe Handelshuis onder dieselfde direksie."

"Sekere van die boere het alreeds aan ander koöperasie behoort. Daar sou wel 'n moontlikheid vir sodanige lede wees om by die koöperasie aan te sluit, maar dit sou verwarring meebring."

Uit die notule blyk dat daarna oorgegaan is tot die stigting van die koöperasie: voorgestel deur mnr. Van Niekerk en geseondeer deur mnr. König. Honderd-en-een persone het die nodige aansoekvorms voltooi.

Die volgende persone is verkies tot lede van die eerste direksie:

Mnre. J.P. Basson	D.J.F. van Schalkwyk
R.U. Burger	A.C. de Klerk.

OPGESOMDE BALANSSTATE

<u>LASTE</u>							
soos op 31 Julie:	1945	1958	1959	1960	1961	1962	1963
Aandele kapitaal:							
Uitgereik	<u>7,813</u>	<u>53,314</u>	<u>55,310</u>	<u>58,492</u>	<u>60,776</u>	<u>63,770</u>	<u>69,184</u>
Opgeroep	<u>1,713</u>	<u>7,174</u>	<u>7,446</u>	<u>7,944</u>	<u>8,321</u>	<u>8,791</u>	<u>9,531</u>
Reserwes		357,803	472,550	603,781	756,670	899,866	994,048
Heffingsfonds		369,729	474,218	554,665	623,659	714,486	815,359
Land-en Landboubank		2,018,505	2,035,268	2,493,087	1,949,072	2,801,187	2,538,664
Bedryfslaste	8,891	137,737	141,486	170,637	137,048	327,274	311,262
	10,604	2,890,946	3,130,968	3,830,114	3,474,770	4,751,604	4,668,864

Bylae B (vervolg)

RATES

Soos op 31 Julie:	1945	1958	1959	1960	1961	1962	1963
Vaste eiendom teen K.P.		295,602	351,991	379,414	528,711	557,750	626,822
<u>min:</u> Opgelope waarde-							
vermindering		60,117	72,271	86,234	96,361	113,530	132,757
	1,262	235,485	279,720	293,180	432,350	446,220	494,065
Uitrusting teen K.P.	1,192	85,304	106,031	102,970	121,512		151,933
<u>min:</u> Voorsiening vir							
waardevermindering	60	13,830	19,219	17,190	21,900		34,399
	1,130	71,468	80,812	85,780	99,612	151,933	117,534
Aandelebeleggings	20	3,120	3,142	3,162	3,164	3,184	3,186
Diverse Debiteure		1,060,527	1,048,742	1,102,926	1,213,510	1,326,203	1,354,428
<u>min:</u> Voorsiening vir							
Slegte Skulde		60,000	90,000	110,000	130,000	160,000	175,000
	1,606	1,000,527	958,742	992,926	1,083,510	1,166,203	1,179,428
Voorraad voor hande		213,043	258,942	391,821	446,424	445,328	361,506
<u>min:</u> Voorsiening vir							
waardevermindering		30,000	40,000	50,000	75,000	75,000	75,000
	5,773	183,043	218,942	341,821	371,424	370,328	286,506
Kontant		119,037	186,934	127	5,231	183	271
Werk onder hande		1,270	182	931	1,332	x	3,366
Oeste onafgehandel		1,276,996	1,396,492	2,112,187	1,578,147	2,613,553	2,584,508
Wins- en Verlies-							
rekening	799						
	10,604	2,890,946	3,130,968	3,830,114	3,474,770	4,751,604	4,668,864

LYS VAN AANGEHAALDE WERKEa. Boeke

Brech, E.F.L., Aldrich, R.M. en andere: The Principles and Practice of Management. London. Longmans. 1953.

Coetzee, F.J.J.: Landboukoöperasies in Suid-Afrika met besondere verwysing na die Finansiering. Leiden. Drukkerij "Luctor et Emergo". 1957.

Crews, C.: Working Together. Kansas City. Consumers Co-operative Ass. 1951.

Dale, E.: The Great Organizers. New York. McGraw-Hill. 1960.

Fayol, H.: General and Industrial Management. London. Pitman. 1949.

Guthman, H.G., and Dougall, H.E.: Corporate Financial Policy. Engelwood Cliffs N.J. Prentice Hall Inc. 1956

Polak, N.J.: Enige Grondslagen voor de Financiering der Onderneming Haarlem. De Erven F. Bohn. 1946.

Schuman, C.G.W., e.a.: Ekonomie - 'n Inleidende Studie. Stellenbosch/Grahamstad. Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Beperk. 1957.

Steenekamp, F.J.L.: Landboukoöperasies in Suid-Afrika. 1900 tot 1960. Potchefstroom. 1963.

b. Artikels, Publikasies en ander.

Brosjure uitgegee deur die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie: Wat is Koöperasie? Pretoria. Staatsdrukker. 1961.

Kort- en Vakansiekursusse in Koöperasieleer - lesings gelewer tydens -

Meyer, A.S. : Bestuursprobleme van Koöperasies. (In Eerste Vakansiekursus) Universiteit van Stellenbosch. 1952.

Prinsloo, A.L.: Dienste wat deur Koöperatiewe Verenigings bewys word. (In Tweede Vakansiekursus) Potchefstroomse Universiteit. 1953.

Roos, A.J.J.: Die Beheer van Koöperasies. (In Sesde Kortkursus) Potchefstroomse Universiteit. 1959.

Rörich, A.J.V.: Die Bemakingswet en sy Inwerking op Landboukoöperasies. (In Sesde Kortkursus) Potchefstroomse Universiteit. 1959.

Statuut van die Vaalharts Landboukoöperasie.

Suid-Afrikaanse Landbou-unie: Tweejaarlikse Verslag vir die 8ste Koöperatiewe Kongres. Pretoria. 1960.

Vaalharts Landboukoöperasie: Direkteursverslae vir die jare 1957/58 tot 1962/63.

Memorandum deur die Hoofbestuurder vir Voorlegging aan die Spesiale Komitee met betrekking tot die Kommissie van Onderzoek oor Koöperasies. 1964.

Vaalharts Nuus: (As Bylae tot Die Stellalander. 11 Junie 1964
Wet op Koöperatiewe Verenigings Nr. 29/1939.